UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Die aard van pleegvaders se betrokkenheid by pleegkinders: ‘n Verkennende studie binne Child Welfare Tshwane

deur

ERIKA  CHRISTINE KIRSTEN

‘n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van
die vereistes vir die graad

MMW in Spelterapie

In die

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK EN KRIMINOLOGIE

Van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

STUDIELEIER: Dr M.P. LE ROUX

APRIL 2013

© University of Pretoria

# DANKBETUIGINGS

Met opregte waardering en dank aan die volgende persone wat elk ŉ besondere rol gespeel het in die afhandeling van die verhandeling:

- My studieleier, Dr. Liana le Roux vir uiters bekwame leiding, ondersteuning en deurlopende motivering. Dankie vir die rolmodel wat jy vir my is, en die hoë gehalte werk wat jy verrig.
- Die maatskaplike werkers en hulpwerkers wat te midde van ŉ uiters vol program en hoë pleegsorgladings bereid was om met die steekproef en verspreiding van die vraelyste te help.
- *Child Welfare Tshwane* wat bereid was dat ek hulle pleegvaders kon benut as respondente in my studie.
- My departementshoof, Prof. A. Lombard en kollegas by die Departement Maatskaplike Werk en Kriminologie aan die Universiteit van Pretoria, vir volgehoue ondersteuning en aanmoediging.
- My eggenoot en kinders vir liefde, begrip, opofferings en die ruimte wat julle aan my bied.



© University of Pretoria

# Samevatting

## Die aard van pleegvaders se betrokkenheid by pleegkinders: 'n Verkennende studie binne Child Welfare Tshwane

**NAVORSER:** Erika Christine Kirsten
**STUDIELEIER:** Dr. M.P. Le Roux
**GRAAD:** MMW in Spelterapie
**INSTITUUT:** Universiteit van Pretoria

---

Die doel van die studie was om die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders te verken binne Child Welfare Tshwane. Om hierdie doel te bereik is ŉ kwantitatiewe benadering gevolg om op ŉ objektiewe wyse die aard van dié betrokkenheid te bepaal.

Die studie is volgens ŉ nie-eksperimentele navorsingsontwerp uitgevoer, synde die korrelasie-ontwerp wat die konsep vaderlike betrokkenheid eenmalig gemeet en korrelasies tussen veranderlikes ondersoek het. Data is ingesamel oor drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid, naamlike interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid. Data is deur middel van 'n self-geadministreerde vraelys ingesamel.

Die bevindinge van die studie het getoon pleegvaders oor die algemeen hoë vlakke van betrokkenheid by hul pleegkinders getoon het ten opsigte van al drie die konstrukte. Die pleegvaders het beide 'n instrumentele rol, byvoorbeeld voorsiening in die kinders se basiese behoeftes, en 'n ekpressiewe rol, byvoorbeeld emosionele steun en aanmoeding van die pleegkinders, vertolk. Temas wat in hul eie beskrywing van hul rol as pleegvaders na vore gekom het, was diè van emosionele ondersteuning, sosialisering van die pleegkinders, die bied van ekonomiese sekuriteit en interaksie met die pleegkind en dat hul dus 'n aktiewe byrae tot die uitvoering van die gesinsfunksies gelewer het. Hoewel die meerderheid van die pleegvaders bejaard was en bedags tuis teenwoordig was, het dit nie betekenisvol verskil van die betrokkenheid van pleegvaders wat voltyds gewerk het nie.



© University of Pretoria

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat maatskaplikewerkdienste ook die pleegvader behoort in te sluit en daarop fokus om pleegvaders te motiveer om betrokke te wees by die versorging van pleegkinders. Pleegvaders kan ‘n belangrike bydrae lewer tot die stabliteit van pleegplasings en tot die algehele welsyn van die pleegkinders.



© University of Pretoria

# Abstract


## The nature of foster fathers' involvement with foster children: An exploratory study in Child Welfare Tshwane



**RESEARCHER:** Erika Christine Kirsten
**STUDYLEADER:** Dr. M.P. Le Roux
**DEGREE:** MSW in Play Therapy
**INSTITUTION:** University of Pretoria


---


The purpose of the study was to explore the nature of the involvement of foster fathers with foster children within Child Welfare Tshwane. In order to achieve this goal, a quantitative research approach was adopted to determine the nature of this involvement.

The study was conducted according to a non-experimental research design, specifically the correlation design that measured the three constructs of father involvement once and explored correlations with other variables. Data was collected on the three constructs of father involvement, namely interaction, availability and responsibility. Data was collected by means of self-administered questionnaires.

The findings of the study indicated that foster fathers generally showed high levels of involvement with their foster children with regards to all three the constructs. The foster fathers fulfilled both an instrumental role, for example providing in the basic needs of the children, and an expressive role, for example emotional support and encouragement of the foster children. In their own descriptions of their roles as foster fathers, themes related to emotional support, socialisation of the foster children, providing economic security and interaction with the foster child, were prominent. This indicates their active involvement in the family functions. Although the majority of the foster fathers in this study were older and were at home during the day, their involvement with the foster children did not show much difference from that of foster fathers who were employed.




© University of Pretoria

It was concluded that social work services should also include foster fathers and that these services should be directed to motivation foster fathers to become more involved with the foster children. Foster fathers can make a significant contribution to the stability of the foster care placement and the overall well-being of the foster child.



© University of Pretoria

## SLEUTEL TERME VAN ONDERWERP (AFRIKAANS EN ENGELS)

| | |
|---|---|
| Pleegsorg | Foster care |
| Pleegvader | Foster father |
| Gesinsvorm | Family structures |
| Pleegkind | Foster child |
| Vaderlike betrokkenheid | Paternal involvement |
| Strukturele funksionalisme | Structural functionalism |
| Gesinsfunksies | Family functions |
| Gesinsrolle | Family roles |
| Pleeggesin | Foster family |



© University of Pretoria

# INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**

**HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE**

1.1 INLEIDING 1

1.2 PROBLEEMFORMULERING 4

1.3 DOEL EN DOELWITTE 5

1.4 NAVORSINGSVRAAG 6

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE 6

1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 8

1.6.1 Betrokkenheid 8
1.6.2 Pleegkind 8
1.6.3 Pleegvader 9

1.7 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK 9

1.8 SAMESTELLING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 10

**HOOFSTUK 2: DIE GESIN VANUIT DIE STRUKTURELE FUNKSIONALISTIESE BENADERING**

2.1 INLEIDING 11

2.2 GESINSVORME 11

2.3 STRUKTURELE FUNKSIONALISTIESE BENADERING 14

2.3.1 Institusionele verbindings 15
2.3.2 Gesinsfunksies 17
2.3.2.1 Regulering van seksuele gedrag 18
2.3.2.2 Fasilitering van die proses van voortplanting 18
2.3.2.3 Sosialisering van kinders 19
2.3.2.4 Ekonomiese sekuriteit 19
2.3.2.5 Emosionele ondersteuning 20
2.3.2.6 Sosiale status 21
2.3.3 Gesinsrolle 22



© University of Pretoria

2.4 GESINSUITDAGINGS IN SUID-AFRIKA 25

2.4.1 Veiligheid van gesinslede 26
2.4.2 Veranderde gesinswaardes 27
2.4.3 Ekonomiese uitdagings 27
2.4.4 Verswakte gesondheid 28
2.4.5 Impak op die gesin 29

2.5 OUERLIKE FUNKSIES 29

2.6 VADERLIKE BETROKKENHEID 33

2.6.1 Verantwoordelikheid 35
2.6.2 Interaksie 36
2.6.3 Beskikbaarheid 37

2.7 SAMEVATTING 38

**HOOFSTUK 3: PLEEGSORG AS GESINSVORM**

3.1 INLEIDING 40

3.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP PLEEGSORG 40

3.3 DOEL VAN PLEEGSORG 41

3.4 VORME VAN PLEEGSORG 42

3.4.1 Tradisionele sorg 42
3.4.2 Informele sorg 43
3.4.3 Formele pleegsorg 43
3.4.3.1 Korttermynpleegsorg 44
3.4.3.2 Langtermynpleegsorg 44
3.4.3.3 Permanente pleegsorg 45
3.4.3.4 Verwante pleegsorg 46
3.4.3.5 Nie-verwante pleegsorg 46

3.5 MOTIEWE VIR PLEEGSORG 47

3.6 TAKE VAN PLEEGOUERS 48

3.7 PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA 50

3.7.1 Die pleegkind in die gesin 54
3.7.2 Dienslewering aan die pleeggesin 55
3.7.3 Die belangrikheid van die gesinslewe in die pleeggesin 59



© University of Pretoria

3.8 PLEEGVADERS AS OUERS 59

3.9 SAMEVATTING 61

**HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBEVINDINGE**

4.1 INLEIDING 63

4.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE 64

4.2.1 Navorsingsbenadering 65
4.2.2 Soort navorsing 65
4.2.3 Navorsingsontwerp 66
4.2.4 Navorsingsmetode 67
4.2.4.1 Populasie en steekproef 67
4.2.4.2 Data insamelingsmetode 69
4.2.5 Data-analise 74

4.3 ETIESE ASPEKTE 74

4.3.1 Beskerming van respondente teen emosionele of fisiese skade 74
4.3.2 Ingeligte toestemming 75
4.3.3 Beskerming van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid 75
4.3.4 Bevoegdheid van die navorser 76
4.3.5 Beskikbaar van resultate in 'n navorsingsverslag 76
4.3.6 Ontlonting 76

4.4 NAVORSINGSBEVINDINGE 77

4.4.1 Biografiese besonderhede 77
4.4.1.1 Woongebied 78
4.4.1.2 Ras en geslag 79
4.4.1.3 Ouderdomverspreiding 80
4.4.1.4 Werkstatus van die pleegvader en pleegmoeder 80
4.4.1.5 Getal pleegkinders in die gesin 81
4.4.1.6 Ouderdom van die pleegkinders 82
4.4.1.7 Tydperk van pleegsorg 83
4.4.1.8 Die respondente se verwantskap met sy pleegkind 84
4.4.2 Pleegvaderlike betrokkenheid 85
4.4.2.1 Die pleegvader se interaksie met sy pleegkind 90
4.4.2.2 Die pleegvader se beskikbaarheid vir die pleegkind 92
4.4.2.3 Die pleegvader se verantwoordelikheid teenoor sy pleegkind 95
4.4.3 Korrelasie tussen veranderlikes 98



© University of Pretoria

4.4.4 Die beskrywing van die betrokkenheid van die pleegvader in die lewe van die pleegkind 101

4.5 SAMEVATTING 106

**HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS**

5.1 INLEIDING 107

5.2 BEREIKING VAN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING 108

5.3 NAVORSINGSMETODIEK 109

5.4 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS 110

5.4.1 Hoofstuk 2: Die gesin vanuit die struktureel-funksionalistiese benadering 110
5.4.2 Hoofstuk 3: Pleegsorg as gesinsvorm 112
5.4.3 Hoofstuk 4: Navorsingsbevindinge 113

5.5 SLOTOPMERKINGS 116

**BRONNELYS** 117

**BYLAES**

BYLAAG A: Toestemmingsbrief vanaf Child Welfare Tshwane

BYLAAG B: Ingeligte toestemming (Afrikaans en Engels)

BYLAAG C: Vraelys (Afrikaans en Engels)

BYLAAG D: Etiese klaring



© University of Pretoria

## LYS VAN FIGURE

Figuur 4.1: Respondente se woongebied 78

Figuur 4.2: Die respondente se ras 79

Figuur 4.3: Ouderdomsverspreiding van respondente 80

Figuur 4.4: Getal pleegkinders in die respondente pleeggesin 81

Figuur 4.5: Die ouderdomsgroepe van die pleegkinders 82

Figuur 4.6: Die getal jare wat die respondente reeds 'n pleegvader is 83

Figuur 4.7: Verwantskap van respondent met pleegkind 84

Figuur4. 8: Gemiddelde betrokkenheid gemeet aan al 27 stellings 88

Figuur 4.9: Die interaksie tussen die pleegvader en die pleegkind 91

Figuur 4.10: Die pleegvader se beskikbaarheid vir sy pleegkind 95

Figuur 4.11: Die pleegvader se verantwoordelikheid teenoor sy pleegkind 97

## LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1: Getal paterne weeskinders teenoor materne weeskinders (2009) 51

Tabel 3.2: Persentasie kinders wie se vaders leef, maar afwesig is (2009) 51

Tabel 3.3: Kinders wat by hulle biologiese ouers woon volgens ras (2007) 52

Tabel 3.4: Pleegsorgsyfers in Suid-Afrika 53

Tabel 3.5: Geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika (2012) 56

Tabel 4.1: Werkstatus van pleegvaders en pleegmoeders 80

Tabel 4.2: Skaal vir stellings oor pleegvaderbetrokkenheid 85

Tabel 4.3: Opsommings van stellings oor pleegvaderbetrokkenheid 86

Tabel 4.4: Die interaksie van die pleegvader met sy pleegkinders 90

Tabel 4.5: Beskikbaarheid van die pleegvader vir sy pleegkinders 93

Tabel 4.6: Die verantwoordelikheid van die pleegvader teenoor sy pleegkinders 96

Tabel 4.7: Korrelasie analise met die veranderlike pleegvaderbetrokkenheid 99

Tabel 5.1: Bereiking van die navorsingsdoelwitte 108



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Binne die Suid-Afrikaanse maatskaplikewerk-dienstesisteem word die meerderheid kinders wat in alternatiewe sorg geplaas word, in langtermynpleegsorg geplaas (South African Society for Prevention of Child Abuse and Neglect, 2003:2). Langtermynpleegsorg word in die praktyk beskou as ŉ tydperk tussen een en 20 jaar, aangesien die periode ook voorsiening maak dat die pleegkind formele skoolopleiding voltooi (Daly, 2011). Pleegsorgplasings word genoodsaak deur verskeie risikofaktore soos geweld, armoede, werkloosheid, wanvoeding, seksuele misbruik, ouers wat hul kinders verlaat, of verdwyn, kinders wat wees gelaat word, kinders wat blootgestel word aan verskeie negatiewe maatskaplike omstandighede soos alkohol- en dwelmmisbruik, of wat op straat probeer oorleef en vasgevang word in kinderprostitusie of kriminele aktiwiteite (South African Society for Prevention of Child Abuse and Neglect, 2003:2).

Pleegsorgplasings geskied wetlik volgens die Children's Act 38 of 2005 (vervolgens na verwys as die Kinderwet). Die Kinderwet (Artikel 150) bepaal die omstandighede waarvolgens bevind kan word dat ŉ kind versorging benodig ("a child in need of care"). Indien ŉ kind vervolgens in pleegsorg geplaas word, bepaal die Kinderwet (Artikel 180) dat die ouerlike regte en verpligtinge van die biologiese ouers aan die pleegouers oorgedra word. Die pleegouers neem die rol van die biologiese ouers oor en moet die ouerlike rolle en funksies verrig.

Voornemende pleegouers doen formeel by maatskaplikediensorganisasies soos Child Welfare Tshwane, aansoek om kinders in pleegsorg te neem. Hierdie ouers ondergaan dan ŉ keurings- en passingsproses, soos bepaal deur die beleid en programme van die verskillende maatskaplikediensorganisasies, voordat kinders deur die Kinderhof in hul pleegsorg geplaas word (Daly, 2011). Op 29 Februarie



© University of Pretoria

2012 was daar 524 378 pleegkinders in Suid-Afrika (SASSA Fact Sheet, No. 2, 2012).

Pleegsorg word beskou as die beste vorm van alternatiewe versorging vir kinders naas hulle ouerhuis aangesien dit binne 'n gesinsopset geskied (Böning, 2009:1; Riggs, Delfabbro & Augoustinos, 2010:24). Kinders wat in pleegsorg geplaas word, is egter dikwels getraumatiseerd en benodig addisionele hulp en bystand (Marcellus, 2010:9; Riggs et al., 2010:23). Die Kinderwet maak hiervoor voorsiening deur te bepaal dat maatskaplikediensorganisasies hulpdienste aan die pleeggesin lewer. Daar is bevind dat dienste egter hoofsaaklik op die pleegmoeder, wat as die hoofversorger beskou word, fokus (Nutt, 2006:110; Wilson, Fyson & Newstone, 2007:22). Wilson et al. (2007:22) verwys na die pleegvaders as die "largely unstudied and silent participants in foster care". Die pleegvader se rol en verantwoordelikheid in die pleegsorggesin word dus dikwels oor die hoof gesien en in die praktyk bestaan daar 'n leemte in dienslewering wat op die pleegvader fokus (Daly, 2011; Wilson et al., 2007:22).

By Child Welfare Tshwane was daar op 1 September 2011 'n totaal van 1258 geregistreerde pleegouers, waarvan 110 (8.7% van pleegouers) pleegvaders was (Daly, 2011). Op daardie stadium was die grootste hoeveelheid pleegouers by Child Welfare Tshwane vroulik (1148 pleegmoeders). Hierdie statistiek is in ooreenstemming met die nasionale tendens dat die meeste kinders by hul moeder as enkelouer grootword (Fast Facts for Local Government, 2009:9-10). Voorts het maatskaplikewerkdienste aan pleeggesinne by Child Welfare Tshwane hoofsaaklik op die pleegmoeder gefokus, terwyl pleegvaders nie direk by spesifieke dienste betrek is nie. Dit toon ooreenstemming met navorsing wat bevind dat die meerderheid van bestaande intervensieprogramme vir pleegouers op die moeder-kindverhouding fokus (Fagan & Iglesias, 1999:244; Riggs et al., 2010:25; Wilson et al., 2007:22).

Die United Nations General Assembly het in Resolusie 47/237 van 20 September 1993, 15 Mei as Internasionale Gesinsdag verklaar. Die tema van Internasionale Gesinsdag 2008 was: “Fathers and Families: Responsibilities and Challenges”. Hierdie tema beklemtoon die belangrikheid van die betrokkenheid van die vader in



© University of Pretoria

die lewe van 'n kind, en dus die verandering in perspektief van dienslewering aan vaders (Olson, 2008:1).

Verskillende navorsers het die afgelope drie dekades gepoog om die aard van vaderlike betrokkenheid te definieer en te omskryf (Gorvine, 2010:92). Die algemeenste aanvaarde en gebruikte omskrywing van vaderlike betrokkenheid word voorsien deur Lamb (1987) soos beskryf deur Gorvine (2010:92), synde ŉ drie-konstruk model. Dié model omskryf vaderlike betrokkenheid ten opsigte van die konstrukte van interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid. Interaksie ("engagement") verwys na die vader se direkte kontak met die kind, soos fisiese versorging en gedeelde aktiwiteite. Beskikbaarheid ("accessibility") verwys na die potensiële tyd wat die vader aan interaksie met die kind(ers) afstaan, asook na sy fisiese teenwoordigheid. Verantwoordelikheid ("responsibility") verwys na die rol wat die vader vertolk in die neem van besluite ten opsigte van die versorging van die kind, asook die voorsiening van hulpbronne vir die kind (Gorvine, 2010:92; Hernandez & Coley, 2007:74; Saracho & Spodek, 2008:827). Hernandez en Coley (2007:74) noem dat gedeelde ouerskap ("coparenting") oorkoepelend by al drie konstrukte ingevoeg moet word, waar gedeelde ouerskap beskou word as "… fathers' parenting efforts that support and coordinate with mothers' efforts." Gedeelde ouerskap verwys dus na die gedeelde verantwoordelikhede van ouerskap wat tussen ŉ moeder en ŉ vader bestaan.

Die belangrikheid van betrokkenheid van die vader in die lewe van 'n kind word deur verskeie ander studies beklemtoon. So is byvoorbeeld bevind dat vaderlike betrokkenheid tieners se akademiese vordering verbeter, asook gedragsprobleme verminder (Chen & Gregory, 2010:53; Gancy & Van Dulmen, 2010:104). Ook is bevind dat vaderlike betrokkenheid die kind se omstandighede in die algemeen verbeter en ŉ direkte rol by ŉ afname in anti-sosiale gedrag speel (Pleck, 2007:196; Williams & Kelly, 2005:172). Spesifiek binne die konteks van pleegsorg bevind Nutt (2006:110), Riggs et al. (2010:33) en Wilson et al. (2007:22) dat pleegvaders ŉ belangrike rol in die lewens van pleegkinders speel en ŉ positiewe invloed op pleegkinders kan hê.



© University of Pretoria

Uit die bogenoemde gegewens is dit dus duidelik dat vaderlike betrokkenheid die kwaliteit van die kind se lewe kan bevorder, spesifiek ook die kwaliteit van die lewe van die pleegkind binne die pleegsorgsituasie. Hierdie studie is binne die raamwerk van die strukturele-funksionalistiese benadering, ook genoem die funksionalistiese perspektief, gedoen weens die fokus op die funksie en rolle van die pleegvader binne die pleeggesin. Die funksionalistiese benadering leen hom daaraan toe om die pleeggesin te bestudeer deur te kyk na die gesin en hoe die gesin maatskaplike stabiliteit handhaaf (Benokraitis, 2011:33).

Hierdie studie is binne Child Welfare Tshwane gedoen. Child Welfare Tshwane is een van die grootste nie-regeringsorganisasies in Suid-Afrika wat dienste aan pleeggesinne lewer. Die aard van geregistreerde pleegvaders van Child Welfare Tshwane se betrokkenheid by hulle pleegkinders is verken. Die kennis kan benut word as grondslag vir die oorweging van dienslewering aan pleegvaders.

## 1.2 PROBLEEMFORMULERING

Sedert die 1960's is daar besef dat die vaderrol in die gesin verander en navorsers het toenemend gepoog om die gaping in kennis aan te vul met navorsing oor vaderlike betrokkenheid en die rolle wat vaders ten opsigte van hul kinders vertolk (Brown, McBride, Shin & Bost, 2007:198). Verskeie studies het gefokus op vaderlike betrokkenheid en die positiewe invloed wat dit op die kind het (Brown et al., 2007:202; Pleck, 2007:196; Williams & Kelly, 2005:172). Indien daar ondersoek ingestel word na die omvangryke navorsing wat gedoen is ten opsigte van die rol van die moeder in vergelyking met dié ten opsigte van die rol van die vader, bestaan daar 'n leemte in navorsing wat fokus op die rol van die vader (Hernandez & Coley, 2007:69; Phares, Fields, Kamboukos & Lopez, 2005:735; Saracho & Spodek, 2008:821). Phares et al. (2005:735) het byvoorbeeld gevind dat, uit 514 studies wat oor ouerskap gehandel het, het slegs 11 studies eksklusief op die vader gefokus.

Studies in Suid-Afrika wat spesifiek oor pleegsorg onderneem is (Böning, 2009; Fourie, 2007; Van der Riet, 2009) fokus nie op die pleegvader-pleegkind verhouding nie en spesifieke kennis oor hierdie verhouding is beperk. Beperkte kennis is dus beskikbaar oor die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders en in die praktyk



© University of Pretoria

blyk dit nie ŉ prioriteit te wees in maatskaplikediensorganisasies se dienslewering aan pleeggesinne nie (Daly, 2011; Nutt, 2006:110; Wilson et al., 2007:22).

Maatskaplikediensorganisasies is wetlik verplig om dienste aan pleeggesinne te lewer. In die praktyk word daar hoofsaaklik aan pleegkinders en pleegmoeders dienste gelewer en hierdie tendens word ook deur die literatuur bevestig (Daly, 2011; Wilson et al., 2007:22). Ten spyte van die erkenning van die belangrike rol wat die pleegvader in ŉ pleegkind se lewe kan speel, is daar ŉ leemte in kennis oor die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders (Wilson et al., 2007:22). Gorvine (2010:91) bepleit dat navorsing noodsaaklik is ten opsigte van pleegvaders synde "… men other than the biological father who are exerting a significant influence on children's development." Wilson et al. (2007:31) ondersteun hierdie gedagte dat "… in thinking about how we can develop services to become more attuned to addressing the diverse range of foster children's needs, we need to refine our ideas about the role of foster fathers".

In die praktyk by Child Welfare Tshwane, waar hierdie studie uitgevoer is, is soortgelyke tendense ervaar (Daly, 2011). Dienste kan slegs beplan word indien daar inligting oor die huidige toedrag van sake ten opsigte van pleegvaderbetrokkenheid by pleegkinders beskikbaar is. In hierdie studie is die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders in pleegsorggesinne wat by Child Welfare Tshwane geregistreer is, verken.

## 1.3 DOEL EN DOELWITTE

Die doel van die studie was om die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders te verken binne Child Welfare Tshwane.

Doelwitte wat hieraan gekoppel is, was:

- Om die vaderlike rol en vaderlike betrokkenheid binne die pleegsorgkonteks te omskryf
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van hul direkte interaksie en kontak met die pleegkind(ers)



© University of Pretoria

- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die beskikbaarheid van hul tyd en fisiese teenwoordigheid by die pleegkind(ers)
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van besluite en lewensmiddels vir die pleegkind(ers)
- Om uit die resultate van die studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak oor moontlike intervensieprogramme aan pleegvaders binne Child Welfare Tshwane.

## 1.4 NAVORSINGSVRAAG

Hierdie studie was ŉ verkennende studie na die vaderlike betrokkenheid van pleegvaders wat dienste van Child Welfare Tshwane ontvang aangesien daar te min inligting bestaan om voorlopige aannames of insigte hieroor te vorm. Om hierdie redes is die studie deur ŉ navorsingsvraag gerig (Fouché & De Vos, 2011:95; Struwig & Stead, 2001:36; Welman, Kruger & Mitchell, 2005:12). Die navorsingsvraag is soos volg:

Wat is die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane?

## 1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

In hierdie hoofstuk word die navorsingsmetodologie net kortliks omskryf. Dit word meer volledig in hoofstuk 4 van hierdie navorsingsverslag bespreek.

Hierdie studie het ŉ kwantitatiewe benadering gevolg om die aard van betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders in Child Welfare Tshwane te verken. Dit is gebaseer op ŉ positivistiese benadering, waar die werklikheid objektief met die benutting van kwantitatiewe prosedures waargeneem is, sonder enige interpretasies deur die navorser (Babbie & Mouton, 2001:22-29; Creswell, 2003:4-9; Fouché & Delport, 2011:64; Welman et al., 2005:6). Die navorser het ŉ nie-eksperimentele



© University of Pretoria

kwantitatiewe navorsingsontwerp, naamlik die korrelasie-ontwerp, benut. Dit behels dat verskillende veranderlikes van die navorsingsonderwerp, asook die onderlinge verhouding teenoor mekaar, ondersoek is (Welman et al., 2005:94).

Die populasie vir die studie was alle pleegvaders binne pleegsorggesinne wat deur Child Welfare Tshwane met statutêre toesigdienste bedien is. Op 1 September 2011 het die populasie vir die studie uit 110 pleegvaders bestaan (Daly, 2011). Die volgende kriteria is vir die seleksie van die respondente gestel:

- Pleegvaders wat Afrikaans of Engels magtig is
- Pleegvaders wat oor ŉ geletterdheidsvlak beskik om 'n vraelys te kan voltooi
- Pleegvaders wat geregistreerde kliënte van Child Welfare Tshwane is
- Pleegvaders wat deel is van ŉ pleeggesin waarin beide pleegvader en pleegmoeder teenwoordig is
- Pleegvaders betrokke by pleegplasings waarin die tydperk van pleegsorg reeds langer as een jaar bestaan.

Die uiteindelike steekproef vir hierdie studie het uit 57 respondente bestaan; dus 51.8% van die totale populasie van 110 pleegvaders. Dit was die maksimum aantal respondente wat aan hierdie kriteria voldoen het asook wat ingestem het tot deelname aan hierdie studie. Die respondente het 'n self-geadministreerde vraelys (Delport & Roestenburg, 2011:188) voltooi wat deur die navorser met inagneming van bestaande instrumente en literatuur ontwerp is (Hawkins, Bradford, Palkovitz, Christiansen, Day & Call, 2002:189; Krampe & Newton, 2006:183; McBride & Lutz, 2004:467).

Data vanuit die empiriese ondersoek is geanaliseer deur die benutting van ŉ statistiese sagtewareprogram, die Statistical Package for the Social Sciences – SPSS 20 (IBM, 2012). Beskrywende metodes is benut om enkelvariante ten opsigte van vaderlike betrokkenheid te ontleed, terwyl assosiasies tussen verskillende veranderlikes (multidimensioneel) bepaal is op grond van die drie-konsep model van vaderlike betrokkenheid (interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid) wat as basis van vergelyking gedien het (Fouché & Bartley, 2011:251).



© University of Pretoria

Die etiese aspekte wat hierdie studie gerig het, word beskou as die toepaslike optrede van die navorser, en word in hoofstuk 4 bespreek.

## 1.6 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.6.1 Betrokkenheid

Pleck (2007:197) omskryf die konsep betrokkenheid soos volg: "… engagement, accessibility, and responsibility…warmth, support, decision making and monitoring". Hy brei uit op die konsep en noem dat die betrokkenheid by ŉ ander persoon ook gesien moet word as die hoeveelheid tyd wat saam spandeer word. Hy waarsku dat betrokkenheid binne konteks gedefinieer moet word, aangesien betrokkenheid positief en negatief kan wees en verduidelik negatiewe betrokkenheid aan die hand van die voorbeeld van die tyd wat ŉ ouer spandeer om ŉ kind fisies te mishandel (Pleck, 2007:197).

Greenberg en Morris (2004:48) konstateer dat "engrossment" as sinoniem tot betrokkenheid ("involvement") benut kan word en verduidelik dit as "…preoccupation, absorption and interest in…". In hierdie studie verwys die konsep betrokkenheid na positiewe betrokkenheid gemeet aan bepaalde kriteria soos die teenwoordigheid en belangstelling, direkte kontak en interaksie, asook verantwoordelikheid van die pleegvader ten opsigte van sy pleegkind.

### 1.6.2 Pleegkind

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:49) omskryf die pleegkind as ŉ "… kind wat volgens wetgewing in die sorg van ŉ pleegouer geplaas is". Karnik (2001:743) beskryf pleegkinders as kinders wat nie oor ŉ geskikte gesin beskik nie en wat derhalwe deur die staat en ŉ alternatiewe gesin versorg moet word.

ŉ Pleegkind kan verder beskryf word as ŉ kind onder die ouderdom van 18 jaar, wat in die alternatiewe sorg van ŉ ander persoon as sy biologiese ouer geplaas is op grond van ŉ Kinderhofbevel ingevolge Artikel 46 (1)(a)(i) van die Kinderwet.



© University of Pretoria

Pleegsorgtoesigdienste moet deur 'n geregistreerde maatskaplikediensorganisasie aan ŉ pleegkind gelewer word, soos deur die Kinderhof bepaal. Met pleegkind word daar in hierdie studie verwys na ŉ kind onder die ouderdom van 18 jaar, wat ingevolge ŉ Kinderhofbevel by gekeurde pleegouers in pleegsorg geplaas is onder toesig van ŉ maatskaplike werker.

### 1.6.3 Pleegvader

Skelton (1998:137) beskryf ŉ pleegvader soos volg: "A foster [father] is someone who has received the right to have temporary custody (meaning day-to-day care of a child)." Hierdie begrip word verder uitgebrei deur Böning (2009:217) wat die konsep beskryf as dat sekere ouerlike regte en verantwoordelikhede oorgedra word aan goedgekeurde persone vir die tydelike versorging van ŉ kind. ŉ Pleegvader dien as ŉ substituutouer met die doel om dit wat die biologiese vader nie kan of wil voorsien nie, te vervang ter ondersteuning van ŉ kind (Böning, 2009:217).

Ingevolge die Kinderwet, is ŉ pleegvader enige manlike persoon, behalwe die biologiese vader, in wie se pleegsorg ŉ kind ingevolge die Kinderwet geplaas is. ŉ Pleegvader kan biologies verwant wees aan die kind of 'n nie-verwante persoon wees wat aansoek gedoen het om die kind in pleegsorg te neem. Die pleegvader is aan ŉ keuringsproses onderwerp en ontvang pleegsorgtoesigdienste, volgens Artikel 182 van die Kinderwet. Binne hierdie studie verwys die pleegvader na 'n manlike persoon wat ingevolge die Kinderwet gekeur is as ŉ pleegvader en na 'n pleegkind omsien onder die toesig van 'n maatskaplike werker.

## 1.7 LEEMTES IN DIE ONDERSOEK

Die belangrikste leemtes wat die navorser tydens die studie ervaar het, is die volgende:

- Dit mag wees dat pleegvaders, ten spyte daarvan dat die doel van navorsing en die beginsel van vertroulikheid aan hul verduidelik is, die navorsing kon beskou as ŉ beoordeling van hul rol as pleegvader. Dit kon daartoe lei dat sommige pleegvaders nie aan die studie wou deelneem nie. Dit kon ook ŉ invloed op hul response op die vraelys hê.



© University of Pretoria

- Weens die grootte van die steekproef (57 respondente) en die statistiese betekenisvolheid wat uit die korrelasie-analise verkry is, kan die resultate van die studie nie na die groter populasie binne Child Welfare Tshwane veralgemeen word nie.

## 1.8 SAMESTELLING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

In **hoofstuk 1** word ŉ oriëntering gebied ten opsigte van die konsep van vaderlike betrokkenheid van pleegvaders, die doel, doelwitte en navorsingsvraag vir die studie en die navorsingsmetodologie. Die studie fokus op die verkenning van die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane.

In **hoofstuk 2** word die gesin en gesinsfunksies verken en beskryf binne die filosofiese onderbou van strukturele funksionalisme. Daar word aandag gegee aan die gesinsuitdagings wat in die Suid-Afrikaanse konteks teenwoordig is en die verandering in ouerlike funksies. Vaderlike betrokkenheid word binne hierdie konteks omskryf.

**Hoofstuk 3** fokus op pleegsorg as ŉ gesinsvorm in Suid-Afrika met betrekking tot die filosofiese onderbou, die doel en beginsels waarop dit berus en die funksies wat pleegsorg vervul. Daar word verder verwys na die funksies wat pleegvaders in die lewens van pleegkinders het.

In **hoofstuk 4** word die navorsingsmetodologie, die etiese aspekte van die navorsing en die empiriese navorsingsbevindinge uiteengesit. ŉ Kwantitatiewe navorsingsbenadering is gevolg en data is deur middel van self-geadministreerde vraelyste ingesamel.

**Hoofstuk 5** bevat die gevolgtrekkings en aanbevelings gegrond op die literatuur- en empiriese ondersoek.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 2

# DIE GESIN VANUIT DIE STRUKTURELE FUNKSIONALISTIESE BENADERING

## 2.1 INLEIDING

Reeds in die kinderjare word die mens blootgestel aan idees oor hoe ŉ gesin behoort te lyk en te funksioneer. Die biologiese gesin is die kind se eerste model en voorbeeld van ŉ gesin. Soos wat die kind ontwikkel, kom hy in aanraking met alternatiewe gesinsvorme van vriende, bure en die gemeenskap. Amoateng, Richter, Makiwane en Rama (2004:3) haal Bateman (1996) se siening oor die gesin aan: "What people regard as their family is their family and this is the reality we must deal with". Newman en Grauerholz (2002:11) beaam hierdie stelling met: "Who people consider family is increasingly a matter of choice rather than legal obligation or biological connection." Hierdie stellings dui daarop dat daar verskillende sieninge bestaan oor wat ŉ gesin is en dat verskeie gesinsvorme gevolglik in die samelewing na vore tree. Die verskillende gesinsvorme soos wat dit tans in die samelewing voorkom, sal vervolgens bespreek word. Voorts word die ouerlike funksies binne die gesin, asook die onderskeid tussen die rol van die vader en die moeder, bespreek. Dit word verder uitgebrei met ŉ bespreking van vaderlike betrokkenheid as ŉ fokus van hierdie studie.

## 2.2 GESINSVORME

Die kerngesin, bestaande uit ŉ vader, ŉ moeder en eie kinders was tussen 1880 en 1970 die hoofgesinsvorm in die VSA. Benokraitis (2011:7) noem dat 85% van alle gesinne in hierdie era ŉ kerngesin was. Hierteenoor blyk dit dat in 2003, slegs 68% van gesinne in die VSA ŉ kerngesin was (Schwartz & Scott, 2010:291). Hierdie tendens kan ook in Suid-Afrika waargeneem word. In 2002 het 37,8% gesinne as ŉ kerngesin bestaan, met ŉ afname na 34,3% in die jaar 2007 (Fast Facts for Local Government, 2009:9).



© University of Pretoria

Benokraitis (2011:7) skryf die afname in kerngesinne toe aan die hoë egskeidingsyfers en ŉ toename in enkel-ouergesinne. Kane-Berman (2009:1) beskou VIGS as die sleutel om te verstaan waarom die kerngesin in Suid-Afrika aan die kwyn is. Met die afname in die kerngesin as gesinsvorm in die gemeenskap, ontstaan daar vele ander gesinsvorme. Benokraitis (2011:7) noem dat daar 23 verskillende gesinsvorme geïdentifiseer kan word. In Suid-Afrika word die volgende gesinsvorme erken (Böning, 2009:218; Department of Social Development, 2008:6; Ellis & Adams, 2009:7; Republic of South Africa [RSA], Ministry for Social Development, 2011:28):

- Die nukleêre- of kerngesin bestaande uit ŉ moeder en vader met eie kinders
- Die multi-generasie gesin, ook genoem die drie-generasie gesin, bestaande uit ŉ tradisionele gesin met grootouers, ouers, kinders, tantes, ooms, niggies, en neefs wat ondersteuning aan mekaar verleen en wat saam of apart woon
- Die enkelouergesin wat verwys na ŉ moeder met kind(ers) of vader met kind(ers)
- Egpare (getroud) of pare in saamwoonverhoudings, sonder kinders
- ŉ Huishouding met ŉ kind of jeugdige aan die hoof daarvan (die “child-headed household”)
- ŉ Homoseksuele paar met of sonder kinders
- ŉ Grootouergesin met kleinkinders
- Die pleegsorggesin met ŉ kind wat deur ŉ statutêre proses in die sorg van die gesin geplaas is (nie verwantepleegsorg)
- Familie- of verwante pleegsorg (“kinship care”) waar die pleegkind in die sorg van ŉ familielid geplaas is
- Die nie-huishoudinggesin (“non-household family”) waar ŉ groep persone in een huishouding saambly en verantwoordelikhede en gesinsreëls deel
- Hersaamgestelde gesinne met biologiese ouers, stiefouers, biologiese kinders en/of stiefkinders wat in een gesin saamwoon
- Gesinne waar een lid weens werksomstandighede apart woon
- Die enkelpersoongesin
- Die bejaarde gesin sonder kinders.



© University of Pretoria

Die bogenoemde dui dus op die erkenning van ŉ diversiteit van gesinsvorme in Suid-Afrika. Tot in die vroeë 1990's het teoretici die gesin vanuit die strukturele funksionalistiese benadering bestudeer, met ŉ fokus op die funksies wat die gesin as kerngesin vertolk het. In Suid-Afrika is die onafhanklike en geïsoleerde kerngesin, wat met die Westerse gemeenskappe geïdentifiseer is, as ideaal gestel. Die tradisionele Afrika-gesin is voorgestel as ŉ instelling met lae morele waardes, wat afgewyk het van die kerngesin ten opsigte van die huwelik en die saamwoon van familie-lede (Amoateng, 2007:33).

Soos wat die Afrika-gesinne toenemend weens migrasie en werksgeleenthede aan verstedeliking blootgestel is, het hulle meer van die Westerse gebruike aangeneem (Amoateng, 2007:33). Hierdie aspek is aanvanklik as problematies beskou aangesien die gaping tussen ŉ ideale gesin en die realiteite wat Suid-Afrikaanse gesinne in die gesig gestaar het, dit baie moeilik gemaak het om te definieer wat ŉ gesin is en behoort te wees. Die fokus van teoretici in die omskrywing van die gesin het dus verskuif na die funksies wat die gesin in en vir die samelewing vervul, en nie hoe die gesin saamgestel is nie (Amoateng et al., 2004:xiii).

Vanaf die vroeë 1990's was daar egter ŉ verskuiwing in benadering tot die gesin in Suid-Afrika. Teoretici het na die gesin begin kyk vanuit die meer konflik-gebaseerde teorieë weens ŉ verskuiwing in die fokus na die ongelykhede tussen mans en vroue in die gemeenskap en spesifiek binne die gesin. Daar is verder standpunt ingeneem dat die kerngesin nie die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig nie, en dus ook nie as norm gestel kan word nie (Amoateng, 2007:34).

Die verskuiwing ten opsigte van die beskouing van die gesin neem derhalwe die multikulturele realiteit van veral die Suid-Afrikaanse gemeenskap in ag. Hierdie aspek kan verstaan word aan die hand van die diversiteit wat bestaan oor die grense van nege provinsies en elf verskillende amptelike tale, in ŉ gemeenskap met sy kulturele oorsprong in Afrika, Europa en Asië. Net soos gesinne wêreldwyd, word gesinne ook in Suid-Afrika beïnvloed deur maatskaplike omstandighede soos migrasie, kolonisasie, verstedeliking en globalisasie (Ellis & Adams, 2009:8). In die praktyk word waargeneem dat die meerderheid van gesinne in Suid-Afrika poog om hulle uitgebreide gesinne instand te hou, aangesien dit deel uitmaak van hulle



© University of Pretoria

kulturele voorkeur, dit help om die behuisingstekorte in die land te verlig, en dit as buffer teen armoede dien (Amoateng et al., 2004:14). Die diversiteit onder Suid-Afrikaanse gesinne word dus erken.

Die diversiteit in gesinsvorme word toenemend erken en ook so deur die gemeenskap aanvaar. Die gesin kom voor verskeie veranderings en uitdagings te staan as gevolg van hierdie diversiteit en aanpassings by ander substrukture. Die gesin in Suid-Afrika is derhalwe besig om te transformeer ten opsigte van sy struktuur en sy funksies (Amoateng et al., 2004:11).

In die soeke na begrip oor die gesin en sy funksionering, word navorsing gerig deur spesifieke teorieë. Volgens die Green Paper on Families bied teorie deduktiewe argumente vir verduidelikings en verklarings van menslike natuur (RSA, Ministry of Social Development, 2011:2). Teorie bied ŉ "set of lenses for viewing reality" (Eshleman & Bulcroft, 2010:117). Om die begrip gesin beter te verstaan, is verskeie gesinsbenaderings of teorieë oor die jare ontwikkel. Geen enkele benadering is noodwendig meer geldig as ŉ ander een nie.

Hierdie studie het vanuit die strukturele funksionalistiese benadering, ook genoem die funksionalistiese perspektief, plaasgevind aangesien daar gefokus is op die funksies en rolle wat binne die gesin en spesifiek die pleeggesin vertolk word. Daar word vervolgens gefokus op die gesin vanuit die strukturele funksionalistiese benadering.

## 2.3 STRUKTURELE FUNKSIONALISTIESE BENADERING

Die strukturele funksionalistiese benadering word beskou as een van die leidende benaderings in die verklaring van hoe gesinne funksioneer en die verband tussen gesinne en die breë gemeenskap (Amoateng, 2007:31). Die benadering beskou die gemeenskap as ŉ georganiseerde en stabiele sisteem wat bestaan uit ŉ verskeidenheid interafhanklike sisteme of strukture. Hierdie strukture (ook soms die substrukture genoem) bestaan uit die sosiale instellings in die gemeenskap en sluit onder andere die gesin, ekonomie, regering, onderwys en geloof in. Elke struktuur het spesifieke funksies en bevredig spesifieke behoeftes in die gemeenskap



© University of Pretoria

(Schwartz & Scott, 2010:42). Die ekonomie het die funksie van produksie, verspreiding en gebruik van goedere en dienste; die regering beheer en bestuur lede van die gemeenskap; die onderwys bied geleenthede om vaardighede, kennis en kultuur aan die jonger geslag oor te dra; en geloof bied morele riglyne (RSA, Ministry of Social Development, 2011:12).

Teoreties gesproke, poog al die instellings of substrukture om in harmonie saam te werk en 'n balans te handhaaf ter voortbestaan van die gemeenskap en die individu. Die gesin as substruktuur werk dus saam met die ander substrukture om spesifieke funksies te verrig. Binne die groter gemeenskap het die gesin die funksie om struktuur aan sy lede se gedrag te bied en reëls daar te stel wat hulle verhoudinge rig. In die analisering van die gesin binne hierdie benadering, word daar gefokus op vrae soos (Schwartz & Scott, 2010:42):

- Hoe organiseer die gesin hom vir oorlewing?
- Watter funksies vertolk die gesin in die gemeenskap asook ten opsigte van die individuele lede?
- Hoe beïnvloed die struktuur van die gemeenskap die gesinne?

Gesinslede vertolk dus bepaalde funksies en dit bring mee dat daar spesifieke rolverdeling binne die gesin plaasvind. Die gesin is dus deel van 'n groter geheel en wedersydse beïnvloeding tussen substrukture vind plaas (RSA, Ministry of Social Development, 2011:12). Daar word vervolgens na die gesin verwys na aanleiding van die kernbegrippe van die strukturele funksionalistiese benadering, synde institusionele verbindings, gesinsfunksies en gesinsrolle.

### 2.3.1 Institusionele verbindings

Institusionele verbindings dui dat die gesin beïnvloed word deur én beïnvloed ander instellings, byvoorbeeld wetgewing, beleid, die ekonomie en onderwys (Benokraitis, 2011:37; Ellis & Adams, 2009:6). Hierdie siening stem ooreen met ander benaderings soos die ekologiese- en die sistemiese benaderings (Eshleman & Bulcroft, 2010:122). As voorbeeld van hierdie stelling word genoem dat wetgewing bepaal wie kan trou en wie nie, en wie kan kinders aanneem en wie nie.



© University of Pretoria

Kultuur en geloof het ŉ invloed op die gesinslewe en gesinstrukture. Voorts beïnvloed demografiese en sosio-ekonomiese veranderinge oor die wêreld ook die gesinslewe en veroorsaak verskeie veranderinge in gesinsamestelling (Ellis & Adams, 2009:7). Amoateng (2007:30) verduidelik hierdie onderlinge beïnvloeding as volg: "… the characteristics which a family and household system may assume at any particular point in time are determined by political, demographic, economic, ecological and cultural factors".

Binne die strukturele funksionalisme beklemtoon hierdie wedersydse afhanklikheid dus die begrip dat die gesin deel is van ŉ groter geheel, naamlik die breë gemeenskap. Soos een substruktuur van die hoofstruktuur verander, verander ander substrukture om die balans te herwin (Amoateng, 2007:32). Balans is nodig vir voortbestaan van die gemeenskap en die individu (Schwartz & Scott, 2010:42).

Die verandering in strukture met die oog op die herstel van balans, word deur funksionarisse soos Parsons (1955), soos verwys deur Schwartz en Scott (2010:42), beskou as strukturele differensiasie. Wat die gesin betref vind strukturele differensiasie plaas waar die gesinsfunksies oorgedra word na ander substrukture in die gemeenskap, soos die onderwys-, welsyn- en gesondheidsubstrukture. Amoateng et al. (2004:2) postuleer dat "Many aspects of family life are now co-modified, or provided as a service for fees – including production, household maintenance, infant feeding, childcare…". Die post-moderne gesin se funksies verminder na slegs twee funksies naamlik die sosialisering van kinders en die stabilisering van volwasse lede (Schwartz & Scott, 2010:42; WordPress, 2009). Verskeie ander veranderinge kan as gevolg van strukturele differensiasie in die gesin waargeneem word (Baker & Pawlak, 2011:15; WordPress, 2009), byvoorbeeld:

- Afname in huwelike en ŉ toename in saamwoonverhoudinge
- Hertroue en die toename in hersaamgestelde gesinne
- Meer geboortes buite die huwelik
- Groei in enkelouergesinne
- Styging in egskeidingsyfer
- Afname in gesinsgroottes



© University of Pretoria

- Verswakte verbintenis met uitgebreide familie
- Verlies aan gesinsfunksies
- Toename in enkelpersoongesinne
- Veroudering in die populasie.

Hierdie veranderinge het tot gevolg dat die gesin as ŉ substruktuur as gevolg van wedersydse beïnvloeding en aanpassing tussen substrukture ook van vorm verander vanaf die tradisionele kerngesin, bestaande uit ŉ vader, moeder en kinders, na meer post-moderne gesinsvorme. Baker en Pawlak (2011:15) asook WordPress (2009) postuleer dat die gesin sy funksies verloor. Vervolgens sal daar gekyk word na wat die gesin se funksies in die samelewing is.

### 2.3.2 Gesinsfunksies

Volgens die strukturele funksionalisme bestaan daar hoofsaaklik twee gesinsfunksies naamlik die openbare funksies ("manifest functions") en die latente funksies ("latent functions"). Merton [sa], ŉ Amerikaanse funksionalis, onderskei die twee funksies soos volg: "Manifest functions are the consequences that people observe or expect, or what is intended; latent functions are those that are neither recognized nor intended". Die openbare funksies word dus erken, is bewustelik en duidelik waarneembaar soos byvoorbeeld dat ŉ huwelik die begin van ŉ nuwe gesin vorm en seksuele gedrag beheer. Die latente funksie kan beskou word as die indirekte, versteekte funksie wat nie so duidelik sigbaar is nie, byvoorbeeld die emosionele verhoudinge wat in die gesin vorm (Schwartz & Scott, 2010:42).

In die literatuur word die begrip openbare gesinsfunksies ook beskryf as universele gesinsfunksies (Cheney, 2009) of primêre gesinsfunksies (Horwitz, 2005). Indien die verskillende gesinsfunksies egter vergelyk word, is dit duidelik dat byna alle gesinne, reg oor die wêreld, hierdie funksies in ŉ mindere of meerdere mate uitvoer. Die openbare gesinsfunksies wat in die literatuur aangedui word (Benokraitis, 2011:8; Cheney, 2009; DeRosso [sa]; Horwitz, 2005:674; Schwartz & Scott, 2010:5-7; Zastrow, 2009:240) word vervolgens bespreek. Hierdie funksies is ook op die pleeggesin van toepassing, aangesien pleegouers volgens wet die ouerlike verantwoordelikhede en -pligte van die biologiese ouer oorneem.



© University of Pretoria

#### 2.3.2.1 Regulering van seksuele gedrag

Elke gemeenskap het reëls oor wie in seksuele verhoudinge betrokke mag wees, onder watter omstandighede en met wie. Hierdie reëls vorm die gemeenskapsnorme oor seksuele gedrag. Die verhoudingsgrense van die gesin bepaal ook watter seksuele verhoudinge toegelaat word, al dan nie. So byvoorbeeld het die verbied van bloedskande (“incest taboo”) in vroeër jare ŉ duidelike funksie vertolk in terme van die voorkoming van die genetiese risiko’s daarvan. Met die moderne mediese wetenskappe wat ontwikkel het, het genetiese risiko’s verminder, maar die taboe ten opsigte van bloedskande vervul egter nog ŉ belangrike sosiale funksie.

Waar die grense van seksuele verhoudinge in konflik kom met die grense van die gesinsverhoudinge, ontstaan ŉ wanbalans. Hierdie wanbalans verswak die gesinsverhoudinge en rolverwarring ontstaan. Die psigologiese skade en moontlike fisiese misbruik wat gepaard gaan met bloedskandelike verhoudings, maak dat hierdie funksie van die gesin van groot waarde is vir die instandhouding en stabiele voortbestaan van ŉ gemeenskap (Horwitz, 2005:674).

#### 2.3.2.2 Fasilitering van die proses van voortplanting

Voortplanting word beskou as ŉ noodsaaklike funksie binne die gesin om die voortbestaan van die gemeenskap te verseker. Om homself instand te hou, moet die gemeenskap nuwe lede voortbring om lede wat sterf of wegbeweeg te vervang. In die meeste gemeenskappe word hierdie funksie primêr die verantwoordelikheid van die gesin. Alhoewel sommige getroude egpare ŉ keuse maak om nie kinders te verwek nie, beplan die meerderheid egpare die uitbreiding van hulle gesinne deur kinders te verwek.

ŉ Verdere aspek van hierdie funksie, is die keuse van ŉ huweliksmaat om “goeie” gene te bekom. In sekere gemeenskappe neem die ouers die verantwoordelikheid om namens hul kinders, geskikte huweliksmaats vir hulle kinders te kies. Swangerskap en geboortes word dan binne hierdie huwelike aangemoedig (Benokraitis, 2011:9), terwyl swangerskappe en geboortes buite huwelike in sommige gemeenskappe streng afgekeur word (Schwartz & Scott, 2010:5).



© University of Pretoria

#### 2.3.2.3 Sosialisering van kinders

Kinders se potensiaal om as mens te ontwikkel, word bevorder as gesinslede en vriende tyd in interaksie met die kind deurbring, hulle beskerm en hulle koester en rig in hulle kulturele en maatskaplike rolle. Kinders moet volgens die gemeenskap se waardes en norme gesosialiseer word om ŉ bydrae tot die gemeenskap te kan maak. Sosialisering kan omskryf word as ŉ proses gebaseer op "… a lifetime of social interaction through which people learn those elements of culture that are essential for effective participation in social life" (Schwartz & Scott, 2010:6). Sosialisering vind dus binne die kulturele konteks plaas aangesien daar van kinders verwag word om ŉ taal aan te leer, gepaste klere aan te trek en volgens die formele en informele norme van die samelewing op te tree (Ellis & Adams, 2009:7).

Die gesin word beskou as die primêre bron van sosialisering van kinders, maar vertolk nie ŉ eksklusiewe funksie of bydrae nie, aangesien ander substrukture in die gemeenskap ook ŉ rol speel, onder andere die skool, massamedia, portuurgroep, polisie, rolprente en boeke of ander media (Amoateng et al., 2004:5; Böning, 2009:223; Cheney, 2009). Massamedia bied soms egter ŉ verdraaide lens oor die gesinslewe. In ŉ studie is daar gevind dat die gesin wat op televisie uitgebeeld word, meestal bestaan uit volwasse mans, byna nooit ouer as 50 jaar nie, met geen probleme ten opsigte van kinderversorging nie en bejaardesorg is byna nooit ter sprake nie (Newman & Grauerholz, 2002:5).

#### 2.3.2.4 Ekonomiese sekuriteit

Die gesin is ŉ belangrike ekonomiese eenheid wat finansiële sekuriteit en stabiliteit aan sy lede voorsien. Gesinne voorsien voedsel, huisvesting, klere en ander materiële hulpbronne aan sy lede vir hul oorlewing. Materiële versorging is ŉ primêre gesinstaak, wat vereis dat die ouers ŉ inkomste het om in hul kinders se basiese behoeftes te voorsien (Böning, 2009:223). In tradisionele gesinne, is die vader die broodwinner en werk buite die huis, terwyl die moeder binne die huis aktief betrokke is met versorging en huishoudelike take.



© University of Pretoria

As gevolg van hoë werkloosheidsyfers, lae lone en salarisse, en swak werksekuriteit, is dit dikwels moeilik vir gesinne om ekonomiese sekuriteit en stabiliteit vir die gesinslede te bied (Amoateng et al., 2004:xi). Verskeie gesinne leef op ŉ dag-tot-dag basis met die minimum sekerheid oor ekonomiese stabiliteit. Hierdie onsekerheid maak dit dan ook noodsaaklik dat die moeder tot die arbeidsmag toetree en ŉ aanvullende inkomste vir die gesin genereer (Van der Lippe, De Ruijter, De Ruijter & Raub, 2011:172).

In Suid-Afrika maak die regering voorsiening vir maatskaplike toelaes sodat kinders kan oorleef (Amoateng et al., 2004:5). Waar kinders nie meer ouers het om te voorsien in hulle basiese behoeftes nie, kan hulle kwalifiseer vir pleegkindtoelae of indien die kinders se ouers nie die ekonomiese verantwoordelikheid van hul kinders kan nakom nie, kan die ouers aansoek doen om kindertoelae (Amoateng et al., 2004:5).

#### 2.3.2.5 Emosionele ondersteuning

Die gesin word beskou as die belangrikste primêre groep om aan sy lede versorging, liefde en koestering te bied. Mense het ander mense nodig en kan nie gelukkig, gesond en veilig voel sonder die positiewe erkenning van ander nie. Die gesin word as die bron van liefde en toegeneentheid beskou (Benokraitis, 2011:10). Met betrekking tot sy ondersteunigsrol, beskryf Amoateng et al. (2004:8) die gesin as die belangrikste bron van "… human capital development, the development and achievement of individuals, and care for dependent and vulnerable individuals".

Die Department of Social Development (2008:8) beklemtoon die feit dat gesinslede onderling van mekaar afhanklik is vir liefde en intimiteit. Die aanvaarbare wyse waarop liefde en intimiteit getoon word, word egter deur kulturele reëls en gebruike voorgeskryf. Cheney (2009) beskou hierdie emosionele ondersteuning in die gesin as die sosiale, emosionele, geestelike, intellektuele en fisiese vertroue wat wedersyds deur gesinslede gedeel word. Gesinslede deel derhalwe vertroue, advies, geheime en onderlinge probleme.



© University of Pretoria

Die emosionele ondersteuning in ŉ gesin bied gesinslede ŉ sterk grondslag vir die hantering van en die bied van weerstand teen die spanning wat buite die huisgesin in die ander gemeenskapsubstrukture voorkom (Ellis & Adams, 2009:6). Amoateng et al. (2004:8) beklemtoon die positiewe gevolge van emosionele ondersteuning van die gesin aan sy lede. Hierdie voordele sluit onder meer beter skoolbywoning en skoolprestasie, ŉ goeie self-beeld en selfvertroue, ŉ laer voorkoms van probleemgedrag, hoë vlakke van werksbevrediging, laer stresvlakke en minder stresverwantesiektes, beter kapasiteit om krisisse te hanteer, en ŉ beter lewenskwaliteit in (Amoateng et al., 2004:8).

#### 2.3.2.6 Sosiale status

Sosiale klas of status verwys na die verdeling van mense in kategorieë op grond van soortgelyke posisie of plek in die gemeenskap, gebaseer op hulle welvaart, opvoeding, mag, aansien en hulpbronne. Mense met dieselfde sosiale status neig om soortgelyke houdings, waardes, en belangstellings te hê. Die sosiale status van die gesin bied sekere ongeskrewe reëls aan sy lede, soos hoeveel kinders om te hê en op watter ouderdom ŉ persoon mag trou (Benokraitis, 2011:10).

Schwartz en Scott (2010:5) wys daarop dat die funksie van die oordrag van sosiale status aan gesinslede op verskeie vlakke plaasvind. Op een vlak word gesinslede blootgestel aan interpersoonlike verhoudings tussen ouers, sibbe en die uitgebreide gesin. Op ŉ ander vlak ontvang nuwe gesinslede outomaties ŉ oorgeërfde lidmaatskap van groepe gegrond op ras, etnisiteit, geloof en nasionaliteit. Sosiale status beïnvloed byna elke aspek van die gesin se lewe. Dit bepaal hoe die persoon die wêreld (gemeenskap) beleef, maar ook hoe die wêreld (gemeenskap) die persoon beleef.

Die Department of Social Development (2008:8) dui aan dat hierdie hiërargie wat in die gemeenskap as gevolg van diversiteit ontstaan, ŉ direkte impak op die gesinslede se ontwikkeling het. Gesinslede leer byvoorbeeld dat sekere gedrag aanvaarbaar is, en onderhou hierdie gedrag.



© University of Pretoria

Om gesinsfunksies te kan uitvoer, moet gesinslede sekere rolle teenoor die kind vervul. Hierdie rolle word vervolgens bespreek, veral ten opsigte van die rol van die moeder en vader weens die fokus van die studie.

### 2.3.3 Gesinsrolle

Volgens die strukturele funksionalistiese benadering, word gesinsrolle histories volgens geslag en ouderdom verdeel. Vroue en mans vertolk verskillende rolle en take en so ook jonger en ouer persone. Sedert die Industriële Revolusie word van ’n lid van die gesin verwag om vir ’n loon weg van die huis te werk sodat die gesin ekonomies kan oorleef (Schwartz & Scott, 2010:42). Hierdie rol kan beskou word as die *instrumentele* rol in die gesin. Parallel hieraan moet ’n lid van die gesin binne die huis werk om die gesin te onderhou en te ondersteun. Die rol staan bekend as die *ekspressiewe* rol van die gesin. Hierdie verdeling van rolle binne die gesin maak dat gesinslede interafhanklik van mekaar is (Benokraitis, 2011:37).

Histories word die vader beskou as hardwerkend, kompeterend en gehard. Hierdie eienskappe van die man of vader in die gesin bring mee dat hy die instrumentele rol (werk weg van die huis) vertolk, wat beskryf kan word as die van broodwinner en finansiële voorsiener. Die moeder hierteenoor neem die ekspressiewe rol (werk binne die huis) van tuisteskepper en voorsien emosionele ondersteuning en koestering aan die gesinslede. Die moederfiguur tree dus op as ’n ondersteuning vir die vaderfiguur, maar daar bestaan ook ’n interafhanklike verhouding tussen hulle (McKinney & Renk, 2008:808; Schwartz & Scott, 2010:42).

Die gesin met hierdie rolverdeling word as die tradisionele of konserwatiewe gesin beskryf. Strukturele funksionalisme beskou die onderskeie rolle wat deur die man en die vrou in die gesin vertolk word, as funksioneel en bydraend tot die vervulling van die funksies van die gesin. Dit impliseer dat ’n goed-funksionerende gesin sy lede voorsien van emosionele, sosiale én materiële ondersteuning en in staat is om volle verantwoordelikheid vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die gesin te neem. Die gesinslede ontwikkel ’n sin van sekuriteit en dit dra by tot hulle onafhanklikheid. Gesinne word egter disfunksioneel wanneer hulle nie effektief hulle rolle en verantwoordelikhede teenoor die gesinslede kan vervul nie. Gesinne kan



© University of Pretoria

tegelykertyd funksioneel en disfunksioneel wees. As voorbeeld dien die tendens van die moeder wat tot die arbeidsmag toetree. Die gesin is funksioneel want hulle gesinsinkomste raak meer, maar is ook disfunksioneel want die moeder kan nie meer die versorging van die gesin ten volle behartig nie (Benokraitis, 2011:37; Ellis & Adams, 2009:6).

Die beskouing van die disfunksionele posisie van die gesin het oor die jare verander na ŉ beskouing van ŉ meer funksionele posisie namate die gesin aangepas het by ontwikkelings en veranderinge in die ander substrukture in die gemeenskap. Gesinne se pogings om weer balans of ekwilibrium te verkry, het tot ŉ meer geïntegreerde geslagsrolverdeling gelei. Die geïntegreerde geslagsrolverdeling bring mee dat daar nie meer ŉ duidelike onderskeid en verdeling van rolle volgens geslag plaasvind nie (WordPress, 2009; Van der Lippe et al., 2011:164). WordPress (2009) skryf die verskuiwing van rolle aan die volgende aspekte toe:

- Verbeterde lewensstandaarde bring mee dat die huis meer funksioneel ingerig kan word, onder andere met elektronika. Die moderne verbruikersgerigte lewenstyle veroorsaak dat beide mans en vroue meer tyd tuis kan deurbring en selfs hul beroep vanaf die huis kan beoefen.
- Groter geografiese en sosiale beweeglikheid dra by tot groter mobiliteit van gesinslede en dat hulle verskeie rolle kan vervul.
- Die aanvaarding van vroueregte laat toe dat vroue toenemend as mans se gelykes in die werkplek aanvaar word.
- Die verhoogde toetrede van die vrou tot betaalde arbeidsmark gee aan haar groter onafhanklikheid en mag binne die gesin. Hierdie meer gelyke rol beteken dat die vrou kan deelneem aan besluitneming binne die gesin.
- Die bydrae van die vrou se inkomste om die gesin se hoër lewensstandaarde te handhaaf, word belangrik. ŉ Direkte gevolg hiervan is dat die man aangemoedig word om met huishoudelike take binne die huis te help.
- Meer vloeibare geslagsidentiteite bied aan mans en vroue ŉ keuse van hoe hulle hulself sien en uitleef. Egpare kan kies watter rol hulle in die gesin wil vertolk met minder fokus op die tradisionele geslagsrolverdeling (WordPress, 2009).



© University of Pretoria

Die praktyk toon egter dat die geïntegreerde geslagsrolverdeling nie so prominent voorkom nie. Daar is steeds ŉ duidelike verdeling in gesinsrolle volgens geslag. Hierdie verdeling van instrumentele en ekspressiewe rolle tussen man en vrou, manifesteer soos volg:

- Vroue verrig steeds meer huishoudelike take as mans, selfs as hulle betaalde arbeid buite die huis verrig.
- Vroue en mans word nie gelyk hanteer binne die gesin nie. Vroue word steeds as ondergeskik beskou.
- Belangrike gesinsbesluite word deur die man geneem.
- Vroue bly verantwoordelik vir "onbelangrike" besluite soos voedselaankope.
- Die man word steeds as die primêre finansiële voorsiener van die gesin beskou.
- Vroue word as minder betroubaar in die werkplek beskou aangesien hul afwesig kan wees weens swangerskappe en siek kinders.
- In die werkplek word vroue minder betaal vir dieselfde arbeidstake as mans.
- Werkgewers belê nie maklik in vroue se opleiding nie aangesien dit aanvaar word dat vroue die werkplek kan verlaat en meer op haar gesin fokus.

  (Barker & Pawlak, 2011:14; Coltrane & Adams [sa]; WordPress, 2009).

Walters en Whitehouse (2012:1117) en Van der Lippe et al. (2011:164) verduidelik dat die moeder in die huis dikwels ŉ groter werkslas het in die verdeling van die rolle in die gesin. Hulle is van mening dat die moeder drie "beroepe" beoefen: sy verrig betaalde arbeid buite die huis; is verantwoordelik vir huishoudelike take en kinderversorging; en sy is ŉ sogenaamde emosionele arbeider. Hulle wys daarop dat die moeder meestal die gesinsverhoudinge reguleer, die leidende rol in die emosionele versorging van die kinders neem deur met hulle te praat, na hulle te luister en hulle te ondersteun, asook konflik tussen gesinslede hanteer en oplos.

Uit die bogenoemde blyk dit dat die verdeling van die gesinsrolle in die instrumentele en ekspressiewe rolle in die hede steeds waarde het. Dit blyk egter ook dat die rolverdeling nie eksklusief is nie, maar dat roloorvleueling binne verskillende gesinne en in verskillende grade plaasvind, wat as diversiteit tussen gesinne manifesteer. Begrip van rolverdeling in die gesin help om te verstaan hoe die gesin homself intern



© University of Pretoria

organiseer en aanpas vir oorlewing en vir die behoud van balans. Die gesin het nie net die taak om homself intern te organiseer nie, maar met die interafhanklikheid van die verskillende substrukture, moet die gesin ook daagliks eksterne gesinsuitdagings wat vanuit die samelewing na vore tree en die voortbestaan van die gesin en sy funksies bedreig, hanteer. In die Suid-Afrikaanse konteks word hierdie gesinsuitdagings vervolgings van nader bekyk.

## 2.4 GESINSUITDAGINGS IN SUID-AFRIKA

Die White Paper for Social Welfare (Departement of Social Development, 1997:60) beskryf die ideale gesinsituasie. Die Green Paper on Families (RSA, Ministry of Social Development, 2011) wys egter op die realiteit wat daarop dui dat die gesin as instelling besig is om te disintegreer. Dit blyk dat verskeie uitdagings die behoud van die gesin in die gesig staar (De Jager, 2011:57):

- hoë egskeidingsyfers: een uit elke twee huwelike eindig in ŉ egskeiding (RSA, Ministry of Social Development, 2011)
- hoë werkloosheidsyfers, met ongeveer 34% van kinders wat in huishoudings met ŉ werklose volwassene leef (Holborn & Eddy, 2011:2)
- MIV en VIGS, waardeur 5.2 miljoen kinders ŉ ouer verloor het (Holborn & Eddy, 2011:1)
- grootskaalse armoede
- substansmisbruik
- misdaad, en
- gender-onderdrukking en -geweld.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word dus gekenmerk deur spesifieke sosio-ekonomiese faktore wat uitdagings aan die gesin se vervulling van sy funksies en rolle stel. Met betrekking tot gesinsuitdagings in Suid-Afrika, kom die volgende temas in die literatuur navore: die veiligheid van individuele gesinslede, veranderde gesinswaardes, ekonomiese uitdagings en verswakte gesondheid.



© University of Pretoria

### 2.4.1 Veiligheid van gesinslede

Talle gesinne in Suid-Afrika word aan seksuele en fisiese geweld blootgestel en is slagoffers van misdaad. Holborn en Eddy (2011:11) beweer dat geweldsmisdaad die norm in Suid-Afrika geword het, met die gevolg dat daar ʼn kultuur van geweld heers.

Gesinne vertolk ʼn belangrike rol in die sosialisering van kinders, en waar die gesin disfunksioneel is, word kinders blootgestel aan hierdie norm van geweld en beskou hulle gesinsgeweld as ʼn "normale" wyse van interaksie binne die gesin (Hartell, 2000:74). In Suid-Afrika is daar onvoldoende sisteme in plek om gesinslede teen uitbuiting en misbruik te beskerm (Magome, 2008). Disfunksionele gedrag wat in gesinne voorkom is onder andere verwaarlosing van kinders en kinderverlating deur ouers. Ouers verdwyn en laat hul kinders sonder sorg en toesig, wat daartoe lei dat kinders op straat beland of ter oorlewing by kriminele aktiwiteite betrokke raak (Department of Social Development, 2008:30). Magome (2008) haal ʼn vorige Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Dr Zola Skweyiya, aan wat daarop wys dat Suid-Afrika die uitdaging het van ʼn toenemende getal weeskinders, verlate babas, asook ʼn hoë voorkoms van mishandeling, verwaarlosing en uitbuiting van kinders. Skweyiya skryf hierdie situasie toe aan armoede, werkloosheid, onbeplande swangerskappe, gesinsdisintegrasie en die dood van jong ouers.

ʼn Groot aantal kinders word juis as gevolg van bogenoemde nie genoegsaam deur hul gesinne beskerm nie en moet dus beskerm word deur statutêre toetrede van maatskaplike werkers wat die kinders "beveilig" deur hulle in pleegsorg te plaas nadat die kinders volgens die Kinderwet (Artikel 150) sorgbehoewend verklaar is.

Voorts blyk dit dat geweld algemeen in ander gemeenskapstrukture voorkom. Fisiese straf blyk steeds deel van die skolesisteem te wees, nieteenstaande wetgewing (South African School Act of 1996) wat dit verbied (Holborn & Eddy, 2011:12). Verder word die kind blootgestel aan geweld en kriminele gedrag in die gemeenskap. Holborn en Eddy (2011:12) maak die volgende stelling hieroor:"… growing up knowing people engaged in crime, witnessing criminal activity, and being the victim of crime are likely to be risk factors causing young people to turn to crime themselves."



© University of Pretoria

### 2.4.2 Veranderde gesinswaardes

Verandering wat in die wyer gemeenskap plaasvind, het ŉ invloed op reëls, oortuigings, norme en kultureelgedrewe praktyke wat gedrag in die gesin reguleer. Daar is byvoorbeeld ŉ toename in enkelouergesinne en kinders wat in pleegsorg of deur privaatreëlings deur hulle grootouers versorg word (South African Human Rights Commission/UNICEF, 2011:51).

Voorhuwelikse saamleefverhoudings en egskeidings verhoog aangesien dit algemeen in die gemeenskap aanvaar word (Baker & Pawlak, 2011:17; Hartell, 2000:73). Die regte van kinders word beklemtoon bo die regte van ouers en dit verminder die ouers se bevoegdheid om kinders effektief en met outoriteit op te voed. Hierdie rol en funksie van die ouer word bevraagteken en selfs oorgedra na ander strukture in die gemeenskap, soos die onderwys en die kerk (Hartell, 2000:12).

Die ekonomiese bemagtiging van vroue en die uitsluiting van mans uit die arbeidsmag lei tot verskeie probleme weens rolverwarring in die gesin (Ellis & Adams, 2009:8). Die ideologie van ŉ huwelik word ondermyn deur die toenemende aanvaarbaarheid van egskeidings, alternatiewe leefstyle en buite-egtelike seksuele verhoudings deurdat morele standaarde en waardesisteme dikwels deur propaganda in die media verdraai word (Ellis & Adams, 2009:8; Hartell, 2000:81; Roestenburg, 1999:128-130).

Hierdie faktore lei tot ŉ vermindering van ouerlike verbintenis en verantwoordelikheid. Dit kan ŉ direkte impak op die sosialisering en dissiplinering van kinders tot gevolg hê.

### 2.4.3 Ekonomiese uitdagings

In Suid-Afrika is armoede en werkloosheid ŉ groot uitdaging. Ongeveer ŉ derde van alle kinders in Suid-Afrika leef in hongersnood (Department of Social Development, 2008:30). Kinders wat honger is of swak eet, vaar swak op skool. Talle gesinne vind dit moeilik om in die basiese behoeftes van die gesin soos kos, klere en skuiling te



© University of Pretoria

voorsien. ʼn Siklus van armoede ontstaan wat die kans verminder dat die gesin uit hierdie omstandighede kan ontsnap. Armoede lei tot ʼn tendens van afhanklikheid van maatskaplike sorg en -toelaes (soos pleegouertoelae en kindersorgtoelae), asook ʼn disfunksionele wyse van oorlewing, soos om betrokke te raak by kriminele aktiwiteite, prostitusie en dwelmmisbruik (Ellis & Adams, 2009:9).

Hartell (2000:64) toon aan dat ekonomiese faktore ʼn wyer invloed op die gesin het as net armoede. Die gesin kan disfunksioneel raak waar die gesin se nastrewe van materiële welstand en persoonlike- en beroepsbelange vooropgestel word en die ouers toenemend uithuisig is. Die gevolglike afwesigheid van die ouers raak die gesinsverhoudinge en die vervulling van ouerlike rolle en funksies. Materiële goedere word dikwels dan as subsituut vir ontoereikende verhoudinge gesien, geld en besittings word die dryfkrag in die gesin en emosionele behoeftes van die kinders ly gevolglik daaronder. Dus affekteer die primêre fokus op ekonomiese sekuriteit die uitvoering van die gesinsrolle en funksies en plaas dit ʼn groter fokus op instrumentele en minder fokus op ekspressiewe rolle in die gesin.

### 2.4.4 Verswakte gesondheid

MIV en VIGS, malaria en tuberkulose word beskou as siektes wat meer dikwels met armoede gepaard gaan. Hoewel malaria en tuberkulose behandel kan word, sterf duisende jaarliks in Suid-Afrika daaraan. Die MIV- en VIGS-pandemie het ʼn groot invloed op die gesin in Suid-Afrika. Daar word bereken dat teen die jaar 2015 daar ongeveer 5,7 miljoen kinders een of beide ouers aan VIGS sou verloor. Na raming sal ongeveer 3,1 miljoen kinders hulle moeders verloor en ongeveer 4,7 miljoen kinders hulle vaders verloor (Holborn & Eddy, 2011:1). Toenemende getalle kinders word groot in enkel-ouer gesinne, meestal met slegs ʼn moeder of ʼn grootmoeder (pleegsorgmoeder) wat nie in hulle basiese behoeftes kan voorsien nie. Navorsing toon dat hierdie kinders meer geneig is tot emosionele probleme soos depressie (Holborn & Eddy, 2009:4).



© University of Pretoria

### 2.4.5 Impak op die gesin

Met die bogenoemde uitdagings waaraan die meerderheid gesinne in Suid-Afrika blootgestel word, ontstaan daar twee breë perspektiewe oor die gesin. Die een perspektief handhaaf die siening dat die gesin in Suid-Afrika besig is om te disintegreer (Magome, 2008), terwyl die ander perspektief fokus op die gesin se aanpassing by die ander substrukture in die gemeenskap, soos die ekonomie (Amoateng et al., 2004:11). Die laasgenoemde perspektief stem ooreen met die strukturele funksionalistiese benadering. Hierdie benadering stel dit dat die gesin poog om ŉ balans te handhaaf en dat die gesin nie geïsoleerd funksioneer nie, maar deur institusionele verbindings beïnvloed word. Net soos die gesin as geheel aanpas by veranderinge, moet die onderskeie gesinslede ook individueel aanpas. In die konteks van hierdie studie sal vervolgens spesifiek gefokus word op die aangepasde en veranderende funksies van die moeder en vader in die gesin. Alhoewel daar na die funksies van die moeder en die vader verwys word, is hierdie ouerlike funksies ook spesifiek van toepassing op die pleegmoeder en die pleegvader as die fokus van hierdie navorsing.

## 2.5 OUERLIKE FUNKSIES

Die verandering in die funksies van die vader en die moeder in die gesin word primêr verbind aan die verandering in die ekonomiese strukture in die samelewing (Benokraitis, 2011:146; Walters, 2011:15). Meer moeders tree tot die arbeidsmag toe om aan die finansiële eise van die gesin te voldoen (Wilson et al., 2007:29; Richter, Chikovore, Makusha, Bhana, Mokomane, Swartz & Makiwane, 2011:53). Die tradisionele geslagsverdeling van take en funksies verander na ŉ meer gelyke verdeling van funksies. Vaders raak meer betrokke by die versorging en koestering van kinders (Richter et al., 2011:52) en daar is ŉ kleiner fokus op verdeling van funksies, met beide vader en moeder wat toenemend in ŉ vennootskap werk (Walters, 2011:16). Die wyse waarop elke party die verskillende funksies opneem, word bepaal deur onder meer die gesinsvorm, die kwaliteit van die verhoudinge in die gesin, die verhouding wat elke ouer met sy eie ouer gehad het (ondervinding), individuele vaardighede en motivering, werksomstandighede van die ouers,



© University of Pretoria

finansiële status van die gesin en die persoonlikheid van die ouers (Baker & Pawlak, 2011:51; Richter et al., 2011:51).

Wilson et al. (2007:30) noem dat opvattings oor die onderskeie funksies van vaders en moeders heroorweeg moet word aangesien stereotipering nie meer van toepassing is nie. Die konstruk van vaderlike funksies en moederlike funksies word dan "anders" benader met betrekking tot die versorging en opvoeding van die kinders.

Parke (2000:45) postuleer dat daar na ouerlike funksies verwys moet word aangesien vaders en moeders dieselfde funksies in die gesin vertolk, maar net met 'n verskil in graad van verantwoordelikheid. In teenstelling met hierdie stellings dat ouerlike funksies nie geslagsgebonde is nie, beklemtoon die Department of Health and Human Services (2004:8-12) die verskille tussen die funksies van die vader en die moeder. Hulle fokus derhalwe op die belangrikheid van beide ouers in die kind se lewe en poog om die stelling: "Fathers do not mother" te hervestig.

Die Department of Health and Human Services (2004:8) het as gevolg van die analisering van meer as 'n 100 studies oor ouer-kindverhoudinge 'n aantal verskille tussen die vader en die moeder se funksie teenoor kinders in die gesin gedokumenteer:

- Ouerlike diversiteit

Kinders beleef hul vader anders as hul moeder. Vaders se kommunikasie en interaksie met kinders verskil van die van 'n moeder. Op die ouderdom van agt weke kan babas al onderskei tussen hulle interaksie met hul vader teenoor hulle interaksie met hulle moeder. Kinders leer dus van diversiteit in geslagsrolle vanuit hulle gesin.

- Vaders speel anders as moeders

In die algemeen word daar opgemerk dat vaders hul kinders meer kielie, met hulle stoei, hulle in die lug op gooi en "rof" speel. Vaders speel hardloopspeletjies saam met hul kinders en sal die "monster" speel wat die kind gaan vang. Hier teenoor sal moeders rustiger speel en meer algemeen vermanings van "nie so rof nie…



© University of Pretoria

stadiger…" uiter. Vaders moedig kompetisie aan terwyl moeders gelykheid aanmoedig, en vaders bevorder onafhanklikheid in die kind teenoor moeders wat sekuriteit bevorder. Hierdie verskil in spel, bring verder mee dat die vader se betrokkenheid in spel, die kind leer dat sekere vorms van fisiese geweld nie aanvaarbaar is nie en die kind help om selfbeheer te ontwikkel met woorde soos "dit is genoeg" asook "raak rustiger".

- Vaders bou kinders se selfvertroue

Vaders is meer geneig om kinders te ondersteun en aan te moedig om nuwe uitdagings aan te pak en nuwe hoogtes te bereik. Grense word toenemend verhoog en kinders word aangemoedig om risiko's te neem, byvoorbeeld om hoër te klim op ŉ klimraam. Moeders moedig weer die kind aan om "versigtig" te wees. Hier vertolk die moeder en die vader twee verskillende funksies, maar saam bevorder hulle die balans tussen die neem van risiko en versigtigheid.

- Vaders en moeders kommunikeer verskillend

Moeders sal hulle taalgebruik en woordeskat aanpas en vereenvoudig om met die kind op sy vlak te praat. Hierteenoor daag vaders kinders uit om hulle woordeskat en taalvaardighede te ontwikkel, wat ŉ belangrike stap in die kind se vordering tot akademiese sukses word.

- Vaders gebruik ander metodes van dissipline as moeders

Vaders fokus hulle dissipline op die gebruik van reëls en beklemtoon geregtigheid, regverdigheid asook plig, terwyl moeders hulle dissipline baseer op verhoudinge met die klem op simpatie, versorging en hulp. Deur ŉ balans tussen hierdie twee metodes te vind, ontwikkel die kind ŉ begrip van reg en verkeerd (Jordaan, 2007:30).

- Vaders berei kinders voor vir die "regte" wêreld

Moeders poog om kinders teen spesifieke gebeure soos geweld, aanvalle, ongelukke, vreemde persone en diere te beskerm, terwyl vaders kinders help om meer voorbereid te wees op negatiewe elemente in die algemene omgewing. "Generally speaking, fathers tend to see their children in relation to the rest of the world, while mothers tend to see the rest of the world in relation to their child" (Department of Health and Human Services, 2004:10).



© University of Pretoria

- Vaders dien as manlike rolmodel

Mans en vroue verskil in verskeie opsigte, byvoorbeeld hul eetgewoontes, kleredrag en hul reaksie op lewensgebeure. Vaders doen "man things" en moeders doen "women things" (Popenoe, 1996:14). Vaders dien dus as rolmodelle vir hulle seuns terwyl hulle ook aan hulle dogter wys hoe ŉ man teenoor ŉ vrou behoort op te tree (Popenoe, 1996:14). Hierdie kennis van wat manlikheid en wat vroulikheid is, verskaf emosionele sekuriteit en veiligheid aan kinders (Jordaan, 2007:31). Die Department of Health and Human Service (2004:11) verwys na navorsing deur Popenoe (1996) wat aantoon dat mans minder geneig is tot geweld teenoor vroue indien hulle ŉ positiewe rolmodel by hulle vaders beleef het.

- Vaders bring kinders in kontak met werkgeleenthede

ŉ Belangrike stap in ŉ jong volwassene se lewe is die oorgang tussen finansiële afhanklikheid en finansiële onafhanklikheid. Vaders het dikwels toegang tot diverse gemeenskapsbronne om die jong volwasse kind te help om ŉ eerste werkgeleentheid te bekom.

Op grond van Bodenstein (2008:34) se navorsingsbevindinge word die volgende funksies aan vaders toegeskryf:

- Ekonomiese voorsiener
- Opvoeder, gids, rolmodel
- Gesagsfiguur, dissiplineerder
- Metgesel, voorsiener van emosionele ondersteuning
- Beskermer
- Voorsiener van direkte sorg (versorging en vertroosting)
- Voorsiener van indirekte sorg (byvoorbeeld die herstel van klere)
- Kweker van morele en spirituele ontwikkeling deur deelname aan godsdienstige aktiwiteite.

Bogenoemde toon dat die vaderlike funksies tog van die moederlike funksies verskil, in teenstelling met die tendens om dit meer gelyk te sien. Dit dui daarop dat die vader steeds meer op die instrumentele rol en die moeder meer op die ekspressiewe



© University of Pretoria

rol fokus. Lamb (1987) in Gorvine (2010:92) verwys na die realisering van die vaderlike rol en funksies in die gesin as vaderlike betrokkenheid. Die konsep van vaderlike betrokkenheid word vervolgens bespreek.

## 2.6 VADERLIKE BETROKKENHEID

Vaderlike betrokkenheid kan gesien word as die mate waartoe die funksies wat die vader teenoor sy kinders vertolk of opneem, realiseer (Bodenstein, 2008:6; Gorvine, 2010:92; Pleck, 2007:196). Jordaan (2007:28) postuleer dat vaderlike betrokkenheid ŉ negatiewe wending ingeneem het en dat die belangrikheid van hierdie betrokkenheid geringskat word. Hy toon aan hoe die negatiewe siening van vaderlike betrokkenheid deur die hedendaagse persepsies oor vaders se betrokkenheid by kinders as volg geëtiketteer word:

- Die onnodige vader ("unnecessary father"): Hierdie persepsie oor die vader gaan van die standpunt uit dat die vader nie ŉ belangrike rol in die lewens van die kind speel nie, en dat die kind slegs een betekenisvolle ouer nodig het.
- Die "ou" vader ("old father"): Dit verteenwoordig die vader wat bedags as broodwinner en saans as strawwende ouer optree, wat deur die kinders gevrees word.
- Die "nuwe" vader ("new father"): Hierdie vaderfiguur word beskou as ŉ tweede moederfiguur en word beskou as ŉ liberale konsep van vaderskap.
- Die gewelddadige vader ("deadbeat dad"): Hiermee word die gewelddadige en onbetroubare vader bedoel wat nie finansieel vir sy kinders sorg nie.
- Die besoeker-vader ("visiting father"): Dit beskryf die vader as ŉ besoeker aan die gesin aangesien hy nie meer deel is van die gesin nie, dus die vader wat van sy vaderrol ontneem is.
- Die spermvader ("sperm father"): Hierdie etiket dui op ŉ vader wat slegs betrokke was by konsepsie, met ŉ daaropvolgende permanente afwesigheid.
- Die stiefvader: Hierdie word as ŉ plaasvervangende vader tot die biologiese vaders gesien (Jordaan, 2007:28-29).



© University of Pretoria

Die bogenoemde persepsies rakende vaderlike betrokkenheid laat die vraag ontstaan of die vader wel ŉ betekenisvolle bydrae tot kinders se lewens maak. Jordaan (2007:41) stel die teenargument dat, hoewel daar nie veralgemeen kan word nie, vaderloosheid of vader-afwesigheid oor die algemeen negatief is en die effek daarvan op verskeie lewensterreine sigbaar is, onder meer op akademiese prestasies, dissipline, selfbeskouing en emosionele sekuriteit van die kind. Die laasgenoemde stelling word deur die volgende woorde van President George W. Bush, ŉ voormalige Amerikaanse president, bevestig:

> Over the past four decades, fatherlessness has emerged as one of our greatest social problems. We know that children who grow up with absent fathers can suffer lasting damage. They are more likely to end up in poverty or drop out of school, become addicted to drugs, have a child out of wedlock, or end up in prison. Fatherlessness is not the only cause of these things, but our nation must recognize it is an important factor (Department of Health and Human Service*,* 2004:3).

Dit is derhalwe duidelik dat die betrokkenheid van die vader bepaalde voordele vir die kind en die samelewing kan inhou. HIerdie voordele sluit in langtermyn ekonomiese standvastigheid, gesinstabiliteit, positiewe interpersoonlike verhoudings, en positiewe uitkomste vir kinders ten opsigte van hul algehele ontwikkeling, akademiese prestasies en verantwoordelike sosiale optrede (Department of Health and Human Service, 2004:2; Furstenberg & Weiss, 2000:184-186; Jordaan, 2007:32; Popenoe, 1996:63).

Dit is duidelik dat die betrokkenheid van vaders by hulle kinders nie geringgeskat moet word nie en dat dit wel betekenisvol is. Popenoe (1996:163) beklemtoon hierdie betekenis met die volgende woorde:

> Fathers are far more than just "second adults" in the home. Involved fathers – especially biological fathers – bring positive benefits to their children that no other person is as likely to bring. They provide protection and economic support and male role models. They have a parenting style that is significantly different from that of mother, and that difference is important in healthy child development.



© University of Pretoria

Verskeie studies is gedoen oor die wyse waarop vaderlike betrokkenheid in die gesin realiseer en drie temas kom veral in die literatuur voor, naamlik vaders se verantwoordelikheid, interaksie en beskikbaarheid (Bodenstein, 2008:34; Parke, 2000:44; Pleck, 2007:197). Dit vorm dan ook die drie konstrukte wat in die algemeen aanvaarde omskrywing van vaderlike betrokkenheid gebruik word en deur Lamb (1987) soos beskryf in Gorvine (2010:92) omskryf is. Binne die strukturele funksionalistiese benadering kan die konstrukte interaksie en beskikbaarheid beskou word as die ekspressiewe ouerlike rol in die gesin en die konstruk verantwoordelikheid kan beskou word as die instrumentele ouerlike rol in die gesin (vergelyk punt 2.3.3). Vaderlike betrokkenheid word dus bepaal ten opsigte van die vader se betrokkenheid by sy kinders binne sy ekspressiewe rol asook die instrumentele rol wat hy vertolk. Die drie-konstruk model van vaderlike betrokkenheid word vervolgens bespreek.

### 2.6.1 Verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid ("responsibility") verwys na die rol, taak of funksie wat die vader het om die kind te versorg en voorsiening te maak vir hulpbronne om in die kind se fisiese behoeftes te voorsien (Gorvine, 2010:92). McKinney en Renk (2008:808) verwys na die verantwoordelikheidsfunksie as die tradisionele broodwinnersfunksie van die vader. Hulle beskryf dit dat seuns gesosialiseer word om hierdie rol aan te neem, eerder as om ŉ meer emosionele warm en versorgende rol in te neem.

Die Fathering Indicators Framework [sa:10] beskou die verantwoordelikheidsfunksie van die vader as die funksie wat die minste bestudeer word en ook die minste van al die verskillende vaderlike funksies verstaan word. Hulle verdeel hierdie funksie in ŉ interne en ŉ eksterne gesinsfunksie. Die interne gesinsfunksie behels die organisering en beskikbaarstelling van ŉ huislike omgewing waarin die kind veilig kan wees (ruimte, kos en klere). Die eksterne gesinsfunksie behels weer die regulering van kontak met die groter gemeenskap soos die skool en die kerk (opvoeding). Die verantwoordelikheid van die vader handel dus oor die beskikbaarstelling van geleenthede asook voorsiening in basiese behoeftes.



© University of Pretoria

Walters (2011:53) het in sy navorsing bevind dat 60% van sy respondente die verantwoordelikheidsfunksie as die uitsluitlike funksie van die man of vader in die huis beskou. Binne die Suid-Afrikaanse konteks word hierdie funksie ook tradisioneel as die vaderlike funksie beskou en Holborn en Eddy (2011:5) noem dat die onvermoë van mans om as gevolg van armoede en hoë werkloosheid in die land in die finansiële behoeftes van hulle kinders te voorsien, meebring dat ŉ groot aantal vaders nie by hulle kinders betrokke is nie. Richter (2006:63) postuleer verder dat "Desertion by fathers is often prompted by their inability to bear the burden of being primary providers". Daly (2011) bevestig dat veral jong moeders, vaders toegang tot hulle kinders weier indien die vaders nie finansieel kan bydra tot die kinders se onderhoud nie.

### 2.6.2 Interaksie

Interaksie ("engagement") dui op die vader se direkte kontak met die kind, byvoorbeeld in die fisiese versorging en gedeelde aktiwiteite (Gorvine, 2010:92). Hierdie ekspressiewe funksie is tradisioneel gesien as die moederlike funksie binne die gesin, maar Walters (2011:52) postuleer dat meer en meer vaders betrokke raak met die fisiese versorging van hulle kinders aangesien die moeders toenemend tot die arbeidsmark toetree. Die Fathering Indicators Framework [sa:11] onderskei drie vlakke van interaksie waarby die vader betrokke kan wees naamlik:

- Direkte interaksie deur te help met die fisiese versorging van kinders, insluitend die daaglikse roetine-take soos voeding, kleding en versorging van siek kinders
- Spel, insluitende fisies speel, sport en ontspanningsaktiwiteite
- Onderrig wat fokus op direkte leer, modellering en dissipline.

Pleck (2007:199) noem dat die interaksie-funksie wat deur die vader vertolk kan word, verskeie uitdagings ten opsigte van tradisionele rolverwagtinge in die samelewing bied. Dit kan bestaande opvattings rakende die stereotipering van mans en vroue omverwerp, seuns en dogters aanmoedig om saam te speel en konflik laat ontstaan weens ŉ meer gelyke verdeling van die versorgingstake in die gesin en die



© University of Pretoria

fisiese en verbale uitdrukking van emosies soos liefde. Hy wys egter daarop dat dit ook ŉ positiewe uitwerking het, byvoorbeeld deurdat die vader betrokke is by die stimulasie van die kind vir ouderdomtoepaslike ontwikkeling.

Interaksie kan slegs plaasvind indien die vader fisies teenwoordig is in die kind se lewe, maar teenwoordigheid dui nie noodwendig op interaksie nie. ŉ Vader kan derhalwe teenwoordig wees, sonder dat interaksie met die kind plaasvind. Binne die drie-konstruk model van Lamb (1997) word teenwoordigheid beskou as die beskikbaarheid van die vader (Gorvine, 2010:92). Die beskikbaarheid van die vader word vervolgens bespreek.

### 2.6.3 Beskikbaarheid

Beskikbaarheid ("accessibility") verwys na die potensiële tyd wat die vader aan interaksie met die kind afstaan, asook sy fisiese teenwoordigheid by die kind (Gorvine, 2010:92). Hierdie konstruk van vaderlike betrokkenheid kwantifiseer die hoeveelheid ure van die dag wat vaders fisies teenwoordig is om potensieel beskikbaar te wees in interaksie met sy kind, ongeag of interaksie plaasvind of nie. ŉ Voorbeeld van hierdie betrokkenheid is waar die vader sit en televisie kyk terwyl die kind sit en speel.

Volgens Richter (2006:59) dra die fisiese teenwoordigheid van die vader in die lewe van die kind by tot die kind se kognitiewe ontwikkeling, intellektuele funksionering en skoolprestasies. Dit dra voorts by tot die kind se emosionele welstand en dit blyk dat veral seuns meer beheerbaar is en sukses in die skool bereik indien hul vader meer teenwoordig en dus meer betrokke is in hul lewens is (Richter, 2006:59). Eddy (2009:3) wys daarop dat in Suid-Afrika ŉ toenemende getal vaders nie teenwoordig is in hulle kinders se lewens nie en dat die getal afwesige vaders, wat nog leef, het tussen 1993 en 2002 vanaf 31% tot 37% toegeneem het. Monama (2011:2) wys daarop dat hierdie syfers in die opvolgende tydperk van 1996 tot 2009 verhoog het, vanaf 42% na 48% in Suid-Afrika. Een van die redes wat Monama (2011:2) vir hierdie tendens aanvoer, is dat migrasie-arbeid as gevolg van skaars werksgeleenthede in sekere dele van die land, gesinne dwing om apart te woon.



© University of Pretoria

Die drie-konstruk model verdeel vaderlike betrokkenheid of die vaderlike funksies in die gesin teenoor die kind(ers) in drie konsepte wat egter ŉ eenheid vorm. Alhoewel daar afsonderlik na elke konstruk verwys is, beïnvloed die drie konstrukte mekaar wederkerig en kan dit dus nie onafhanklik van mekaar beskou word nie.

## 2.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die beskouing van die gesin vanuit die strukturele funksionalistiese benadering, met spesifieke verwysing na die gesin as substruktuur binne die gemeenskap. Dit is duidelik dat verskeie veranderinge in die gemeenskap asook ander substrukture die bestaan van die kerngesin beïnvloed. Hierdie veranderinge het gelei tot die erkenning van ŉ verskeidenheid van gesinsvorme. Ten spyte van veranderde gesinsvorme, is aangetoon dat die gesin steeds ŉ belangrike struktuur is waarbinne bepaalde gesinsfunksies, insluitende die sosialisering, versorging en emosionele ondersteunig van die gesinslede, in die samelewingte verrig word. Gesinsuitdagings waaraan gesinne in Suid-Afrika blootgestel word, plaas klem op die belangrikheid dat die gesin volhou om hierdie funksies effektief te verrig.

Om die gesinsfunkies uit te voer, moet gesinslede sekere rolle verrig. Hoewel daar aangevoer word dat die tradisionele toekenning van rolle tussen man en vrou in die gesin vervaag, blyk dit dat die man en vader steeds die meer instrumentele en die vrou en moeder steeds die meer ekspressiewe rolle in die gesin vertolk. Die wyse waarop hierdie verdeling van rolle in die versorging van die kinders manifesteer, bevestig die wenslikheid van die betrokkenheid van vaders by hul kinders. Ten spyte van persepsies wat daarop dui dat vaders ŉ minder belangrike rol in die lewe van kinders speel, dui navorsing op vele voordele wat vaderlike betrokkenheid vir kinders inhou. Die mees algemene model wat in die literatuur vir die bespreking van vaderlike betrokkenheid voorgehou word, is die drie-konstruk model waarin vaderlike betrokkenheid gesien word aan die hande van verantwoordelikheid, interaksie en beskikbaarheid.

Hierdie studie fokus op die betrokkenheid van pleegvaders by hul pleegkinders binne Child Welfare Tshwane. Pleegouers neem volgens wet die verantwoordelikheid vir



© University of Pretoria

die versorging van die kinders by die biologiese ouer oor, dus ook die gesinsfunksies en –rolle van die biologiese gesin, en die pleeggesin word as een van die gesinsvorme in Suid-Afrika erken. Die drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid is derhalwe ook van toepassing op die pleegvader in die pleeggesin. In hoofstuk 3 word pleegsorg as ŉ spesifieke gesinsvorm bespreek weens die fokus van die studie op pleegvaders se betrokkenheid by pleegkinders. Begrip vir hierdie gesinsvorm vorm die grondslag vir die kontekstualisering van die rol van die pleegvader en dus die empiriese navorsingsbevindinge van die studie.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 3

# PLEEGSORG AS GESINSVORM

## 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is 'n oorsig gebied oor die gesin en die funksies wat die gesin in die samelewing vertolk. Daar is gefokus op ouerlike funksies en ouerlike rolle vanuit die strukturele funksionalistiese benadering. Vir talle kinders in Suid-Afrika word hierdie ouerlike funksies en rolle nie binne hul biologiese gesin vervul nie. Gedurende 2010 was daar 4.4 miljoen kinders (23.9% van die totale aantal kinders in Suid-Afrika) wat by geen biologiese ouer gewoon het nie (Fast Facts, 2012a:6). Gesien in die lig dat ongeveer 'n kwart van die kinders in Suid-Afrika sonder hulle biologiese ouers grootword, is dit noodsaaklik om alternatiewe sorg-opsies vir hierdie kinders te vind. Pleegsorg as gesinsvorm word in die meeste lande as die aanvaarbaarste alternatief tot die biologiese gesin beskou (Böning, 2009:1; Nutt, 2006:7; Riggs et al., 2010:24). Daar was teen 29 Februarie 2012 ongeveer 524 378 pleegkinders in Suid-Afrika wat wetlik in pleegsorg geplaas is (Sassa Fact Sheet no. 2, 2012:1).

Die doel van hierdie hoofstuk is om vanuit die literatuur pleegsorg as alternatiewe sorg te omskryf; in die algemeen en spesifiek in Suid-Afrika met betrekking die filosofiese onderbou, die doel en beginsels waarop dit berus en die funksies wat pleegsorg vervul. Daar word voorts verwys na die rol van die pleegouer binne die Suid-Afrikaanse konteks en die uitdagings wat ten opsigte van pleegsorg ervaar word. Die hoofstuk word afgesluit met 'n bespreking van die bydrae van die rol van die pleegvader in die pleeggesin.

## 3.2 OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP PLEEGSORG

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:49) definieer pleegsorg soos volg:



© University of Pretoria

> Statutêre substituutsorg binne gesinsverband vir kinders wat op kort-, medium- of langtermyn nie deur hul ouers versorg kan word nie, terwyl dienste aan die ouers voortgesit word om die kinders binne 'n bepaalde tydsbestek weer in hulle sorg terug te plaas.

Nutt (2006:8) omskryf pleegsorg as:

> Foster care is care provided in the carers' home, on a temporary or permanent basis, through the mediation of a recognised authority, by specific carers, who may be relatives or not, to a child who may or may not be officially resident with the foster carers.

Die term "pleegsorg" kan dus beskou word as 'n plasing van 'n kind, wat of verwyder is uit die sorg van sy ouers of wat geen ouers meer het nie, in die sorg van 'n geskikte, gewillige persoon deur middel van 'n hofbevel. Hierdie persoon onderneem dan die versorging van die kind onder toesig van 'n maatskaplike werker. Pleegsorg het as sodanig ten doel om 'n positiewe versorgingsomgewing aan die pleegkind te bied.

## 3.3 DOEL VAN PLEEGSORG

Die doel van pleegsorg word in die Kinderwet (Artikel 181) as volg weergegee:

> The purposes of foster care are to –
> (a) protect and nurture children by providing a safe, healthy environment with positive support;
> (b) promote the goals of permanency planning, first towards family reunification, or by connecting children to other safe and nurturing relationships intended to last a lifetime; and
> (c) respect the individual and family by demonstrating a respect for cultural, ethnic and community diversity.

Fourie (2007:141) brei hierop uit en bespreek die doel van pleegsorg as volg:

- Om kinders te beskerm en te ondersteun en in hulle ontwikkelings-, fisiese-, psigiese-, emosionele-, geestelike- en mediese behoeftes te voorsien
- Om kinders te ondersteun, leiding te verskaf, te dissiplineer en positiewe verhoudinge aan te moedig



© University of Pretoria

- Om verhoudinge tussen kinders en hulle familie te ondersteun, aan te moedig en te fasiliteer
- Om kinders met vaardighede toe te rus
- Om permanensie te bevorder
- Om diversiteit te respekteer en
- Om kinders te sosialiseer tot verantwoordelike deelnemers in die gemeenskap.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die doel van pleegsorg, meer is as net die vind van ŉ substituutversorger vir die ouers. Nutt (2006:10) gebruik die beskrywende term “parent plus” vir die pleegouer*.* Pleegsorg word dus beskou as ŉ holistiese benadering tot versorging van die kind, wat die ontwikkeling van die kind in totaliteit ingedagte het. Dit word formeel deur wetgewing gereguleer en poog om ŉ veilige omgewing, waar geen skade aan die kind gedoen word nie, te voorsien. Die kind word versorg binne ŉ stabiele verhouding waar wedersydse respek heers.

In die praktyk word daar verskeie vorme van pleegsorg onderskei op grond van **formaliteit** en **tydperk** van versorging. Hierdie verskillende vorme van pleegsorg word vervolgens bespreek.

## 3.4 VORME VAN PLEEGSORG

Alhoewel die navorser vir die doel van hierdie studie pleegsorg omskryf as ŉ formele plasing wat deur wetgewing (ŉ hofbevel) gereguleer word, word daar kortliks ook na ander vorme van pleegsorg gekyk word met die doel om ŉ holistiese beeld van die tendense in pleegsorg in Suid-Afrika te verskaf.

### 3.4.1 Tradisionele sorg

Onder tradisionele Afrika-kultuurgroepe is dit ŉ algemene praktyk dat jong kinders van geboorte tot skoolgaande ouderdom by ouer vroue in die landelike gebiede gaan woon. Dié reëling stel die biologiese moeder in staat om die las van ŉ groot gesin te verdeel, om weer swanger te raak of om tot die arbeidsmark toe te tree. Die ouer vrou benut die geleentheid om so ŉ inkomste te verdien asook om die jong kind in



© University of Pretoria

kleiner huishoudelike take te laat verrig. Die jong kind ontwikkel terselfde tyd ŉ "plig" om die ouer vrou te versorg wanneer sy bejaard is en versorging benodig. Hierdie vorm van versorging word deur Lim (2009:62) beskryf as "urban-to-rural fostering". Na die ouderdom van ses jaar keer die kind terug na die stad vir formele skoolopleiding en word hul meestal verder deur familie (die "kinship network system") en soms deur hulle eie ouers versorg (Lim, 2009:52; Tolfree, 1995:186-188).

### 3.4.2 Informele sorg

Hierdie gebruik is ŉ verlenging van die tradisionele vorm van sorg. By informele sorg besluit die gemeenskap om verantwoordelikheid vir ŉ bepaalde kind te neem, sonder ŉ wetlike bevel of sonder vergoeding. Hierdie is die mees algemene vorm van pleegsorg in Suid-Afrika (Eddy, 2009:2). Daar word beraam dat ongeveer 3 miljoen (16% van kinders in Suid-Afrika) in 2012 in informele sorg versorg is (Fast Facts, 2012b:2). Rolverwarring vind dikwels by die kind plaas en dit is sigbaar deurdat baie kinders hul grootmoeders "ma" en hulle moeders "sisters" noem (Ramphele & Richter, 2006:75). In teenstelling hiermee noem Lim (2009:59) dat daar nie verwarring is nie, maar dat die terme binne kultuur geïnterpreteer moet word. Hy verduidelik dit aan die hand van die voorbeeld "baba wange", ŉ term wat direk vertaal kan word as "my vader". Hierdie benaming word gegee aan alle getroude mans wat in dieselfde generasie as die persoon se biologiese vader is.

Formele pleegsorg begin dikwels as informele sorg aangesien die familie of grootouers die kind inneem en vir ŉ tydperk, wat dikwels jare duur, versorg voordat die versorger by ŉ maatskaplikdiensorganisasie aanmeld vir formele pleegsorg. In sulke gevalle word formele pleegsorg meestal versoek met die oog daarop om toegang tot ŉ pleegsorgtoelaag te kry (Daly, 2011).

### 3.4.3 Formele pleegsorg

Formele pleegsorg en die verhoudinge binne hierdie alternatiewe gesinsvorm, is die fokus van hierdie studie en dus sal formele pleegsorg meer breedvoerig bespreek word. Formele pleegsorg verwys na ŉ pleegsorgplasing wat binne die wetlike



© University of Pretoria

sisteem plaasvind. In Suid-Afrika stel die Kinderwet (Artikel 180 (1)(a)) dit duidelik wat as formele pleegsorg beskou word: "…a child is in foster care if the child has been placed in the care of a person who is not the parent or guardian of the child as a result of an order of a children's court."

Formele pleegsorg word gebaseer op ŉ formele keuringsproses by ŉ maatskaplikediensorganisasies wat bepaalde standaarde voorskryf. Die voornemende pleegouers word aan ŉ keuringsproses onderwerp om te bepaal of hulle aan "good enough"- standaarde voldoen, wat ook aanvaarbaar sal wees vir die gemeenskap waarbinne hulle woon (Lim, 2009:88).

Binne formele pleegsorg, bestaan daar verskillende modelle van pleegsorg. Hierdie modelle is gebaseer op die **termyn** of die **duur** van die pleegsorgsituasie. Die verskillende modelle word vervolgens bespreek.

#### 3.4.3.1 Korttermynpleegsorg

Korttermynpleegsorg het ten doel om die kind so gou as moontlik met sy biologiese ouers te herenig. Dit is moeilik om die tydsduur van korttermynpleegsorg te bepaal aangesien die pleegplasing nie gebaseer word op ŉ spesifieke tydsduur nie, maar afhang van die vermoë van die biologiese ouers om weer die verantwoordelikheid vir die versorging van hul kind op te neem (Fourie, 2007:145). Die fokus is hier op die potensiaal van die ouers om weer die kind te versorg en die "tydelikheid" van hulle krisis te oorbrug. ŉ Voorbeeld waar korttermynpleegsorg oorweeg word, is waar die ouer van die kind vir ses maande by ŉ rehabilitasiesentrum opgeneem word. Belangrik binne ŉ korttermynplasing, is dat die ouers deurlopende toegang en kontak met hul kind moet behou (Kleynhans, 2000:23).

#### 3.4.3.2 Langtermynpleegsorg

Fourie (2007:144) beskryf langtermynpleegsorg as wanneer die herstel of hereniging van ŉ kind in sy ouers se sorg binne ŉ beplande tydperk nie haalbaar is nie, of waar daar van die begin af swak of geen prognose vir herstel by die ouers is nie. Sy bied die volgende kriteria aan vir langtermynpleegsorg:



© University of Pretoria

- die ouers het onttrek of die kind verlaat
- ouers bied swak samewerking, weier behandeling of aanvaar nie verantwoordelikheid vir die kind nie
- die oortreder (mishandeling of seksuele misbruik) is steeds deel van die gesinstruktuur is en toon geen berou of erken skuld nie
- die ouers het nie die vermoë om op intervensie te reageer nie
- die ouers het ŉ geskiedenis van geen of onvoldoende reaksie op vorige intervensieprogramme
- die probleem is chronies en geen stabilisering in die ouers se omstandighede vind plaas nie
- die kind toon ernstige skade en die ouers het beperkte begrip en vermoëns om dit te hanteer
- die ouers het persoonlikheidsversteurings, is onrealisties en is egosentries op hulle eie behoeftebevrediging ingestel
- een of beide ouers is psigoties, en
- die ouers het geen steunstelsel nie en kan nie selfstandig funksioneer nie (Fourie, 2007:145).

Langtermynpleegsorg bied geleentheid aan die kind om nog ŉ verhouding met sy ouers te hê, asook emosionele bande te behou, terwyl hulle geleentheid het om positiewe en standvastige verhoudings met ŉ ander versorger op te bou.

### 3.4.3.3 Permanente pleegsorg

Permanente pleegsorg word soms in die literatuur as sinoniem vir langtermynpleegsorg gebruik (Fourie, 2007:144). Permanente pleegsorg is wanneer ŉ kind nie meer ouers het nie, maar die pleegouer wil nie die kind aanneem nie (Kleynhans, 2000:26). Die pleegsorg duur totdat die kind sy skoolloopbaan voltooi het en selfstandig kan funksioneer. Die pleegsorgverhouding duur dikwels hierna voort aangesien die kind ŉ sterk emosionele band met die pleegouer ontwikkel het.



© University of Pretoria

Verdere pleegsorgmodelle is gebaseer op die **verwantskap** tussen die pleegkind en die pleegouers.

### 3.4.3.4 Verwante pleegsorg

Met verwante pleegsorg ("kinship care") word die kind by 'n familielid geplaas. Die familielid kan direkte familiebande met die kind hê of indirektebande deur 'n huweliksluiting in die gesin. Verwante pleegsorg is kultureel sensitief en veroorsaak na verwagting minder trauma as pleegsorg by 'n nie-verwante gesin, aangesien dit ten doel het om die familie-eenheid asook die identiteit van die kind se gesin van oorsprong te behou (Lim, 2009:150). In die praktyk word daar eers binne die familie na alternatiewe versorgers gesoek voordat 'n nie-verwante plasing oorweeg word. Die meerderheid van plasings in Suid-Afrika is verwante pleegsorgplasings (Fourie, 2009:146).

### 3.4.3.5 Nie-verwante pleegsorg

Die plasing van kinders by nie-familielede word slegs oorweeg indien daar geen familie beskikbaar is nie, waar beskikbaarheid bepaal word ten opsigte van "…available, willing and suitable…" (De Jager, 2011:44). Nie-verwante pleegsorg word gebaseer op 'n vrywillige besluit van nie-familielede om as pleegouers op te tree.

Weens die feit dat daar verskillende vorme van pleegsorg is, soos in die voorafgaande bespreking aangedui, is daar veranderlikes wat in ag geneem moet word binne elke individuele plasing, met inagneming van die voordele en nadele van die spesifieke plasing. Formele pleegsorg gee pleegouers die wetlike verantwoordelikheid vir die pleegkinders. Die wyse waarop pleegouers hierdie verantwoordelikheid uitvoer asook hoe betrokke pleegouers binne die pleegsorgsituasie gaan optree, kan beïnvloed word deur die motief vir die oorspronklike aansoek. In die volgende afdeling word gelet op die motiewe of motiverings van individue om pleegouers te word.



© University of Pretoria

## 3.5 MOTIEWE VAN PLEEGOUERS VIR PLEEGSORG

Mense raak om verskeie redes betrokke as pleegouers. Dit is belangrik om kennis hiervan te neem, aangesien dit dikwels die pleegsorgverhouding beïnvloed (De Jager, 2011:47). Twee motiewe is deur Tyebjee (2003:701) geïdentifiseer, naamlik:

- Besorgdheid oor kinders: talle kinders lewe in nood en die persoon wil ŉ verskil in ŉ kind se lewe maak. Die persoon wil aan ŉ kind ŉ positiewe gesinservaring bied; en
- Eie persoonlike bevrediging: die persoon wil betekenis aan sy eie lewe bied. Hy beskou dit as sy religieuse taak. Dit kan ook wees dat die persoon ŉ behoefte aan ouerskap het of die behoefte om sy bestaande ouerskap te verleng nadat sy eie kinders die huis verlaat het.

Fourie (2007:212) noem dat die motief om pleegsorg te oorweeg, oop of verskuil kan wees en dat die maatskaplike werker betrokke dit sinvol met die persone moet hanteer. Sy noem dat motiewe vir pleegsorg ook gegrond kan wees daarop om ŉ speelmaat vir ŉ eie kind te vind, om opvoedingsfoute ten opsigte van eie kinders reg te stel, ongesonde motiewe gebaseer op godsdienstige oorwegings en om te vergoed vir onvoltooide gesinne.

In Suid-Afrika kom ŉ verdere motief, gegrond op die beginsel van "Ubuntu" ook pertinent na vore. Lesejane (2006:174) verduidelik hierdie beginsel as ŉ gees van gemeenskaplikheid onder lede van ŉ gemeenskap of familie. "Ubuntu" word gekenmerk deur die sorg en ondersteuning vir ander, spesifiek vir die kwesbaarste lede van die groep (kinders) asook die verbintenis tot die gemeenskapsbelange. Eerwaarde Desmond Tutu, Aartsbiskop van die Anglikaanse Kerk in Suider-Afrika en Nobelpryswenner vir Vrede (1984), beskryf "Ubuntu" as volg:

> "*Ubuntu*– the essence of being human. *Ubuntu* speaks particularly about the fact that you can't exist as a human being in isolation. It speaks about our interconnectedness. You can't be human all by yourself, and when you have this quality – *Ubuntu* – you are known for your generosity" (Department of Social Development, 2008:30).



© University of Pretoria

ŉ Verdere tendens wat in Suid-Afrika voor kom, is die motief van ŉ addisionele inkomste. Pleegsorg word verrig ter wille van die pleegsorgtoelaag. Die Green Paper on Families (RSA, Ministry for Social Development, 2011) verduidelik dat toelaes aangewend word vir die bekamping en verligting van armoede aangesien die toelaes benut word om die gesin finansieel te ondersteun (ŉ gesinsvoordeel). De Jager (2011:145) bevestig hierdie stelling met haar navorsing waarin 95% van die respondente die pleegsorgtoelaag as motief vir hulle aansoek om pleegsorg aangedui het. Böning (2009:438) het ook hierdie tendens in haar navorsing gevind.

Dit blyk dus dat die motief vir pleegsorg die kwaliteit van die pleegsorg kan beïnvloed. Hierdie handeling kan die sukses van ŉ pleegsorgplasing asook uitvoer van die pleegouers se take ten opsigte van die pleegkind beïnvloed. Die take en verantwoordelikhede van pleegouers word vervolgens bespreek.

## 3.6 TAKE VAN PLEEGOUERS

Die doel van pleegsorg is om alternatiewe versorging aan ŉ kind binne ŉ "normale" gesinsopset te bied. Die take van ŉ pleegouer word beskryf in die Regulasies van die Kinderwet (Regulasie 65) met die fokus op die dag-tot-dag behoeftes van die kind in hulle sorg. Regulasie 65 lui soos volg: *"A foster parent has the responsibility of providing for the day to day needs of a foster child placed in his or her care, in accordance with the definition of "care" in section 1 of the Act… ."*

Die term "care" word omvattend in die Kinderwet in Artikel 1 omskryf:

> "'**Care'**, in relation to a child, includes, where appropriate-
> (a) within available means, providing the child with-
> (i) a suitable place to live;
> (ii) living conditions that are conducive to the child's health, well-being and development; and
> (iii) the necessary financial support;
> (b) safeguarding and promoting the well-being of the child;
> (c) protecting the child from maltreatment, abuse, neglect, degradation, discrimination, exploitation and any other physical, emotional or moral harm or hazards;
> (d) respecting, protecting, promoting and securing the fulfilment of, and guarding against any infringement of,



© University of Pretoria

the child's rights set out in the Bill of Rights and the principles set out in Chapter 2 of this Act;

(e) guiding, directing and securing the child's education and upbringing, including religious and cultural education and upbringing, in a manner appropriate to the child's age, maturity and stage of development;

(f) guiding, advising and assisting the child in decisions to be taken by the child in a manner appropriate to the child's age, maturity and stage of development;

(g) guiding the behaviour of the child in a humane manner;

(h) maintaining a sound relationship with the child;

(i) accommodating any special needs that the child may have; and

(j) generally, ensuring that the best interests of the child is the paramount concern in all matters affecting the child"

Uit die Kinderwet en die Regulasies is dit duidelik dat 'n pleegouer die omvattende take en funksies van 'n biologiese ouer, soos in Hoofstuk 2 bespreek is, uitvoer. Fourie (2007:176) vestig die aandag daarop dat pleegouers dus bemagtig moet word om soos biologiese ouers op te tree in terme van emosionele versorging ("emotional nurturing") en die bied van struktuur en dissipline binne die gesin. Kleynhans (2000:27) en De Jager (2011:85-91) beskryf die versorgingstake van 'n pleegouer soos volg:

- Fisiese versorging (voorsiening in basiese behoeftes soos voedsel, veilige huisvesting, finansies)
- Emosionele versorging (aanvaarding, liefde, vertroue, hantering van negatiewe emosies)
- Sosiale versorging (aanmoediging van vriendskappe, geleenthede vir kontakte met omgewing soos sport en modellering van gedrag)
- Opvoedkundige versorging (stimulasie, onderrig)
- Samewerking met die maatskaplike werker.

Hierdie genoemde take kom ooreen met die take van die biologiese ouers van sosialisering van kinders, die bied van ekonomiese sekuriteit asook emosionele ondersteuning en sosiale status (vergelyk Hoofstuk 2).



© University of Pretoria

As in ag geneem word dat 'n kind wat in pleegsorg geplaas word, dikwels emosioneel kwesbaar is weens sy vorige omstandighede en sy traumatiese belewenis van die redes vir sy verwydering uit sy ouers se sorg, behoort die taak van emosionele versorging beklemtoon te word (Fourie, 2007:178). Pleegkinders kan groot uitdagings aan pleegouers stel, aangesien die verwydering uit ouerlike sorg permanente negatiewe psigososiale gevolge vir die kind kan inhou. In baie situasies het die pleegkind nie voldoende of geen vertroeteling ontvang nie en was hy/sy die slagoffer van geweld of mishandeling (Louw, 2006:61). Die hantering van hierdie uitdagings word in die Kinderwet ondervang deur die bepaling dat die maatskaplikediensorganisasie hulp aan die pleeggesin verleen (Artikel 156).

Die emosionele versorging binne die gesin word vanuit die strukturele funksionalistiese benadering beskryf as die ekspressiewe ouerlike rol. Tradisioneel word die emosionele versorgingsrol deur die moeder vertolk. Die beklemtoning van hierdie rol, soos deur Fourie (2007:178) aanbeveel word, kan die pleegmoeder as hoofversorger van die pleegkind na vore laat tree en daartoe lei dat dienslewering deur maatskaplike werkers rondom die pleegmoeder sentreer. Met hierdie moontlike tendens in ag geneem, fokus die volgende bespreking op pleegsorgtendense in die Suid-Afrikaanse konteks.

## 3.7 PLEEGSORG IN SUID-AFRIKA

Die skatting van die presiese getal weeskinders in Suid-Afrika verskil tussen bronne. Tog toon syfers die styging en algemeen hoë voorkoms van weeskinders in Suid-Afrika aan. Die getal weeskinders neem met ongeveer 100 000 per jaar toe, van 3.7 miljoen in 2002 na 4.2 miljoen in 2007. Die getal weeskinders (beide ouers oorlede) het verdubbel van 352 000 in 2002 na 701 000 in 2007 (Kane-Berman, 2009:1) en 800 008 in 2010 (Fast Facts, 2012a:4). Byna 'n kwart van Suid-Afrikaanse kinders word dus sonder hulle biologiese ouers groot.

Kane-Berman (2009:1) sien MIV en VIGS as 'n rede vir die skerp toename in weeskinders: “The number of children who have lost one or both parents to AIDS is now 1.4 million, more than in many African countries. The Medical Research Council expects the toll to reach 5.7 million by 2015.” Voorts postuleer Holborn en Eddy



© University of Pretoria

(2011:2) dat meer biologiese vaders as biologiese moeders in Suid-Afrika tot sterwe kom. Tabel 3.1 gee ŉ aanduiding dat ongeveer 80% van enkelouer-weeskinders, hulle vader verloor het (paterne weeskinders) teenoor 20% enkelouer-weeskinders wat in 2009 hulle moeder verloor het (materne weeskinders).

Tabel 3.1: Getal paterne weeskinders teenoor materne weeskinders (2009)

| **Paterne weeskinders** | **Materne weeskinders** |
|---|---|
| 2 468 000 | 624 000 |

(Holborn & Eddy, 2011:2)

In 2009 was daar dus ŉ totaal van 3 092 000 enkelouer weeskinders in Suid-Afrika. Verdere statistiek dui daarop dat alhoewel meer vaders as moeders sterf, meer vaders ook verkies om nie deel van hulle kinders se lewens te wees nie, al lewe hulle (Kane-Berman, 2009:1; Holborn & Eddy, 2011:2; Fast Facts, 2012b:5).

Tabel 3.2: Persentasie kinders wie se vaders leef, maar afwesig is (2009)

| **Ras** | **Persentasie** | |
|---|---|---|
| Swart | 46% (1996) | 52% (2009) |
| Kleurling | 34% (1996) | 41% (2009) |
| Indiër | 17% (1996) | 12% (2009) |
| Blank | 13% (1996) | 15% (2009) |
| **TOTAAL** | 42% (1996) | 48% (2009) |

(Holborn & Eddy, 2011:2)

Tabel 3.2 gee ŉ aanduiding van die verspreiding van die persentasie vaders wat leef, maar afwesig is in die lewens van hulle kinders volgens rasse-indeling in Suid-Afrika. In al die bevolkingsgroepe, behalwe onder die Indiërbevolking, is daar ŉ toename in afwesighede van vaders. ŉ Moontlike verduideliking van hierdie tendens kan gevind word in die bespreking van die veranderde gesinstrukture en die uitdagings waaraan gesinne in Suid-Afrika blootgestel word (hoofstuk 2). Barker en Pawlak (2011:30) asook Fast Facts (2012b:6) postuleer byvoorbeeld dat indien die vader in die gesin werkloos is, hy ŉ gevoel van mislukking beleef en nie betrokke in die gesin wil wees nie. Die vader onttrek sodat hy nie die gesin teleurstel nie en die



© University of Pretoria

gesin ook nie die “skande” van sy mislukking beleef nie. In Suid-Afrika is daar tans na beraming 4,2 miljoen mense werkloos, waarvan 70% jonger as 34 jaar is. Hierdie syfers dui aan dat ongeveer 24% van mense wat moontlik wil werk, werkloos is (Statistiek SA: Werkloosheid neem af, 2012).

Tabel 3.2 dui verder daarop dat byna die helfte (48%) van kinders in Suid-Afrika sonder ŉ vader in die gesin grootword. Hierdie tendens word bevestig as daar na die gesinsvorme in die land gekyk word. In Hoofstuk 2 is daarop gewys dat die kerngesin in Suid-Afrika aan die kwyn is en dat die uitgebreide gesin die mees verteenwoordigende gesinsvorm in Suid-Afrika is. Tabel 3.3 bied ŉ uiteensetting van hoe die kerngesin asook biologiese enkelouergesinne in Suid-Afrika daaruitsien.

Tabel 3.3: Kinders wat by hulle biologiese ouers woon volgens ras (2007)

| | **Beide ouers** | **Slegs moeder** | **Slegs vader** | **Geen ouer** |
|---|---|---|---|---|
| **Swart** | 4 423 000 | 6 573 000 | 435 000 | 4 010 000 |
| **Kleurling** | 815 000 | 550 000 | 31 000 | 171 000 |
| **Indiër** | 261 000 | 33 000 | 7 000 | 16 000 |
| **Blank** | 772 000 | 134 000 | 43 000 | 19 000 |
| **Totale getal** | 6 274 000 | 7 290 000 | 216 000 | 4 212 000 |
| **Persentasie van die totale getal kinders** | 34.3% | 39.9% | 2.8% | 23.0% |

(Fast Facts for Local Government, 2009:9-10)

Vanuit die tabel kan daar dus gesien word dat die statistiek vir Suid-Afrika, die tendens toon dat amper 40% van die bevolking se kinders by vroulike enkel-ouers woon. Holborn en Eddy (2011:1) bevestig hierdie tendens “In South Africa, the typical child is raised by their mother in a single-parent household”. Nutt (2006:12) verduidelik hierdie tendens ten opsigte van die pleegsorgprofiel van ŉ land, naamlik dat dit ooreenstem met die nasionale patroon, behalwe dat die pleegouers ouer is as ouers met kinders van dieselfde ouderdom in die algemene populasie. In die praktyk word waargeneem dat die materne grootmoeder, wat die uitgebreide gesin



© University of Pretoria

verteenwoordig, haar kleinkinders binne ŉ pleegsorgplasing versorg (Fourie, 2007:157).

Die data wat van Child Welfare Tswane ontvang is aangaande hulle pleegsorgpopulasie, bevestig dat die meerderheid van hulle pleegsorgplasings by vroulike enkel-ouer grootmoeders plaasvind (Daly, 2011). Uit 1258 geregistreerde pleegouers is slegs 110 pleegvaders. In tabel 3.4. word aangetoon hoe die getal kinders in pleegsorg tussen die jare 1998 tot 2009 toegeneem het.

Tabel 3.4: Pleegsorgsyfers in Suid-Afrika

| **JAAR** | **GETAL KINDERS IN PLEEGSORG** |
|---|---|
| 1998 | 43 906 |
| 2009 | 483 800 |

(Children's Institute, 2010)

Tabel 3.4 toon die tendens aan dat die getal pleegkinders in Suid-Afrika in die genoemde 12 jare met byna 11 keer vermenigvuldig het. Böning (2009:4) wys daarop dat die pleegsorgsisteem wêreldwyd, en ook spesifiek in Suid-Afrika, te staan kom voor ŉ toenemende aanvraag na dié diens. Sy skryf die toename in pleegsorgplasings aan armoedeverligting en toegang tot basiese hulpbronne toe. Böning (2009:1) wys egter daarop dat pleegsorg bedoel is as alternatiewe sorg vir verwaarloosde, mishandelde en misbruikte kinders, of wanneer kinders aan ander omstandighede soos omskryf in Artikel 150 van die Kinderwet blootgestel word. Die bogenoemde kan daarop dui dat die gesinsuitdagings wat in Hoofstuk 2 bespreek is, bydraende faktore tot die toename in pleegsorgplasings in die land is.

ŉ Verdere faktor wat in ag geneem moet word, by die tendens van toename in pleegsorgplasings, is dat Suid-Afrika oor die afgelope jare groot veranderinge ondergaan het ten opsigte van die beleid en werkswyse ten opsigte van pleegsorg. Van die mees betekenisvolle veranderinge op die terrein van kinderbeskermingsdienste was wetgewing soos die Witskrif vir Welsyn, die fokus op



© University of Pretoria

kinderregte en die instelling van die Kinderwet (The Children's Act, Act 38 of 2005) volgens Böning (2009:2).

### 3.7.1 Die pleegkind in die pleeggesin

Kinders wat in pleegsorg geplaas word, is sorgbehoewend bevind ingevolge Artikel 150 van die Kinderwet. Dit impliseer dat pleegkinders verwaarloos of gedepriveerd in hulle ouerhuise kon wees (Bruskas, 2008:70; Fourie, 2007:178). Deprivasie word beskou as ŉ "Toestand wat gekenmerk word deur ŉ gebrek aan fisiese, sosiale of emosionele ondersteuning soos byvoorbeeld inkomste, behuising, opvoeding en ouerlike sorg wat algemeen aanvaar word as noodsaaklik vir menslike bestaan" (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:11). Hierteenoor word verwaarlosing beskou as die gevolg van die onvermoë van ŉ ouer om ŉ kind emosioneel, fisies, psigies en intellektueel te help ontwikkel en groei (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1995:69).

Met bogenoemde in ag geneem, toon kinders in pleegsorg dikwels ontwikkelingsagterstande. Agterstande wat by pleegkinders waargeneem kan word, sluit in agterstande van fisiese-, motoriese- en spraakontwikkeling, swak interpersoonlike verhoudings en problematiese gedrag (Louw, 2006:47-49).

Die literatuur stel dit egter duidelik dat pleegkinders nie net blootgestel word aan verwaarlosing en deprivering voor hulle in pleegsorg geplaas word nie, hulle kon ook blootgestel wees aan ernstige trauma (Bruskas, 2008:70; Louw, 2006:50). Fostering Perspectives (2005) beskryf trauma as "… a psychologically distressing event that is outside the range of usual human experience, one that induces an abnormally intense and prolonged stress response." Die laasgenoemde bron beskou fisiese en seksuele misbruik as die algemeenste trauma wat deur pleegkinders ervaar word. Indien trauma nie hanteer word nie, kan dit tot posttraumatiesestresversteuring ly. Hierdie versteuring kan verdere ontwikkelingsagterstande asook emosionele probleme veroorsaak.

Bruskas (2008:70) beskryf pleegkinders dus as ŉ "vulnerable population" wat voortgesette maatskaplikewerk-intervensie benodig. Die gevolge van hul trauma kan



© University of Pretoria

daartoe lei dat pleegkinders tot verhoogde stres in die pleeggesin kan bydra. Böning (2009:136), De Jager (2011:70) en Delport, Roux en Rankin (2008:314) beklemtoon die belangrikheid van maatskaplikewerkdienste aan pleeggesinne en dat dit nie net ŉ enkele kontak een maal per jaar kan wees nie. Dienslewering aan pleeggesinne word vervolgens bespreek.

### 3.7.2 Dienslewering aan die pleeggesin

Met pleegsorg moet daar volgens die Kinderwet deurlopend dienste aan die pleeggesin gelewer word en moet daar elke twee jaar terugvoer rondom die plasing aan die owerhede voorsien word (Fast Facts, 2012b:2). Indien die betrokke kinders aangeneem word, word geen verdere dienste deur maatskaplike werkers wetlik voorgeskryf nie, behalwe indien die individuele saak dit vereis. Daar was tussen 2005 en 2010 ongeveer 300 000 nuwe pleegsorgplasings teenoor 15 000 nuwe aannemings (Adoption’s cyber home, [sa]). Uit navorsing blyk dit dat gesinne die pleegsorgtoelaes verkies as ŉ vorm van armoedeverligting (RSA, Ministry for Social Development, 2011). Die gevolge van hierdie tendens dat gesinne pleegsorg bo aanneming verkies, beteken dat maatskaplike werkers toenemend meer sake moet hanteer, wat tydrowend en duur is (Böning, 2009:439). Maatskaplike werkers spandeer die meeste van hulle tyd aan nuwe pleegsorgplasings en die administrasie van pleegsorgsake en kom nie by die belangrike deel uit van ondersteuning, beskerming en ontwikkeling van die pleegkind en die pleeggesin nie (De Jager, 2011:58).

ŉ Verdere aspek wat dienste aan pleeggesinne beïnvloed is dat die Kinderwet nie volledig geïmplementeer kan word nie aangesien daar nie voldoende maatskaplike werkers en opgeleide hofbeamptes in die land is om te help met die implementering nie (Magome, 2008). Maatskaplike werkers se gevalleladings is te groot om die addisionele take wat die nuwe wet meebring, te behartig.



© University of Pretoria

Tabel 3.5: Geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika (2012)

| Populasie | Maatskaplike werkers werksaam by die staat | Maatskaplike werkers werksaam nie-regerings organisasies | Verhouding populasie tot maatskaplike werker |
|---|---|---|---|
| 50 586 757 | 6655 | 2 634 | 5 446:1 |

(South African Institute of Race Relations, 2012)

Met die data van Tabel 3.5 is dit duidelik dat daar altesaam 9289 geregistreerde maatskaplike werkers in Suid-Afrika is wat in 2012 werksaam was by die staat of by nie-regeringsorganisasies. Die verhouding tussen die 9289 maatskaplike werkers en die populasie van Suid-Afrika is 5446 tot 1. Volgens huidige internasionale standaarde behoort die verhouding 5 000 tot 1 te wees (South African Institute of Race Relations, 2012). Volgens South African Institute of Race Relations (2012) word ongeveer 16 504 geregistreerde maatskaplike werkers benodig om net die Kinderwet ten volle te implementeer. Hierdie implementering sluit dan nie die ander maatskaplike dienste in wat ook deur maatskaplike werkers in die land verrig word nie, soos dienste wat verband hou met substans-afhanklikheid, ouer persone, misdaadvoorkoming, misdaadondersteuningsdienste, MIV, en andere. Ten spyte van strategieë om meer maatskaplike werkers op te lei en te behou, bly die tekort voortbestaan (Department of SocialDevelopment, 2009).

Die tekort van maatskaplike werkers, opgeleide hofbeamptes om leiding in die Kinderhowe te neem en pleegouers, asook hoë gevalleladings van maatskaplike werkers veroorsaak dat pleegsorgsake en pleegsorggesinne nie voldoende dienste of ondersteuning in Suid-Afrika ontvang nie (Delport et al., 2008:314). Böning (2009:145) stel die volgende dienslewering aan pleegouers voor:

- Inligting ten opsigte van hulpbronne soos mediese dienste, skool, kerklike en sielkundige of maatskaplike hulpverlening, ondersteuningsgroepe, en dienste deur vrywilligers
- Hulp vir die aansoek om die uitbetaling van die pleegouertoelae



© University of Pretoria

- Pleegsorgtoesigdienste om die pleegouers te help om 'n vasgestelde roetine vir die kind uit te werk ten einde veiligheid en sekuriteit te bied
- Hulp aan die pleeggesin om in die pleegkind se basiese behoeftes van gesonde voeding en eetgewoontes, persoonlike higiëne, genoegsame kleding, ontspanningsgeleenthede, die bewaring van persoonlike eiendom, en respektering van die kind se privaatheid betreffende pos, telefoonoproepe en persoonlike ruimte te voorsien
- Hulp om die kind se etnies-kulturele erfenis, tradisies, taal en godsdienstige aspekte, veral as dit verskil van dié van die pleeggesin, te respekteer
- Inligting oor die kind se opvoedkundige geskiedenis en vervulling van opvoedkundige behoefte
- Daarstel van 'n ooreenkoms met die biologiese ouers ten opsigte van besoekreëlings
- Riglyne oor die hantering van trauma soos mishandeling en insidente van misbruik van alkohol of dwelms
- Die handhawing van vertroulikheid ten alle tye, wat bevestig kan word deur die ondertekening van 'n werksooreenkoms
- Die gebruik van positiewe dissiplinêre metodes in ooreenstemming met die kind se ontwikkelingsfase en 'n verbod op lyfstraf.

Hierdie dienste het ten doel om die pleegouers te help om in die pleegkind se behoeftes van versorging te voorsien. 'n Pleegsorgplan word opgestel om die ooreenkoms tussen die pleegouers, pleegkind en maatskaplike werker te formaliseer. De Jager (2011:54) beskou die pleegsorgplan as die "… musts; mays and may nots…" van die pleegsorgplasing. Die pleegsorgplan moet gereeld hersien word en al die partye betrokke neem aktief deel in besluitnemings. Bruskas (2008:72) postuleer dat "Historically, child welfare has not been held accountable for performance outcomes related to children in foster care", maar dat die pleegsorgplan hierdie situasie verander het.

Wilson, Petrie en Sinclair (2003:991-992) meld dat verskeie veranderlikes 'n invloed op die dienslewering aan pleegkinders sal hê. Die geïdentifiseerde veranderlikes is die pleegkind se ouderdom, liggaamlike of geestesongesteldhede, ras, geslag,



© University of Pretoria

opvoedkundige behoeftes, gedragsprobleme, kontak met die biologiese ouers indien hulle betrokke is, of dit ŉ familieplasing is al dan nie, en of die plasing op die kort- of langtermyn beplan word. Spesifiek ten opsigte van die pleegkind self, stel Wilson et al. (2003:1000) die volgende dienste voor:

- Die pleegkind kan gehelp word om ŉ eie identiteit te ontwikkel deurdat sy/haar verlede met hom/haar deurgewerk word.
- Pleegkinders se intellektuele ontwikkeling moet bevorder word. Hul prestasies moet geïdentifiseer word en hul moet daarvoor geprys word. Voorts moet hulle aangemoedig en gehelp word om sukses te behaal.
- Die pleegkind moet hom- of haarself sien as ŉ waardevolle persoon wat van dieself hou en leer om ŉ sin vir humor te ontwikkel.
- Die pleegsorgplasing moet sekuriteit bied met ruimte vir ander verhoudinge, sonder kompeterende of bedreigende elemente.

Dit is nodig om daarop te let dat elke pleegsorgplasing asook elke pleegkind geïndividualiseer moet word. Elke pleegkind sal dus dienste afhangende van sy spesifieke behoeftes benodig. Die plan van dienslewering moet ook gedurende die verloop van pleegtoesigdienste volgens die behoefte van die pleegkind aangevul of gewysig word.

Die voorafgaande bespreking dui daarop dat pleeggesinne meer uitdagings as nie-pleeggesinne kan ervaar. As gevolg van al die invloede van die ander strukture in die gemeenskap, kan pleegouers dikwels nie hulle rolle as pleegouers vertolk sonder hulp van buite die gesin nie (Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 1997:60). Dit herbeklemtoon die belangrikheid van maatskaplikewerkdienslewering aan pleeggesinne om hulle ten opsigte van hierdie potensieel groter uitdagings aan die gesin te ondersteun.

In die lig van hierdie groter uitdagings, kom die belangrike rol van die pleegouers in die versorging van die pleegkind duidelik na vore, beide betreffende die instrumentele en die ekspressiewe funksies van die gesin soos in hoofstuk 2 bespreek. Hierdie aspek word nou verder bespreek.



© University of Pretoria

### 3.7.3 Die belangrikheid van die gesinslewe in die pleeggesin

Die White Paper for Social Welfare erken dat die gesin die basiese eenheid van die gemeenskap is en dat die welstand van die kinders afhanklik is van die gesin se vermoë om effektief te funksioneer. Dit wys verder daarop dat kinders "…need to grow up in a nurturing and secure family that can ensure their survival, development, protection and participation in family and social life" (Department of Social Development, 1997:15, 60) aangesien hulle kwesbaar is. Pleegkinders word in pleeggesinne geplaas sodat die pleegkind binne ŉ gesin kan grootword.

Die beweging om sorgbehoewende kinders sover moontlik in gesinsverband eerder as in inrigtingsorg te plaas, bly die aangewese opsie in Suid-Afrika nieteenstaande al die uitdagings wat gesinne in die gesig staar. Hierdie beweging het ten doel dat kinders die geleentheid moet kry tot normale ervarings soos gesinslewe, gemeenskapsaktiwiteite, portuurgroepverhoudings en skolastiese prestasies (Böning, 2009:110,232). Dit beklemtoon verder dat die gesin wel nog verskeie funksies in die gemeenskap vertolk en bevestig ook dat die vader in die gesin ook spesifieke funksies het soos in hoofstuk 2 bespreek. Daar word vervolgens gefokus op die pleegvader as ouer vir die pleegkind.

## 3.8 PLEEGVADERS AS OUERS

In die soeke na literatuur oor pleegvaders en die rol of funksies van die pleegvaders, is daar tot die slotsom gekom dat pleegvaders in die literatuur geïgnoreer word (Gilligan, 2000:63). Dié tendens word ook in die praktyk waargeneem deur die feit dat pleegvaders gewoonlik nie betrek word in dienslewering binne maatskaplikediensorganisasies nie (Wilson et al., 2007:22). Newstone (2000:38) bevestig hierdie tendens deur die volgende stelling: "In the arena of foster care, men are morelikely to be presented as a potential risk – as abusers or as the subject of allegations – than in terms of their positive attributes as carers". Gilligan (2000:64) beskou die pleegvader egter as baie belangrik binne die pleegsorgplasing en bied die volgende redes hiervoor aan:



© University of Pretoria

- **Die emosionele betekenis wat die pleegkind aan ŉ manlike versorger heg:** Die pleegkind het voor die pleegplasing reeds ŉ verhouding met sy/haar eie biologiese vader of manlike rolmodel gehad. Hierdie verhouding word dikwels gekenmerk deur die voorkoms van onrealistiese verwagtinge, onverantwoordelikheid, afwesigheid, intimidasie, misbruik en geweld. Die pleegvader kan as manlike rolmodel ŉ "nuwe" beeld van die vaderlike rol skep en ŉ voorbeeld van ŉ gesondevader-kind verhouding aan die pleegkind stel (Newstone, 2000:44; Riggs et al., 2010:24). So ŉ verhouding kan dus daartoe lei dat die kind ŉ positiewe emosionele betekenis aan die vaderfiguur heg.
- **Pleegvaders as toepaslike rolmodelle vir pleegkinders:** Pleegvaders kan ŉ voorbeeld aan die pleegkinders stel van hoe om in ŉ veilige, betroubare, warm en gelukkige omgewing te woon. ŉ "Normale" gesinstruktuur kan aan die pleegkind gebied word waarbinne die pleegkind geslagstoepaslike gedrag kan aanleer (Wilson et al., 2007:30).
- **Pleegvaders as mentors in pleegkinders se sosiale ontwikkeling:** Waar daar ŉ pleegvader in die pleeggesin aanwesig is, kan pleegkinders beide manlike en vroulike sosiale rolle waarneem en ŉ meer holistiese beeld van die gesin en die samelewing vorm. ŉ Holistiese beeld bied groter stabiliteit vir die aanleer van sosiale vaardighede, wat positiewe gedrag by die pleegkind kan bevorder (Newstone, 2000: 44; Walters, 2011:11).
- **Pleegvaders se invloed op die pleegmoeder se houding tot pleegsorg:** Die pleegvader se emosionele en praktiese ondersteuning kan van kritiese belang wees in beide die hantering van die daaglikse take en van krisisse wat mag ontstaan. Ondersteuning aan die pleegmoeder kan die pleegmoeder help om situasies en probleme meer effektief te hanteer en minder spanning te ervaar (Gilligan, 2000:65).
- **Pleegvaders se rol ten opsigte van die pleegkind se ontwikkeling:** Navorsing dui op die belangrikheid wat die teenwoordigheid van ŉ vader in die lewens van kinders speel (Gilligan, 2000:66; Fast Facts, 2012b:5). In die pleeggesin kan die teenwoordigheid van die pleegvader op soortgelyke wyse die pleegkind se ontwikkeling bevorder.



© University of Pretoria

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat pleegvaders, buiten die reeds genoemde vaderlike funksies soos in hoofstuk 2 bespreek, ook ŉ aanvullende rol tot dié van die pleegmoeder binne die pleegsorggesin lewer. Dit bevestig die belangrike rol wat pleegvaders in die pleeggesin kan speel en die sinvolheid daarvan om hulle, soos die pleegmoeders, by maatskaplikewerkdienslewering aan die pleeggesin in te sluit. Walters (2011:3) noem dat pleegvaders "… may be more willing than we expect to participate and that it is just as a result of habit that we pay more attention to foster mothers." Die erkenning van die rol wat die pleegvader in die pleeggesin vertolk, kan daartoe bydra dat die pleegsorgplasing beter verloop en dat positiewe uitkomste ten opsigte van die pleegkind bereik kan word (Newstone, 2000:46).

## 3.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan pleegsorg as ŉ gesinsvorm met spesifieke verwysing na die doel van pleegsorg, vorme van pleegsorg en motiewe vir pleegsorg. Die pleegouer neem wetlik die verantwoordelikheid van die biologiese ouer ten opsigte van die versorging van die pleegkind oor. In hierdie hoofstuk is aangedui wat hierdie take van die pleegouer behels met spesifieke verwysing na Suid-Afrikaanse wetgewing

In Suid-Afrika is daar ŉ verhoogde voorkoms van pleegsorg. Die kind wat in pleegsorg geplaas word, is dikwels getraumatiseer deur die lewensgebeure wat hul verwydering uit ouerlike sorg voorafgegaan het, asook deur die verwydering self. Die besondere rol wat die pleegouer in die versorging en ondersteuning van hierdie kinders speel, kom dus duidelik na vore. Hoewel die Kinderwet bepaal dat die pleegouers maatskaplikewerkdienste ontvang, veroorsaak die gebrek aan maatskaplike werkers in die land dat hierdie funksies dikwels oorgesien word. Soos in die bespreking in hoofstuk 2 oor die rolle en funksies van die gesin, dui die bespreking oor pleegsorg in hierdie hoofstuk ook op die belangrike rol wat die vader ten opsigte van die kinders in die gesin vertolk. Dit dui daarop dat die betrokkenheid van die pleegvader ŉ positiewe invloed op die ontwikkeling en funksionering van die pleegkind kan hê, maar ook die stabiliteit en die kwaliteit van die pleegplasing kan verhoog.



© University of Pretoria

In die volgende hoofstuk (hoofstuk 4) word die empiriese bevindinge van hierdie studie rakende die betrokkenheid van pleegvaders by hul pleegkinders in Child Welfare Tshwane bespreek. In ooreenstemming met literatuur, word gevind dat die pleegvader dikwels nie direk by pleegsorgdienste betrek word nie. Organisasies soos Child Welfare Tshwane kan dienste aan pleegvaders beplan indien meer inligting oor hulle betrokkenheid by die pleegkind verkry word.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSBEVINDINGE

## 4.1 INLEIDING

Hierdie studie het gefokus op die betrokkenheid van pleegvaders by hul pleegkinders. Newstone (2000:43) verwys na een studie (Cautley, 1980) wat reeds ŉ paar dekades gelede getoon het dat, hoe meer ŉ pleegvader betrokke is by sy pleegkinders, hoe groter is die kanse dat die pleegsorgplasing as suksesvol beskou kan word en dat die plasing ook stabiel bly. Hierdie stelling word meer onlangs deur Walters (2011:20) beaam, wat verduidelik dat die betrokkenheid van pleegvaders goed is vir die pleegkinders.

Gesien in die lig dat min inligting en kennis beskikbaar is oor die betrokkenheid van pleegvaders by hulle pleegkinders, is ŉ verkennende ondersoek uitgevoer na die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by hulle pleegkinders binne Child Welfare Tshwane. Volgens Mouton en Marais (1992:45) kan die doelwitte van verkennende navorsing wees om nuwe insigte oor ŉ verskynsel te bekom.

Die navorsing oor die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders is grootliks gerig om teoretiese en empiries-gegronde insig te ontwikkel met die oog daarop om ŉ bydrae te lewer tot die beplanning en uitvoering van pleegsorgdienste binne Child Werfare Tshwane, asook om verdere prioriteite vir navorsing vas te stel. Die studie is gegrond in toegepaste navorsing, weens die feit dat ŉ praktiese probleem ondersoek is (Brynard & Hanekom, 2006:7; Fouché & De Vos, 2011:80).

Die doel van hierdie studie was om die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane te verken. Die doelwitte wat hieraan gekoppel is, is:

- Om die vaderlike rol en vaderlike betrokkenheid binne die pleegsorgkonteks te omskryf



© University of Pretoria

- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van hul direkte interaksie en kontak met die pleegkind(ers)
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die beskikbaarheid van hul tyd en fisiese teenwoordigheid by die pleegkind(ers)
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van besluite en lewensmiddels vir die pleegkind(ers)
- Om uit die resultate van die studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak oor moontlike intervensieprogramme aan pleegvaders binne Child Welfare Tshwane.

Weens die feit dat hierdie ŉ verkennende studie was, is dit deur ŉ navorsingsvraag gerig (Fouché & De Vos, 2011:95). Die vraag "Wat?" word beantwoord (Welman et al., 2005:15) synde "*Wat is die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane?*"

## 4.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsingsmetodologie wat in hierdie studie gevolg is, kan beskryf word as die sistematiese proses van wetenskaplike ondersoek en die standaard opeenvolgende stappe wat geneem word om begrip vir die wêreld om ons te ontwikkel (Fouché & Delport, 2011:61). Die wetenskaplike metode wat gevolg was, is logies en ordelik en bestaan uit vier elemente (Babbie & Mouton, 2001:72):

- Die navorsingsvraag / probleem
- Die navorsingsontwerp
- Die empiriese bewyse / data-insameling
- Die gevolgtrekking.

Volgens Leedy (in Fouché & Delport, 2011:62) kan die proses wat gevolg word, beskryf word as ŉ spiraal aangesien die navorsing begin het met ŉ navorsingsvraag en geëindig het met antwoorde. In die navorsingsproses het die navorser verskeie



© University of Pretoria

addisionele probleme en vrae beleef. Vandaar dan die stelling "Research begets more research" (Fouché & Delport, 2011:62), want met hierdie navorsing word daar nie gepoog om alle vrae te beantwoord nie, maar slegs om ŉ deel van die konsep betrokkenheid van pleegvaders by hulle pleegkinders te verken en te beskryf.

### 4.2.1 Navorsingsbenadering

Met die doel van hierdie studie in gedagte, naamlik om die aard van die pleegvader se betrokkenheid by hulle pleegkinders binne Child Welfare Tshwane te verken, is ŉ positivistiese benadering tot navorsing gevolg naamlik die kwantitatiewe benadering. Die kwantitatiewe benadering het die navorser toegelaat om objektief die veranderlike (pleegvader betrokkenheid) te verken. Die navorser het die data wat ingesamel is deur middel van ŉ vraelys noukeurig verken en die veranderlikes in meetbare hoeveelhede gekwantifiseer. Sodanige navorsing is dus meer ingestel op die spesifieke definiëring van die wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe, dus die meetbare aspekte van menslike gedrag (Babbie & Mouton, 2001:22-29; Creswell, 2003:4-9; Fouché & Delport, 2011: 64; Welman et al., 2005:6).

### 4.2.2 Soort navorsing

In hierdie studie is toegepaste navorsing gevolg weens die doel om ŉ praktiese vraag of probleem te ondersoek (Brynard & Hanekom, 2006:7; Fouché & Delport, 2011:80). Volgens Bawa en Mouton (2002:296-337) en Jenson (2006:195) moet toegepaste navorsing meer wees as net die skep van nuwe kennis. Navorsing moet sosiale waarde hê (die verbetering van lewe), dit moet entrepreneuriese waarde hê (die skep van nuwe besigheidsgeleenthede) en dit moet praktiese waarde hê (nuwe kennis moet toegepas word om die lewenstandaard van mense te verhoog). Navorsing moet dus positiewe gevolge of nut vir die gemeenskap inhou, in die geval van hierdie navorsing, vir Child Welfare Tshwane (Fouché & De Vos, 2011:94). Child Welfare Tshwane het skriftelike toestemming aan die navorser verskaf om hierdie studie binne die organisasie te onderneem (Bylae A).

Die beoogde nut van hierdie navorsing was dat insig ontwikkel kon word oor die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by hulle pleegkinders. Hierdie insig kan



© University of Pretoria

benut word om maatskaplike werk intervensie-programme ten opsigte van pleegvaders te beplan aangesien pleegvaders histories nie by pleegsorgdienste betrek word nie (Daly, 2011). Walters (2011:45) beskryf die gevolge van hierdie leemte soos volg: "…fathers are easily excused at appointments…because they have work commitments, or they are not the prime caretakers of their children… excused from involvement because of traditional gender roles."

Die navorsingsvraag is reeds gestel as eerste element van die navorsingmetodologie en die rasionaal daarvan is na verwys. Daar sal vervolgens na die tweede element van die navorsingmetodologie, die navorsingsontwerp gekyk word.

### 4.2.3 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp het die bloudruk verskaf wat in hierdie navorsing gevolg is (Mouton, 2001:55). Die navorsingsontwerp het die navorser in staat gestel om te besluit oor die navorsingsprosedure wat gevolg moes word om tot gevolgtrekkings oor die navorsingsvraag te kom (Welman et al., 2005:52). Fouché en Delport (2011:73) bevestig dat die kwantitatiewe navorsingsontwerp fokus op die keuse tussen ŉ eksperimentele-, kwasi-eksperimentele- en opname-ontwerp (nie-eksperimentele ontwerp).

Die studie is uitgevoer volgens ŉ nie-eksperimentele navorsingsontwerp wat die konsep vaderlike betrokkenheid eenmalig gemeet het. Hierdie ontwerp het die navorser in staat gestel om deur middel van ŉ opname inligting van ŉ groot steekproef in te samel (Fouché, Delport & De Vos, 2011:156).

Die eenvoudigste nie-eksperimentele navorsingsontwerp staan bekend as die korrelasie-ontwerp (Welman et al., 2005:94). Korrelasie-navorsing word dikwels benut binne ŉ verkennende studie, as die eerste stap in verklarende navorsing om te bepaal of daar ŉ verhouding tussen veranderlikes is (Fouché & De Vos, 2011:96). In hierdie studie was dit onder andere van waarde om te weet wat die aard en moontlike verband tussen die drie konsepte van vaderlike betrokkenheid, naamlik interaksie, beskikbaarheid, en verantwoordelikheid is. Welman et al. (2005:94)



© University of Pretoria

postuleer egter dat alhoewel hierdie ontwerp gefokus is op die verkenning van korrelasies tussen verskillende veranderlikes, ander tegnieke ook benut word in die analisering van data.

### 4.2.4 Navorsingsmetode

Die navorsingsmetode dui op die plan om die deelnemende respondente te kry en inligting van hulle te bekom (Welman et al., 2005:55). Die navorsingsmetode wat aangewend is vir die doeleindes van hierdie studie word derhalwe uiteengesit.

#### 4.2.4.1 Populasie en steekproef

Baker (2003) soos beskryf in Strydom (2011b:224) beskou 'n steekproef as bestaande uit elemente van die populasie wat by die studie ingesluit kan word. Die steekproef is 'n poging om die populasie, waaruit dit geneem is, te verstaan. Dit is selde moontlik om die totale populasie te betrek weens beperkte tyd en bronne, sowel as die hantering van groot hoeveelhede data en daarom kan 'n steekproef meer ekonomies en intensief wees (Strydom, 2011b:224). Die populasie vir die studie word beskou as alle pleegvaders in 'n pleegsorggesin wat deur Child Welfare Tshwane met statutêre toesigdienste bedien word. Die populasie behels dus alle persone wat betrokke is by die navorsingsprobleem, waarop die navorsing fokus en waarop die resultate veralgemeen kan word (Bless & Higson-Smith, 2000:85). Op 1 September 2011 het die populasie vir die studie uit 110 pleegvaders bestaan (Daly, 2011). Daar was dus pleegvaders in slegs 8.7% van die pleegsorggesinne teenwoordig (110 gesinne met pleegvaders uit 'n totaal van 1258 pleegsorggesinne). Die klein persentasie pleegvaders toon 'n ooreenstemming met die tendens van die grotere Suid-Afrikaanse gemeenskap, dat enkel-ouergesinne as die norm in Suid-Afrika beskou word met 'n moeder aan die hoof (sien punt 3.1) asook dat meer mans as vroue in Suid-Afrika sterf (sien punt 3.7).

Steekproeftrekking is die proses waardeur respondente geselekteer word (Babbie & Mouton, 2001:164). Strydom (2011b:223) verwys na steekproeftrekking as die neem van enige deel van 'n populasie of universum as verteenwoordigend van daardie populasie of universum. Dit impliseer nie dat die steekproef verteenwoordigend is



© University of Pretoria

nie, maar dat dit geag word as verteenwoordigend te wees. Bevindings van 'n studie kan slegs veralgemeen word as aanvaar word dat die resultate van die studie in enige ander groep van die populasie dieselfde daar uitsien. Respondente vir die studie is geselekteer vanuit die totale lys van 110 pleegvaders. Die seleksie het plaasgevind deur middel van 'n nie-waarskynlikheidseleksie-metode, synde die doelgerigte seleksie (Strydom, 2011b:231). Die volgende kriteria is vir die seleksie van die respondente gestel:

- Pleegvaders wat Afrikaans of Engels magtig is
- Pleegvaders wat oor 'n geletterdheidsvlak beskik om 'n vraelys te kan voltooi volgens die maatskaplike werker se oordeel
- Pleegvaders wat geregistreerde kliënte van Child Welfare Tshwane is
- Pleegvaders wat deel is van 'n pleegsorggesin waarin beide pleegvader en pleegmoeder teenwoordig is
- Pleegvaders betrokke by pleegplasings waarin die tydperk van pleegsorg reeds langer as een jaar bestaan.

Die uiteindelike steekproef vir hierdie studie het uit 57 respondente bestaan. Dit was die maksimum aantal respondente wat aan hierdie kriteria voldoen het, asook wat ingestem het tot deelname aan hierdie studie nadat hulle telefonies gekontak was. Hoewel daar nie spesifiek aan die respondente gevra was oor hul geletterdheidsvlak in Afrikaans of Engels nie, kan aanvaar word dat die wat nie kans gesien het om die vraelyste te voltooi nie, nie tot die studie sou toestem nie. Die respondente is versoek om skriftelike toestemming tot deelname aan die studie te gee (Bylaag B). Die ingeligte toestemmingsbriewe was in Afrikaans en Engels beskikbaar. Die 57 respondente dui op 'n steekproefkoers van 51.8% van die totale populasie van 110 pleegvaders wat 'n vraelys voltooi het. Grinnell en Williams (in Strydom, 2011b:225) postuleer dat 'n 10% steekproefkoers voldoende is om steekproeffoute te beheer. Daar word verder voorgestel dat met 'n populasie van 100, die ideale grootte steekproef, 45 respondente (45%) moet wees (Strydom, 2011b:225). Die steekproefkoers van 51,8% van hierdie studie was dus binne aanvaarbare riglyne soos in die literatuur voorgestel.



© University of Pretoria

#### 4.2.4.2 Data-insamelingsmetode

Met die voltooiing van ŉ vraelys, het hierdie studie ŉ kwantitatiewe data-insamelingsmetode gevolg (Delport & Roestenburg, 2011:171). Die kwantitatiewe benadering poog om konsepte te meet in terme van die vraag "hoeveel". Daar is van ŉ self-geadministreerde vraelys (Delport & Roestenburg, 2011:188), gebruik gemaak om data in te samel. ŉ Self-geadministreerde vraelys is ŉ vraelys wat deur die respondent self voltooi word. Die vraelys is ŉ opname-metode wat ŉ vaste stel vrae aan die individuele respondente stel sodat die resultate onderling vergelyk kan word. Die vraelys is opgestel aan die hand van ŉ aantal stellings oor die drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid. Die benutting van stellings laat toe vir die insameling van data van ŉ meer subjektiewe aard, byvoorbeeld persone se houdings en opinies (Delport & Roestenburg, 2011:201). Die vraelyste was in Afrikaans en Engels beskikbaar (verwys Bylaag C).

Die navorser het persoonlik, per afspraak, die vraelys afgelewer en na voltooiing weer ingeneem. Die navorser was nie teenwoordig tydens die voltooiing van die vraelyste nie, sodat geen beïnvloeding kon plaasvind nie. Al die respondente was binne ŉ bepaalde tydlyn van 1 Februarie 2012 tot 31 Maart 2012 besoek.

Die vraelys is deur die navorser ontwerp op grond van die bestudering van bestaande instrumente en literatuur oor vaderlike betrokkenheid om **geldigheid** en **betroubaarheid** te verseker (Hawkins et al., 2002:189; Krampe & Newton, 2006:183; McBride & Lutz, 2004:467).

- Geldigheid

Volgens Delport en Roestenburg (2011:172) is geldigheid van ŉ meetinstrument die mate waarmee die instrument meet wat dit veronderstel is om te meet. Sinonieme vir die begrip geldigheid is waarheid, akkuraatheid en egtheid. Geldigheid bestaan uit twee dele naamlik die instrument meet die konsep waaroor die vraag handel, en tweedens dat die konsep korrek gemeet word (Delport & Roestenburg, 2011:172). Geldigheid kan in verskillende kategorieë gedeel word afhangende van die soort geldigheid wat gemeet word:



© University of Pretoria

- Inhoudsgeldigheid

  By inhoudsgeldigheid word twee vrae gevra, naamlik “Meet die instrument die konsep wat veronderstel word?” asook “Voorsien die instrument genoeg items wat daardie konsep verteenwoordig?” In hierdie studie is die konsep pleegvaderlike betrokkenheid in komponente verdeel, naamlik die drie-konsep model van vaderlike betrokkenheid soos omskryf deur Gorvine (2007:92), Hernandez en Coley (2007:74) asook Saracho en Spodek (2008:827). Hierdie drie-konsep model is gegrond op die konsepte van interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid. Daar is onderskeidelik nege stellings oor interaksie, agt stellings oor beskikbaarheid en 10 stellings oor verantwoordelikheid in die meetinstrument opgeneem. Die inhoudsgeldigheid van die vraelys is dus deur die navorser bevorder aan die hand van die literatuurstudie oor die bestaande kennis van vaderlike betrokkenheid, sowel as deur die loodsondersoek om seker te maak dat inligting vir die doeleindes van die ondersoek wel ingesluit is.

- Sig-geldigheid

  Sig-geldigheid het te make met die sigwaarde of voorkoms van die meetinstrument. Die vraelys moet lyk asof dit meet wat dit veronderstel is om te meet, anders kan dit weerstand by die respondente uitlok wat weer die resultate negatief kan beïnvloed (Delport & Roestenburg, 2011:174). Alle stellings in die meetinstrument het gehandel oor die pleegvader se betrokkenheid met sy pleegkind en geen ander konsepte is aangespreek nie.

- Kriteriaverwante geldigheid

  Deur kriteriaverwante geldigheid word wegbeweeg van subjektiewe assessering na meer objektiewe bewyse van geldigheid. Dit sluit meervoudige meting in en word verkry deur stellings in ’n instrument te vergelyk met eksterne kriteria wat veronderstel is om die konsep wat bestudeer word te meet (Delport & Roestenburg, 2011:174). In dié studie is daar nie gebruik gemaak van formele eksterne kriteria nie, maar meting in die vraelys is vergelyk met gegewens uit die literatuurstudie. Geen kruisvalidasie is egter met ander meetinstrumente gedoen nie. Slegs een data-insamelingsmetode is benut.



© University of Pretoria

- Konstrukgeldigheid

  Volgens Delport en Roestenburg (2011:175) is konstrukgeldigheid die ingewikkeldste vorm van geldigheid om ingedagte te hou in die ontwikkeling van ʼn meetinstrument. Konstrukgeldigheid bepaal die mate waarin die instrument die teoretiese konstruk suksesvol meet. Babbie (2007:14) noem dat konstrukgeldigheid gebaseer word op die logiese verhouding tussen veranderlikes. In hierdie studie is die toeretiese konstruk pleegvaderbetrokkenheid, en die stellings in die vraelys poog om dié konstruk te meet. Pleegvaderbetrokkenheid kan nie gesien, gevoel of gehoor word nie, en kan dus nie direk gemeet word nie. Die teenwoordigheid van pleegvaderbetrokkenheid moet afgelei word van die bewyse wat beskikbaar is soos byvoorbeeld of die pleegvader help met die pleegkind se skoolwerk.

- Betroubaarheid

Geldige resultate kan nie sonder betroubaarheid bekom word nie. Delport en Roestenburg (2011:177) beskryf die betroubaarheid van ʼn meetinstrument as die mate waartoe onafhanklike administrasie van dieselfde instrument konsekwent dieselfde resultate onder vergelykbare omstandighede oplewer. Betroubaarheid verwys dus nie primêr na wat gemeet word nie, maar met hoe goed dit gemeet word. Die volgende kan as sinonieme vir betroubaarheid gebruik word: konsekwent, stabiel, betroubare, voorspelbare, en getroue (Delport & Roestenburg, 2011:177). In hierdie studie het die navorser die volgende prosedures gevolg, soos deur Delport en Roestenburg (2011:177) voorgestel om die betroubaarheid van die meetinstrument te verseker:

- Meer as twee stellings oor elke konsep van vaderlike betrokkenheid is gestel. Daar was onderskeidelik nege stellings gestel oor vaderlike interaksie, agt stellings oor vaderlike beskikbaarheid en 10 stellings oor vaderlike verantwoordelikheid.

- Stellings wat onduidelik was, is geëlimineer. Daar is gepoog om alle vrae en stellings duidelik te formuleer.



© University of Pretoria

- Vlakke van meting is verhoog. In hierdie studie is daar van 'n vyfpunt-skaal gebruik gemaak om meer spesifiek te kan meet.

- Toestande waaronder die vraelys voltooi is, is sover moontlik gestandaardiseer. Die vraelyste is deur die respondente by hulle eie huise voltooi sonder dat die navorser teenwoordig was. Die voltooiing het binne 'n bepaalde tydperk, naamlik 1 Februarie 2012 tot 31 Maart 2012 plaasgevind. Die effek van eksterne gebeure kon egter nie beheer word nie.

- Die moeilikheidsgraad van die meetinstrument is gemodereer. Die volgorde van die stellings is as belangrik beskou (Welman et al., 2005:153). Die vraelys het met "maklike" stellings begin (stellings 1 tot 9) en die meer sensitiewe stellings het later gevolg, met 'n oop vraag aan die einde. Die oop vraag is met die hand verwerk aangesien dit nie statisties geanaliseer kon word nie. Die stellings oor pleegvaderbetrokkenheid is afgewissel in terme van die drie konsepte interaksie, beskikbaarheid en betrokkenheid sodat die respondente nie die antwoorde maklik kon manipuleer nie. Voorts is die lengte van die vraelys in ag geneem, sodat dit nie te min stellings sou bevat om genoegsame data in te samel nie, maar ook nie te lank sou neem om te voltooi nie (Delport & Roestenburg, 2011:192).

- Die vraelys was in 'n standaardformaat, bestaande uit 'n inleidende paragraaf wat die navorsing verduidelik, die instruksies vir die voltooiing van die vraelys en die 27 stellings.

- Die vereiste van konsekwente verwerkingsprosedures is gevolg deurdat rou data op 'n eenvormige wyse gekodeer en ingesleutel is in die dataverwerkingsprogram Statistical Package for the Social Sciences (20) (IBM, 2012).

- 'n Loodsondersoek van die vraelys het plaasgevind om die uitvoerbaarheid ten opsigte van die metodologie en instrument te bepaal (Bless & Higson-Smith, 2000:155; Leedy & Ormrod, 2010:110). Die self-geadministreerde vraelys is eers deur die eerste twee persone wie se name geselekteer is, as loodsstudie voltooi om te bepaal of die vraelys toepaslik is en met gemak deur die respondente



© University of Pretoria

voltooi kan word en ŉ aanduiding te kry hoe lank dit neem om te voltooi. Dit was nie nodig om enige veranderinge aan die vraelys aan te bring nie. Een Afrikaanse en een Engelse vraelys is in die loodsondersoek voltooi.

Uit bogenoemde prosedures is dit duidelik dat betroubaarheid deur vier veranderlikes beïnvloed word, naamlik die navorser**,** die respondent, die meetinstrument, en die navorsingskonteks (Mouton & Marais, 1992:81).

Die voordele wat hierdie vorm van data insameling, synde die gebruik van ŉ vraelys as meetinstrument, vir die studie en die navorser ingehou het, was:

- Vraelyste kon versprei geword het binne ŉ relatief groot geografiese gebied
- Data-insameling met die hulp van ŉ vraelys was meer ekonomies as onderhoudvoering
- Die terugvoer-koers was positief
- Onderhoudsfoute en vooroordeel kon uitgeskakel word
- Sosiaal aanvaarbare beantwoording sou minder van ŉ probleem wees as by onderhoudvoering aangesien die respondente nie identifiseerbare inligting soos hulle naam en adres op die vraelys verskaf het nie en die navorser nie teenwoordig was nie
- Vraelyste kon in die respondente se eie tyd en gemak voltooi geword het teen hulle eie tempo
- Respondente het vooraf geweet dat die vraelys per afspraak afgelewer sou en het dit dus verwag.

Die benutting van vraelyste het egter ook nadele ingehou:

- Stellings kon nie verduidelik word indien daar onsekerheid by die respondente was nie
- Moontlike taal- en geletterdheidskwessies kon nie aangespreek word nie
- Aangesien die vraelyste afgelewer was, kon enige persoon in die huishouding dit ingevul het
- Sekere stellings is nie beantwoord nie.



© University of Pretoria

Op grond van die opstelling van die meetinstrument, kon data ingesamel word. Die volgende van belang binne die studie, is die data-analise.

### 4.2.5 Data-analise

Data is betekenisloos indien dit nie geanaliseer en geïnterpreteer word nie. Die oogmerk van data-analise is "…to reveal the truth that lies beneath them" (Leedy & Ormrod, 2010:253). Data vanuit die empiriese ondersoek is geanaliseer deur die benutting van die Statistical Package for the Social Sciences – SPSS 20 (IBM, 2012), ŉ statistiese sagtewareprogram. Data-analise het die navorser in staat gestel om die data te interpreteer en op ŉ betekenisvolle wyse weer te gee. Analise van die data is gedoen met behulp van beskrywende statistiese metodes soos frekwensie tabelle, persentasie tabelle en staafgrafieke om die belangrike bevindinge na vore te bring. Die resultate is vervolgens ook deur verskillende grafieke en diagramme voorgestel. Weens die grootte van die steekproef asook die vlakke van statistiese betekenisse wat uit die korrelasie analise verkry is, kan die resultate nie benut word om te veralgemeen na die res van die populasie binne Child Welfare Tshwane nie (Gravetter & Forzano, 2009:32). Die bevindinge sal slegs benut word om moontlike tendense in die pleegsorgsituasie te identifiseer en te verstaan.

## 4.3 ETIESE ASPEKTE

Die etiese aspekte van hierdie studie word beskou as die toepaslike optrede deur die navorser, asook die morele verpligtinge en verantwoordelikhede wat met die studie gepaard gaan (Monette, Sullivan & De Jong, 2008:48; Strydom, 2011a:114) teenoor die pleegvaders as respondente, die werknemers van Child Welfare Tshwane, asook die Universiteit van Pretoria.

### 4.3.1 Beskerming van respondente teen emosionele of fisiese skade

Alle respondente het die reg gehad om vrywillig aan die navorsing deel te neem en ook te onttrek nadat hulle vooraf volledig oor die potensiële impak van hul deelname ingelig is (Babbie, 2007: 27; Creswell, 2003:64; Strydom, 2011a:115; Welman et al., 2005:201). In hierdie studie kon vaderlike betrokkenheid by hul pleegkinders vir



© University of Pretoria

sommige pleegvaders ŉ sensitiewe onderwerp wees en emosionele ongemak veroorsaak. Respondente is ingelig dat die vraelys nie ŉ toets vir hul vaderlike betrokkenheid is nie, maar dat die resultate benut kon word om moontlike dienslewering te rig. Respondente is ook ingelig dat hulle die navorser kon kontak indien hulle emosionele ongemak weens die navorsing ervaar, sodat en dat berading vir hulle gereël kon word.

Geen verwysing vir berading na ŉ aangewese maatskaplike werker verbonde aan die kantoor van Child Welfare Tshwane waarby die respondente inskakel was, is deur die respondente versoek nie. Die navorser het geen emosionele ongemak by die respondente opgemerk tydens die aflewering en insameling van die vraelyste nie. Geen respondente het van die navorsing onttrek nie.

### 4.3.2 Ingeligte toestemming

Die verkryging van ingeligte toestemming het behels dat inligting oor die doel van die studie, die prosedures wat in die studie gevolg is, voordele en nadele waaraan die respondent moontlik blootgestel is, asook die navorser se geloofwaardigheid, aan die respondent bekend gemaak is deur middel van ŉ ingeligte toestemmingsbrief (Babbie, 2007:64; Creswell, 2003:65; Strydom, 2011a:117; Welman et al., 2005:201). Die navorser het alle inligting so volledig as moontlik oorgedra sodat respondente ŉ ingeligte besluit oor deelname kon neem. Die respondente is mondelings en skriftelik volledig ingelig ten opsigte van die aard, die doel, prosedures, en voor- en nadele van die navorsing, asook dat hulle te enige tyd sonder enige negatiewe nagevolge van die navorsing kon onttrek (Babbie & Mouton, 2001:382). Die respondente is verder versoek om skriftelike toestemming tot deelname, en die stoor en gebruik van data te gee. Ingeligte toestemmingsbriewe was in Afrikaans en Engels beskikbaar (verwys Bylae B).

### 4.3.3 Beskerming van privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Die navorser het die privaatheid van respondente gerespekteer deur in ag te neem dat "… the right to privacy is the individual's right to decide when, where, to whom, and to what extent his or her attitudes, beliefs, and behaviour will be revealed"



© University of Pretoria

(Singleton, Straits & McAllister in Strydom, 2011a:119). Die vraelyste is privaat voltooi sonder die teenwoordigheid van die navorser. Anonimiteit kon egter nie verseker word nie aangesien vraelyste persoonlik afgelewer is (Babbie, 2007:65). Geen naam of adres is op vraelyste aangebring nie en vraelyste is met kodes gemerk om hantering te vergemaklik. Die respondente is ook skriftelik verseker dat alle inligting wat bekom is, vertroulik hanteer sou word. Geen identifiserende besonderhede is bekend gemaak in die navorsingsverslag nie. Slegs die navorser het toegang tot die rou data gehad, en data is vervolgens volgens die spesifikasies van die Universiteit van Pretoria gestoor.

#### 4.3.4 Bevoegdheid van die navorser

Die navorser het haarself daartoe verbind om die navorsing volgens die gestelde navorsingsprosedures en etiese optrede uit te voer (Strydom, 2011a:128; Welman et al., 2005:182). Die navorser het ŉ teoretiese module in navorsingsmetodiek voltooi en is as maatskaplike werker verbind tot die etiese kode van die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe. Hierdie kode stel streng eise ten opsigte van die optrede van die maatskaplike werker.

#### 4.3.5 Beskikbaarheid van resultate in ŉ navorsingsverslag

Die navorsingsresultate is volledig, akkuraat, objektief en duidelik in die navorsingsverslag saamgevat, met inagname van die vertroulikheidsaspek van die navorsing (Creswell, 2003:67; Strydom, 2011a:126). Die navorsingsverslag is beskikbaar by die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria verskaf. Die navorsingsverslag is ook vir Child Welfare Tshwane beskikbaar.

#### 4.3.6 Ontlonting

Pleegvaders word deur die welsynsorganisasie, in hierdie geval Child Welfare Tshwane, gekeur en geselekteer om pleegouers te word. ŉ Vraelys oor hul betrokkenheid by hul pleegkinders kon derhalwe ŉ sensitiewe aangeleentheid vir die respondente wees. Bewuswording van hulle betrokkenheid by hul pleegkinders op sigself kon negatiewe gevolge hê, byvoorbeeld dat hulle ontoereikend mag voel. Met



© University of Pretoria

die insameling van die vraelyste was die navorser persoonlik beskikbaar om enige misverstande, vrae en onsekerhede te hanteer. Daar is spesifiek aan pleegvaders gevra of daar enige onsekerhede uit die voltooiing van die vraelys voorgespruit het, met die doel om die respondente die geleentheid te bied om deur hulle belewenisse en gevoelens te werk en enige potensiële misverstande uit die weg te ruim (Strydom, 2011a:122). Alle pleegvaders (totaal 110 pleegvaders) is skriftelik uitgenooi na bespekingsessies oor pleegvaders se betrokkenheid by pleegkinders by die onderskeie kantore van Child Welfare Tshwane, waar verskeie maatskaplike werkers saam met die navorser die sessie aangebied het. Die sessie is benut om in die algemeen oor die pleegvaders se betrokkenheid te praat en hulle verder aan te moedig om betrokke te word by dienste binne die organisasie. Pleegvaders het ook geleentheid gekry om oor hulle eie belewenisse van pleegsorg te praat.

## 4.4 NAVORSINGSBEVINDINGE

Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om terugvoering te verskaf oor die resultate van die ondersoek na die aard van die pleegvaders se betrokkenheid by hulle pleegkinders binne Child Welfare Tshwane. Die data word bespreek deur gebruik te maak van tabelle en figure en word binne bestaande literatuur in konteks geplaas. Die navorser het gepoog om ʼn profiel op te stel van die pleegvader met die fokus op sy betrokkenheid by sy pleegkinders. Die bevindinge en interpretasie daarvan word vervolgens weergegee. Hierdie deel van die hoofstuk word ingedeel volgens die struktuur van die vraelys naamlik die twee afdelings van onderskeidelik die biologiese besonderhede van die respondente en die navorsingsbevindinge. Die aantal respondente word aangedui deur $N$ = 57.

### 4.4.1 Biografiese besonderhede

Die biografiese besonderhede van die respondente fokus eerstens op die besonderhede ten opsigte van die pleegvader en vervolgens op besonderhede rakende die pleegsorgsituasie.




© University of Pretoria

#### 4.4.1.1 Woongebied

Die respondente is uit die werkgebied van Child Welfare Tshwane bekom. Die werkgebied van hierdie organisasie sluit Centurion, Olievenhoutbosch, Elandspoort, Pretoria, Eersterust, Mamelodi en Atteridgeville in. Van hierdie kantore is baie klein en hulle lewer ook dienste aan 'n klein aantal pleegouers, daarom het die navorser ter wille van grafiese voorstelling die verskillende gebiede in die volgende kategorieë georganiseer:

1. Centurion, Olievenhoutbosch, Elandspoort en Pretoria
2. Eersterust
3. Mamelodi
4. Atteridgeville




Figuur 4.1: Respondente se woongebiede


Figuur 4.1 toon dat 'n derde (19) van die respondente in Atteridgeville woonagtig was, 'n derde (19) van die respondente in Eersterust en 'n derde van die respondente gesamentlik in Pretoria (8) en Mamelodi (11) gewoon het. Uit hierdie figuur is dit dus duidelik dat die respondente vanuit al die werkgebiede van Child Welfare Tshwane afkomstig was.



© University of Pretoria

#### 4.4.1.2 Ras en geslag

Al 57 respondente wat aan hierdie studie deelgeneem het, was manlike pleegvaders aangesien dit as kriteria vir die seleksie van die respondente gestel was. Die rasse-indeling van die respondente word deur Figuur 4.2 voorgestel.




Figuur 4.2: Die Respondente se ras


Die respondente het bestaan uit 37 (65%) Swart, 19 (33%) Kleurling en een (2%) Blanke pleegvader, wat in 'n mate ooreenstem met die totale populasie van 110 pleegvaders binne Child Welfare Tshwane (66% Swart, 27% Kleurling en 6% Blank). Die grootste hoeveelheid respondente was Swart, wat ooreenkom met die populasie van die studie (73 van die 110 pleegvaders was Swart). Daar is ten tyde van die navorsing slegs by sewe Blanke pleegvaders dienste gelewer binne Child Welfare Tshwane, wat 5% van die totale populasie van 110 pleegvaders uitmaak. Daar het geen Indiër pleegvaders aan die studie deelgeneem het nie, aangesien daar ten tye van die studie nie enige pleegvaders vanuit die Indiërgroep op Child Welfare Tshwane se databasis was nie. Gekoppel aan die ras van die resondente, is daar ook gevind dat nie alle pleegvaders Afrikaans of Engels magtig was om die vraelys te voltooi nie.



© University of Pretoria

### 4.4.1.3 Ouderdomverspreiding

Figuur 4.3 dui daarop dat die respondente se ouderdomme tussen 27 jaar tot 81 jaar gewissel het. Dit is egter duidelik dat daar 'n groter aantal ouer pleegvaders was as wat daar jonger pleegvaders is. Uit Figuur 4.3 kan waargeneem word dat meer as die helfte (52.6%) van die respondente ouer as 60 jaar was en dus as bejaard gesien kan word. Die gemiddelde ouderdom van die respondente was 57 jaar.




Figuur 4.3: Ouderdomsverspreiding van respondente

### 4.4.1.4 Werkstatus van die pleegvader en pleegmoeder

Tabel4.1: Werkstatus van die pleegvader en pleegmoeder

| | **PLEEGVADER** ***f* (%)** | **PLEEGMOEDER** ***f* (%)** |
|---|---|---|
| Werkloos | 12 (21,1%) | 24 (42,1%) |
| Werk vir 'n werkgewer | 16 (28,1%) | 15 (26,3) |
| Bedryf 'n eie onderneming | 9(15,6%) | 1 (1,8%) |
| Pensioenaris | 20 (35,1%) | 17 (29,8%) |




© University of Pretoria

In Tabel 4.1 word die werkstatus van die respondente aangetoon. Slegs 16 van die 57 respondente het vir 'n werkgewer weg van die huis af gewerk. Die res van die respondente (41) was bedags tuis. Dit blyk dat 'n totaal van 72% van die respondente bedags teenwoordig en beskikbaar kon wees vir pleegkinders. Hierdie 72% respondente was werkloos (21,1%), in ontvangs van 'n ouderdomspensioen (35,1%) of het 'n eie onderneming vanaf hul woning bedryf (15,6%). Die werkstatus van die pleegvaders het met hul ouderdom verband gehou. Die meerderheid pleegvaders in die studie was bo 60 jaar en kon dus ophou werk en 'n pensioen ontvang.

### 4.4.1.5 Getal pleegkinders in die gesin

In die vraelys is daar aan die respondente gevra hoeveel pleegkinders onder die ouderdom van 18 jaar ten tye van die navorsing in hulle sorg was. Die meerderheid van die respondente (67%) het slegs een pleegkind in hulle sorg gehad (38 respondente); 16 respondente (28%) het twee pleegkinders in hulle sorg gehad terwyl slegs twee respondente drie pleegkinders in hulle sorg gehad het. Een respondent het vyf pleegkinders in pleegsorg gehad.




Figuur 4.4: Getal pleegkinders in die respondente se pleegsorggesin


Vanuit Figuur 4.4 kan gesien word dat die pleegsorggesinne meestal slegs een pleegkind in hulle sorg gehad het.



© University of Pretoria

### 4.4.1.6 Ouderdom van die pleegkinders

Die meerderheid respondente (56%) het pleegkinders in die ouderdomsgroep 13 tot 18 jaar in hul sorg gehad. Hierdie ouderdomsgroep kinders staan bekend as die adolessentegroep en volgens Daly (2011) vind die meeste krisisse binne plasings onder pleegkinders in hierdie ouderdomsgroep plaas. Figuur 4.5 gee ŉ uiteensetting van die verspreiding van die pleegkinders se ouderdomme.




Figuur 4.5: Die ouderdomsgroepe van die pleegkinders


Vanuit Figuur 4.5 is dit duidelik dat daar slegs een respondent was met ŉ pleegkind in die ouderdomsgroep onder twee jaar. In die tweede ouderdomsgroep, wat voorskoolse kinders tussen die ouderdom twee tot ses jaar verteenwoordig, was daar vyf respondente met pleegkinders in daardie ouderdomsgroep. Die derde kolom in die figuur verteenwoordig kinders in die middelkinderjare, dus in die ouderdomsgroep sewe tot 12 jaar. Daar was 19 respondente met pleegkinders in hierdie ouderdomsgroep. Dit blyk uit Figuur 4.5 dat die meerderheid respondente pleegkinders van skoolgaande ouderdom in hulle sorg gehad het (89%).



© University of Pretoria

#### 4.4.1.7 Tydperk van pleegsorg

Vir die doeleindes van hierdie studie is daar slegs gekyk na pleegvaders wat reeds langer as een jaar ŉ pleegouer is. Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat vaderlike betrokkenheid teen hierdie tyd dan reeds gevestig is en tendense gevorm het. Die tydperk van pleegsorg is in jare gemeet. Figuur 4.6 gee ŉ aanduiding van die resultate.




Figuur 4.6: Die getal jare wat die respondent reeds ŉ pleegouer is


Vanuit Figuur 4.6 blyk dit dat die meerderheid pleegplasings, as langtermyn en selfs permanente pleegsorgplasings beskou kan word. Daar was 21 respondente (37%) wat reeds langer as 10 jaar ŉ pleegouer is. Hierdie tendens stem ooreen met die feit dat die meerderheid pleegsorgplasings, plaasvind aangesien die biologiese ouer(s) sterf en die kind versorging benodig totdat hy/sy onafhanklik kan funksioneer as volwassene (Fourie, 2007:144).



© University of Pretoria

#### 4.4.1.8 Die respondent se verwantskap met sy pleegkind

Volgens Daly (2011) bestaan die meeste pleegsorgplasings binne Child Welfare Tshwane as verwante pleegsorgplasings. Die resultate van die studie dui ook aan dat die meerderheid respondente of kleinkinders of familiekinders versorg het. As daar na die uiteensetting van die verhouding tussen die respondente en hul pleegkinders gekyk word, is dit duidelik dat verwante pleegsorgplasings die tipe pleegsorg domineer. Daar was 35 verwante pleegsorgplasings met kleinkinders (61%) en 19 verwante pleegsorgplasings met familiekinders (33%). Plasings van nie-verwante kinders wat of van vriende of van onbekende ouers is (4%), was 'n opvallende minderheid.




Figuur 4.7: Verwantskap van respondent met pleegkind

Literatuur dui dat pleegsorgplasings in Suid-Afrika meestal familie-verwante plasings is (Fourie, 2009:146; Visser et al., 2010:326) en dan spesifiek dat grootouers hul kleinkinders versorg (South African Human Rights Commission/UNICEFF, 2011:51). Die nasionale tendens word aangedui dat 61% van kinders, in Suid-Afrika, wat beide biologiese ouers verloor het, deur hulle grootouers versorg word (South African Human Rights Commission/UNICEFF, 2011:51). Hierdie tendens kom dan ook duidelik in die steekproef na vore.



© University of Pretoria

### 4.4.2 Pleegvaders se betrokkenheid by hul pleegkinders

In hierdie afdeling word die empiriese bevindinge van die studie bespreek. Data is deur middel van ŉ vraelys ingesamel met die oog daarop om die betrokkenheid van pleegvaders by hulle pleegkinders te ondersoek. Respondente was pleegvaders wat pleegsorgdienste van Child Welfare Tshwane ontvang het. In die vraelys is verskillende stellings gemaak ten opsigte van vaderlike betrokkenheid. Die respondente is versoek om stelling volgens ŉ vyfpunt-skaal te beantwoord, soos van toepassing in die afgelope 12 maande voor die voltooiing van die vraelys. Tabel 4.2 bied ŉ uiteensetting van die vyfpunt-skaal wat in hierdie deel van die vraelys gebruik is.

Tabel 4.2: Skaal vir stellings oor pleegvaderbetrokkenheid

| Nie van toepassing | Nooit | Soms | Dikwels | Altyd |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Die volgende tabel (Tabel 4.3) bied ŉ uiteensetting van die resultate van al die stellings in die meetinstrument.



© University of Pretoria

Tabel 4.3: Opsommings van stellings oor pleegvaderbetrokkenheid

| STELLING | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. Ek verskaf aanmoediging en emosionele steun aan die pleegmoeder | *f*<br>% | 0<br>0 | 4<br>7,0 | 5<br>8,8 | 10<br>17,5 | 38<br>66,7 |
| 2. Ek moedig ons pleegkinders aan om te lees | *f*<br>% | 3<br>5,3 | 5<br>8,8 | 4<br>7,0 | 9<br>15,8 | 36<br>63,2 |
| 3. Ek voorsien in ons pleegkinders se basiese behoeftes soos kos, klere | *f*<br>% | 0<br>0 | 3<br>5,3 | 3<br>5,3 | 4<br>7,0 | 47<br>**82,5** |
| 4. Ek gee erkenning vir ons pleegkinders wanneer hulle iets goed doen | *f*<br>% | 0<br>0 | 4<br>7,0 | 5<br>8,8 | 8<br>14,0 | 40<br>70,2 |
| 5. Ek woon aktiwiteite by waaraan ons pleegkinders deelneem bv. skool, sport, kerk | *f*<br>% | 0<br>0 | 8<br>14,0 | 12<br>21,1 | 8<br>14,0 | 29<br>50,9 |
| 6. Ek is by die dag-tot-dag versorging van ons pleegkinders soos etes betrokke | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 8<br>14,0 | 8<br>14,0 | 4<br>7,0 | 36<br>63,2 |
| 7. Ek dissiplineer ons pleegkinders | *f*<br>% | 0<br>0 | 8<br>14,0 | 12<br>21,1 | 8<br>14,0 | 29<br>50,9 |
| 8. Ek gee erkenning aan ons pleegkinders wanneer hulle die regte besluite neem | *f*<br>% | 2<br>3,5 | 6<br>10,5 | 5<br>8,8 | 11<br>19,3 | 33<br>57,9 |
| 9. Ek moedig ons pleegkinders aan om goed op skool te vaar | *f*<br>% | 2<br>3,5 | 5<br>8,8 | 3<br>5,3 | 6<br>10,5 | 41<br>71,9 |
| 10. Ek is 'n vriend of maat vir my pleegkinders | *f*<br>% | 3<br>5,3 | 5<br>8,8 | 5<br>8,8 | 9<br>15,8 | 35<br>61,4 |
| 11. Ek aanvaar finansieel verantwoordelikheid vir ons pleegkinders | *f*<br>% | 0<br>0 | 5<br>8,8 | 4<br>7,0 | 7<br>12,3 | 41<br>71,9 |
| 12. Ek moedig ons pleegkinders aan om hulle huiswerk te doen | *f*<br>% | 2<br>3,5 | 5<br>8,8 | 6<br>10,5 | 8<br>14,0 | 36<br>63,2 |
| 13. Ek sê aan ons pleegkinders dat ek hul lief het | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 6<br>10,5 | 4<br>7,0 | 6<br>10,5 | 40<br>70,2 |
| 14. Ek weet waar ons pleegkinders is en wat hulle met hul maats doen | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 7<br>12,3 | 9<br>15,8 | 8<br>14,0 | 32<br>56,1 |
| 15. Ek spandeer tyd om net met ons pleegkinders te praat | *f*<br>% | 0<br>0 | 5<br>8,8 | 10<br>17,5 | 9<br>15,8 | 33<br>57,9 |
| 16. Ek is betrokke in besluite oor hoe om die pleegsorgtoelaes te bestee | *f*<br>% | 0<br>0 | 12<br>21,1 | 9<br>15,8 | 7<br>12,3 | 29<br>50,9 |
| 17.Ek moedig ons pleegkinders aan om die skoolreëls te gehoorsaam | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 5<br>8,8 | 2<br>3,5 | 6<br>10,5 | 43<br>75,4 |
| 18. Ek beplan vir ons pleegkinders se toekoms nadat hulle skool verlaat het | *f*<br>% | 0<br>0 | 8<br>14,0 | 11<br>19,3 | 8<br>14,0 | 30<br>52,6 |
| 19. Ek laat ons pleegkinders besef dat hulle pleegma belangrik en spesiaal is | *f*<br>% | 0<br>0 | 5<br>8,8 | 2<br>3,5 | 5<br>8,8 | 45<br>78,9 |
| 20. Ek help ons pleegkinders met hulle huiswerk | *f*<br>% | 2<br>3,5 | 12<br>21,1 | 8<br>14,0 | 11<br>19,3 | 24<br>42,1 |
| 21. Ek help ons pleegkinders met hulle beplanning vir die toekoms soos opleiding | *f*<br>% | 3<br>5,3 | 8<br>14,0 | 10<br>17,5 | 12<br>21,1 | 24<br>42,1 |
| 22. Ek moedig ons pleegkinders aan om hul talente soos kuns, sport te ontwikkel | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 6<br>10,5 | 8<br>14,0 | 10<br>17,5 | 32<br>56,1 |
| 23. Ek spandeer tyd saam met ons pleegkinders om dinge te doen wat hulle graag wil doen | *f*<br>% | 0<br>0 | 5<br>8,8 | 19<br>33,3 | 12<br>21,1 | 21<br>36,8 |
| 24. Ek moedig ons pleegkinders aan om take in die huis te doen | *f*<br>% | 4<br>7,0 | 7<br>12,3 | 7<br>12,3 | 12<br>21,1 | 27<br>47,4 |
| 25. Ek stel reëls en beperkinge vir ons pleegkinders se gedrag | *f*<br>% | 0<br>0 | 6<br>10,5 | 7<br>12,3 | 5<br>8,8 | 39<br>68,4 |
| 26. Ek ken my pleegkinders se vriende | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 7<br>12,3 | 10<br>17,5 | 7<br>12,3 | 32<br>56,1 |
| 27. Ek woon vergaderings by ons pleegkinders se skool en met onderwysers by | *f*<br>% | 1<br>1,8 | 13<br>22,8 | 7<br>12,3 | 1<br>1,8 | 35<br>61,4 |



© University of Pretoria

As daar oorsigtelik na die resultate in Tabel 4.3 gekyk word, toon dit dat die resultate wat in hierdie vraelys verkry is, verspreid is oor die vyfpunt-skaal. Die meerderheid van respondente het aangedui dat hulle altyd betrokke is by hulle pleegkinders. Die ekstreme waardes wat waargeneem kan word, is ten opsigte van Stelling 3 asook Stelling 23. Op Stelling 3 (Ek voorsien in ons pleegkinders se basiese behoeftes soos kos, klere) het die meerderheid respondente (82,5%) “altyd” geantwoord. ŉ Moontlike verklaring hiervoor kan gevind word, is dat die materiële versorging van die gesinslede ŉ primêre taak van die gesin is (Böning, 2009:223). Die voorsiening van basiese behoeftes as funksie binne pleegsorg, is in lyn met die omskrywing wat in die Kinderwet (Artikels 1 en 181) voorkom. Hierdie funksie word ook binne die strukturele funksionalistiese benadering as deel van die instrumentele rol van die gesin beskou, wat tradisioneel deur die man vertolk word (McKinney & Renk, 2008:808; Schwartz & Scott, 2010:42). Uit die bogenoemde kan die afleiding dus gemaak word dat 82,5% van die respondente altyd in hul pleegkind(ers) se basiese behoeftes voorsien en 7% respondente gereeld in hul pleegkind(ers) se basiese behoeftes voorsien. Hierdie respons dui dus op die uitvoering van die pleegvader se instrumentele rol in die pleegsorggesin.

Op Stelling 23 (Ek spandeer tyd saam met ons pleegkinders om dinge te doen wat hulle graag wil doen) het slegs 36,8% respondente “altyd” geantwoord, terwyl het 21,1% respondente “gereeld” geantwoord en ŉ verdere 33,3% “soms” geantwoord het. Hierdie stelling kan verbind word aan die ekspressiewe funksie binne die strukturele funksionalistiese benadering wat as die vrou se rol gesien word. Die bevinging kan dus aan die meer tradisionele rolverdeling tussen vader en moeder toegeskryf word, maar kan ook gekoppel word aan die negatiewe stereotipering wat in die studie van Gilligan (2000:65) gevind is, waar die pleegvader binne die pleegsorggesin dikwels as die “big bad wolf” gesien word. Hierdie stereotipering veroorsaak dat pleegvaders dikwels onttrek van interaksie met die pleegkind.

Die resultate van hierdie stelling (Stelling 23) kan beter verstaan en geïnterpreteer word as ouderdom in gedagte gehou word. Eerstens word daar na die pleegkinders se ouderdomme gekyk. Die meerderheid pleegkinders is reeds in die adolessente ontwikkelingsfase. Volgens Santrock (2009:391) ontrek die adolessent van gesinsaktiwiteite en hulle poog om meer onafhanklik te word, met die gevolg dat




© University of Pretoria

fisiese aktiwiteite tussen adolessente en ouers verminder. Tweedens word daar verwys na die ouderdom van die pleegvaders. Die meerderheid respondente is ouer as 60 jaar. Volgens Sigelman en Rider (2009:153) is bejaarde persone geneig om fisies minder aktief te wees, dikwels weens gesondheidsredes. Probleme wat by bejaardes kan voorkom, is onder andere die verlies van sintuie, artritis, hipertensie en degeneratiewe siektes (Sigelman & Rider, 2009:153), wat hulle mobiliteit verswak en daartoe lei dat hul minder geneig sal wees om aktiwiteite saam met die res van die gesin te doen.

Met die ontleding van die “nie van toepassing” kolom, word waargeneem dat die groep respondente wat pleegkinders in die voorskoolse ouderdomsgroep (0 tot 6 jaar) het, hierdie antwoord gekies het. Aspekte wat geraak word, is lees, skool, huiswerk en huistake wat dus eerder van toepassing is op die ouer kind wat reeds skoolgaande is. Dit is dus direk gekoppel aan die ouderdom van die kinders, waar hierdie take nog nie toepaslik is nie.

Met die ontleding van die gemiddelde respons op die 27 stellings word die volgende resultate verkry:




Figuur 4.8: Gemiddelde betrokkenheid gemeet aan al 27 stellings



© University of Pretoria

Figuur 4.8 dui aan dat die gemiddelde antwoorde op die 27 stellings daarop wys dat die meerderheid respondente (66,6%) aantoon dat hulle betrokke is by hulle pleegkinders aangesien die resultate positief na regs domineer. Die meerderheid respondente ($f$ = 38) het 'n gemiddelde van tussen 4 en 5 op die skaal vir die stellings aangedui, wat dui op goeie betrokkenheid op 'n "dikwels tot altyd" basis. Vanuit die totale skaalgemiddelde van die 27 stellings, is daar 'n gemiddelde van 4,19 wat op positiewe betrokkenheid van die pleegvaders dui. Indien dié resultate in konteks van die biografiese data geplaas word, blyk dit dat die meerderheid pleegvaders betrokke kon wees by hulle pleegkinders aangesien hulle of werkloos of pensioenarisse was wat gevolglik meer tyd tot hul beskikking kan hê. Hierdie data kom ooreen met die feit dat bejaarde grootouers binne die Suid-Afrikaanse konteks dikwels verantwoordelikheid aanvaar vir die versorging van hulle kleinkinders (Daly, 2011; South African Human Rights Commision/UNICEF, 2011:51). Walters (2011:44) onderskryf ook hierdie tendens met die stelling: "… the increasing role of grandparents in bringing up children as a result of parents working, families separating and people of retirement age living longer." Die meeste pleegsorgplasings is ook verwante- of familie-plasings met die gevolg dat dit moontlik is dat die pleegvaders meer "moeite" sal doen om by die pleegkinders betrokke te wees.

Die minderheid respondente (10,5%) het aangetoon dat hulle "nooit tot soms" by hul pleegkinders betrokke is. Hierdie response bied 'n mate van betroubaarheid aan die meetinstrument aangesien dit toon dat die respondente nie net sosiaal aanvaarde response gegee het nie, maar tog met insig die vraelys beantwoord het.

Om verdere ontledings betekenisvol te maak, is die 27 stellings gegroepeer om die betrokkenheid van die pleegvaders te meet volgens die drie-konstruk model van vaderlike betrokkenheid, synde interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid soos in hoofstuk 2 beskryf. Die groeperings wat vir die verskillende konstrukte gebruik word, word vervolgens bespreek. Vir hierdie bespreking is die response "dikwels" en "altyd" gereken as 'n aanduiding van positiewe betrokkenheid van die pleegvaders by hul pleegkinders. Die persentasies van hierdie twee response op elke stelling is dus vir die doel van hierdie bespreking saamgevoeg.



© University of Pretoria

#### 4.4.2.1 Die pleegvader se interaksie met sy pleegkind

Hierdie stel stellings het die direkte kontak tussen die pleegvader en die pleegkind gekwantifiseer. Daar is aandag gegee aan aspekte wat verband hou met die konstruk van 'interaksie', wat dui op die dag-tot-dag roetineversorging asook fisiese tyd wat pleegvaders en pleegkinders met mekaar deurbring (Gorvine, 2010:92).

Tabel 4.4: Die interaksie van die pleegvader met sy pleegkinders

| INTERAKSIE | % |
|---|---|
| 5. Ek woon aktiwiteite by waaraan ons pleegkinders deelneem bv. skool, sport, kerk | 64,9 |
| 6. Ek is by die dag-tot-dag versorging van ons pleegkinders soos etes betrokke | 70,2 |
| 7. Ek dissiplineer ons pleegkinders | 64,9 |
| 10. Ek is 'n vriend of maat vir my pleegkinders | 77,2 |
| 13. Ek sê aan ons pleegkinders dat ek hul lief het | 80,7 |
| 15. Ek spandeer tyd om net met ons pleegkinders te praat | 73,7 |
| 20. Ek help ons pleegkinders met hulle huiswerk | 61,4 |
| 23. Ek spandeer tyd saam met ons pleegkinders om dinge te doen wat hulle graag wil doen | 57,9 |
| 27. Ek woon vergaderings by ons pleegkinders se skool en met onderwysers by | 63,2 |

Die response op die bogenoemde stellings rakende die konstruk van interaksie van vaderlike betrokkenheid, dui daarop dat die pleegvaders se betrokkenheid ten opsigte van skoolaktiwiteite 'n laer vlak van interaksie aandui in vergelyking met hul interaksie op die ander stellings. So byvoorbeeld, toon dit dat pleegvaders tot 'n mindere mate betrokke is by die bywoning van skoolfunksies en ouer-onderwyser vergaderings, en hulp met huiswerk. Dit kan daaraan toegeskryf word dat 'n groot aantal pleegvaders (52,6%) in 'n hoër ouderdomsgroep val (bo 60 jaar), terwyl die meeste van die pleegkinders in hul adolessente lewensfase was, wat daarop dui dat hulle meer onafhanklik kan funksioneer (Sigelman & Rider, 2009:426). Dieselfde




© University of Pretoria

tendens is gevind ten opsigte van gesamentlike aktiwiteite, soos sport en kerk-aktiwiteite en deelname aan aktiwiteite waarvan die pleegkinders hou.

Aan die ander kant het die verhoudingsaspek van die konstruk interaksie op relatief hoë betrokkenheid gedui (stellings 10, 13 en 15). Hierdie ekspressiewe funksie word tradisioneel gesien as die pleegmoeder se taak binne die gesin (Walters, 2011:52). Hoewel daar gestel word dat ouerlike rolle steeds verdeel word volgens die ekspressiewe en instrumentele aspekte (Barker & Pawlak, 2011:14; Coltrane & Adams [sa], Wordpress, 2009), blyk dit uit die bevinding van hierdie studie dat pleegvaders ook 'n meer prominente rol ten opsigte van die ekspressiewe funksie gespeel het.

Dit blyk dus dat die pleegvader se interaksie met die pleegkinders binne die omgewing van die huis hoër was as hul betrokkenheid by die pleegkinders se aktiwteite in ander sisteme buite die huis, byvoorbeeld die skool, kerk en sport. Dit kan weereens toegskryf word aan die meerderheid pleegvaders se hoër ouderdomme.




Figuur 4.9: Die interaksie tussen die pleegvader en die pleegkind



© University of Pretoria

Figuur 4.9 gee ŉ opsomming van die response wat verkry is uit die ontleding van nege stellings wat gesamentlik dui op die interaksie van die pleegvader met die pleegkind. Die response wat ontvang is, is relatief verspreid tussen die verskillende vlakke van interaksie. Die meerderheid respondente ($f$ = 35) het "dikwels" of "altyd" aangedui, wat ŉ positiewe vlak van interaksie impliseer. Daar moet gelet word daarop dat die respondente manlik was, en hulle hier te kenne gee dat hulle betrokke is by die ekspressiewe funksie van versorging. Hierdie resultate kom ooreen met ŉ stelling wat deur Wilson et al. (2007:29) gemaak is, naamlik dat die pleegvaders wel ŉ versorgingsrol kan vertolk binne ŉ pleegsorgplasing. Walters (2011:15) bevestig dat die pleegvader se rol van ekonomiese voorsiener na die meer emosionele versorger beweeg veral aangesien ekonomiese strukture in die samelewing verander het.

#### 4.4.2.2 Die pleegvader se beskikbaarheid vir sy pleegkind

Met die kwantifisering van die konstruk beskikbaarheid is stellings gekombineer wat betrekking het op die potensiële tyd wat die pleegvader betrokke kan wees by die pleegkind ten opsigte van tyd en teenwoordigheid. Beskikbaarheid dui egter nie slegs op die fisiese teenwoordigheid van die pleegvader nie, maar ook van die kwaliteit van die tye wat die pleegvader met die pleegkind deurbring (Gorvine, 2010:92). Daar was altesaam agt stellings wat hierdie konstruk verteenwoordig. Die meetinstrument maak gebruik van stellings met werkwoorde soos 'erkenning gee' en 'aanmoedig' aangesien dit dui op die kwaliteit van die beskikbaarheid of teenwoordigheid van die pleegvader.



© University of Pretoria

Tabel 4.5: Beskikbaarheid van die pleegvader vir sy pleegkinders

| BESKIKBAARHEID | % |
|---|---|
| 2.Ek moedig ons pleegkinders aan om te lees | 79,0 |
| 4.Ek gee erkenning vir ons pleegkinders wanneer hulle iets goed doen | 84,2 |
| 8.Ek gee erkenning aan ons pleegkinders wanneer hulle die regte besluite neem | 77,2 |
| 9.Ek moedig ons pleegkinders aan om goed op skool te vaar | 82,4 |
| 12.Ek moedig ons pleegkinders aan om hulle huiswerk te doen | 77,2 |
| 17.Ek moedig ons pleegkinders aan om die skoolreëls te gehoorsaam | 85,9 |
| 22.Ek moedig ons pleegkinders aan om hul talente soos musiek, kuns, sport te ontwikkel | 73,6 |
| 24. Ek moedig ons pleegkinders aan om take in die huis te doen | 68,5 |


Die bogenoemde bevindinge dui daarop dat pleegvaders in hierdie studie oor die algemeen ŉ betekenisvolle rol gespeel het ten opsigte van die aanmoediging en ondersteuning van die pleegkinders. Hierdie konstruk van die vader se betrokkenheid kan tot voordeel strek vir die kind se kognitiewe ontwikkeling (Richter, 2006:59). Dit is dan opmerklik dat die pleegvaders die pleegkinders tot intellektuele aktiwiteite, byvoorbeeld lees en skoolwerk, en ontwikkeling van hul talente, byvoorbeeld musiek en sport, aangemoedig het. Die bevinding steun diè in die bespreking van die konstruk interaksie hierbo, waar aangetoon is dat daar ŉ hoë mate van interaksie met pleegkinders was binne die gesinsisteem. Die response op die stellings wat dui op die beskikbaarheid van die pleegvaders, dui dus op ŉ hoë mate van beskikbaarheid van die pleegvaders. Dit kan weereens moontlik gekoppel word aan die hoër ouderdom van die meerderheid van die pleegvaders, soos onder die konstruk van interaksie bespreek.

Die relatiewe hoë voorkoms van steun en erkenning van die pleegvader aan die pleegkinders dui op die vertolking van die ekspressiewe rol, volgens die strukturele funksionalisme (Benokraites, 2011:37). Dit toon ooreenstemming met die tendens wat gevind is in die ontleding van die konstruk 'interaksie' soos in die vorige afdeling (punt 4.4.2.1) bespreek. Die belangrikheid van die verhoudingsaspek van pleegsorg



© University of Pretoria

word spesifiek in die Kinderwet (Artikel 181) aangedui en ondersteun dus die waarde van die rol wat die pleegvaders in die studie in dié opsig vertolk.




Figuur 4.10: Die pleegvader se beskikbaarheid vir sy pleegkind

Figuur 4.10 toon aan dat die meerderheid respondente ($f$ = 42), dus 74% van die pleegvaders, “dikwels” of “altyd” vir hulle pleegkinders beskikbaar was. Dit korreleer met die feit dat die meerderheid pleegvaders ($f$ = 41) ook voltyds by die huis is, en nie buitenshuise werk verrig nie (verwys punt 4.4.1.4). Baker en Pawlak (2011:51) en Benokraitis (2011:354) toon aan dat die werksomstandighede van die vader (pleegvader) in die huis een van die elemente is wat kan bepaal hoe beskikbaar die vader is vir betrokkenheid by sy kinders. Die beskikbaarheid van die pleegvader word hier gekwantifiseer na die ure van die dag wat hy fisies teenwoordig is, ongeag of interaksie plaasvind (Gorvine, 2010:92). Dit is die navorser se mening dat indien die pleegvader fisies teenwoordig is, die potensiaal bestaan dat hy hom ten volle kan wy aan die vertolking van die ouerlike rol, naamlik om te kan versorg. Die versorging van pleegkinders word duidelik in die Kinderwet (Artikel 181) omskryf as die verantwoordelikheid van pleegouers.



© University of Pretoria

ŉ Verdere aspek wat vanuit hierdie bevindinge van belang is, is diè van die gesinsfunksie van sosialisering van die kinders (Ellis & Adams, 2009:7) en dat die pleegvader dus dié funksie ten opsigte van die pleegkinders uitvoer. Hy vervul die funksie van sosialisering deur aan die pleegkind te wys wat aanvaarbare gedrag vir ŉ man en ŉ vader behels (Benokraitis, 2011:130). Sy teenwoordigheid in die gesin bied die geleentheid dat hy ŉ rolmodel vir die pleegkind kan wees deur die voorbeeld wat hy in sy optrede stel (Wilson et al., 2011:11). Benokraitis (2011:369) dui aan dat dit belangriker is om aan ŉ kind te wys wat reg is en nie net te sê "doen dit" of "moenie dit doen nie". Hierdie funksie is ook ŉ belangrike aspek van pleegsorg, soos in Artikel 181 van die Kinderwet gemeld word dat pleegsorg ten doel het om die kind te voorsien van ŉ gesonde omgewing met positiewe ondersteuning. Opsommend kan genoem word dat om die kwaliteit van vaderlike betrokkenheid te verhoog, moet die pleegvader beskikbaar wees vir die pleegkind ongeag of interaksie plaasvind. Die resultate toon aan dat die respondente wel beskikbaar was vir hulle pleegkinders.

#### 4.4.2.3 Die pleegvader se verantwoordelikheid teenoor sy pleegkind

Die konstruk van verantwoordelikheid in die betrokkenheid van vaders, verwys na die ekonomiese funksie van die vader in die voorsiening van die kind se fisiese en materiële behoeftes; dikwels na verwys as die tradisionele broodwinnersfunksie van die vader (Gorvine, 2010:92; McKinney & Renk, 2008:808). Met die kombinering van 10 verskillende stellings is die konstruk verantwoordelikheid van die respondente gemeet ten opsigte van hulle pleegkinders. Hierdie konstruk van vaders se betrokkenheid word gesien as die instrumentele rol in die gesin en verwys na die besluitneming en beskikbaarstelling van hulpbronne om aan die pleegkind fisiese en emosionele sekuriteit te voorsien. Die pleegkind ontvang ŉ pleegsorgtoelaag (Skelton, 2011:4) en daar kan dus geredeneer word dat die staat bydra tot die voorsiening in die pleegkind se basiese fisiese behoeftes. Dit bly egter die pleegouer se verantwoordelikheid om hierdie pleegsorgtoelaag so aan te wend dat die fisiese behoeftes na onder andere kos en klere van die pleegkind bevredig word.

Die bied van sekuriteit kan egter ook as die ekspressiewe rol in die gesin beskou word deurdat dit nie net die funksie van ekonomiese sekuriteit behels nie, maar ook



© University of Pretoria

die bied van die gesinstruktuur en die huislike omgewing; 'n aspek wat gekoppel kan word aan die sogenaamde interne en eksterne gesinsfunksies soos deur die Fathering Indicators Framework ([sa]:10) beskryf. Dit blyk dan dat die pleegvader ondersteuning bied deur betrokke te wees by die daarstel van struktuur en reëls in die gesin. 'n Pleegkind kan veiligheid en geborgenheid beleef indien hy/sy weet wat van hom verwag word (Sigelman & Rider, 2009:426). Om ondersteuning aan die pleegmoeder te bied, kan ook op 'n indirekte wyse sekuriteit aan die pleegkind bied (Holborn & Eddy, 2011:4).

Tabel 4.6: Die verantwoordelikheid van die pleegvader teenoor sy pleegkinders

| VERANTWOORDELIKHEID | % |
|---|---|
| 1.Ek verskaf aanmoediging en emosionele steun aan die pleegmoeder | 84,2 |
| 3.Ek voorsien in ons pleegkinders se basiese behoeftes soos kos, klere | 89,5 |
| 11. Ek aanvaar finansieel verantwoordelikheid vir ons pleegkinders | 84,2 |
| 14.Ek weet waar ons pleegkinders is en wat hulle met hul maats doen | 70,1 |
| 16.Ek is betrokke in besluite oor hoe om die pleegsorgtoelaes te bestee | 63,2 |
| 18.Ek beplan vir ons pleegkinders se toekoms nadat hulle skool verlaat het | 66,6 |
| 19. Ek laat ons pleegkinders besef dat hulle pleegma belangrik en spesiaal is | 87.7 |
| 21. Ek help ons pleegkinders met hulle beplanning vir die toekoms soos opleiding | 63,2 |
| 25. Ek stel reëls en beperkinge vir ons pleegkinders se gedrag | 77,2 |
| 26. Ek ken my pleegkinders se vriende | 68,4 |

In aansluiting by die voorafgaande bespreking van die literatuur, toon die bevindinge ten opsigte van die konstruk verantwoordelikheid soos in Tabel 4.6 aangedui dat die pleegvaders in hierdie studie 'n hoë mate van betrokkeheid toon in beide die ekspressiewe en instrumentele funksies van die gesin; dus beide die interne en eksterne gesinsfunksies van die vader. So byvoorbeeld het hulle 'n hoë mate van betrokkenheid ten opsigte van die voorsiening van die pleegkinders se basiese behoeftes en die aanvaarding van finansiële verantwoordelikheid getoon; dus die instrumentele funksie. Voorts het hulle aangedui dat hulle die pleegmoeder ondersteun en betrokkenheid toon by die kinders se inskakeling in die gesinstruktuur




© University of Pretoria

en die wyer omgewing, byvoorbeeld die stel van reëls en bewustheid van die kinders se vriendekring. Dit blyk dus dat die pleegvaders se verantwoordelikheid teenoor die pleegkinders beide op die gebiede van die eksterne en interne gesinsfunksies uitgevoer is.

Die bevindinge dui daarop dat die pleegvaders se verantwoordelikheid ten opsigte van die toekomsvisie en –beplanning vir die pleegkinders nie so prominent was nie. Weens die gebruik van vraelyste vir data-insameling, kon hierdie aspek nie meer in diepte eksploreer word nie. Hoewel die pleegvaders aangedui het dat hulle verantwoordelik is vir die materiële versorging van die pleegkinders, blyk dit dat nie almal so betrokke is by besluite rakende die pleegsorgtoelae nie. Dit mag die gevolg wees daarvan dat maatskaplikediensorganisasies meer geneig is om die pleegmoeder by direkte dienslewering te betrek (Daly, 2011; Riggs et al., 2010:25; Wilson et al., 2007:22).

Figuur 4.11 bied 'n uiteensetting van die resultate van die 10 gekombineerde stellings:




Figuur 4.11: Die pleegvader se verantwoordelikheid teenoor sy pleegkind

Figuur 4.1 dui aan dat die pleegvaders wat aan die studie deelgeneem het, wel verantwoordelik was teenoor hulle pleegkind(ers) en die pleegsorgtoelaag ten



© University of Pretoria

gunste van die pleegkind se behoeftes aanwend. Die meerderheid respondente (81%) het "dikwels" of "altyd" geantwoord op die items wat betrokkenheid meet aan die hand van die konstruk van verantwoordelikheid. Dit dui dus op ŉ relatief hoë voorkoms van verantwoordelikheid by hierdie pleegvaders. Daar moet gelet word dat die meerderheid pleegsorgplasings in hierdie studie, naamlik 94%, familie-plasings was (verwys Figuur 4.7) en dat dit die pleegvader kon beïnvloed om ŉ groter verantwoordelikheidsin te openbaar ten opsigte van die ekonomiese en emosionele sekuriteit van sy pleegkinders.

### 4.4.3 Korrelasies tussen veranderlikes

Die studie is aan die hand van die korrelasie-navorsingsontwerp gedoen en as sodanig is dit nodig om te bepaal of daar onderlinge korrelasies of verbande tussen veranderlikes bestaan (Welman et al., 2005:94). In die studie van korrelasies is die volgende vrae van belang (Fouché & Bartley, 2011:273):

- Bestaan daar ŉ verband tussen veranderlikes?
- Indien daar ŉ verband bestaan, in watter rigting is die verband (positief of negatief)?
- Indien daar ŉ verband bestaan, hoe sterk is die verband?

Korrelasies word deur ŉ korrelasie koëffisiënt *(r)* voorgestel as ŉ getal tussen -1 en 1, waar *r* = 0 geen korrelasie of verband aandui nie, *r* = 1 ŉ volmaakte positiewe korrelasie aandui terwyl *r* = -1 ŉ volmaakte negatiewe korrelasie aandui (Fouché & Bartley, 2011:273; Levin & Fox, 2011:256). Verskillende statistiese metodes word benut om korrelasies tussen verskillende groepe data te ondersoek. In die korrelasie-analise van hierdie studie se data, is gebruik gemaak van die Spearman Rang-Orde Korrelasie Koëffisiënt of genoem 'Spearman *rho'* (Levin & Fox, 2011:290) aangesien die konsep pleegvaderbetrokkenheid op ŉ ordinale skaal gemeet is. Tabel 4.7 gee ŉ opsomming van die korrelasie-analise wat gedoen is ten opsigte van sommige veranderlikes in hierdie studie.



© University of Pretoria

In hierdie afdeling is daarin gepoog om korrelasies te trek tussen die konsep van vaderlike betrokkenheid as geheel (verwys Figuur 4.8) en die pleegvaders se ouderdom, ras, werkstatus en die ouderdom van die pleegkind, soos in Tabel 4.7 hieronder aangedui.

Tabel 4.7: Korrelasie-analise met die veranderlike pleegvaderbetrokkenheid

| Veranderlike | *p* | *Spearman rho* | Korrelasie |
|---|---|---|---|
| Ouderdom van die pleegvader | 0,321 | - 0,63 | Sterk negatiewe korrelasie |
| Ras van die pleegvader | 0,001* | -0,397 | Gematigde negatiewe korrelasie |
| Werkstatus van die pleegvader | 0.366 | 0,046 | Geen korrelasie |
| Ouderdom van die pleegkind | 0,088 | - 0,182 | Swak negatiewe korrelasie |

*Slegs die korrelasie tussen “Ras van die pleegvader” en “pleegvaderbetrokkenheid” is statisties betekenisvol om na die volle populasie van hierdie studie te veralgemeen waar statistiese betekenisvolheid (*p*) ŉ waarde kleiner as “0,05” aandui (Fouché & Bartley, 2011: 274).

Die data in Tabel 4.7 kan soos volg geïnterpreteer word, met die statistiese betekenisvolheid (*p*) in ag geneem:

- **Ouderdom van die pleegvader:** Uit die bevinding van hierdie studie blyk dit dat hoe ouer die pleegvader was, hoe minder was hul betrokkenheid by hul pleegkinders. Binne die strukturele funksionalisme word daar spesifieke rolle aan elke gesinslid toevertrou, soos in hoofstuk 2 (punt 2.3) bespreek. Hieruit kan verder gestel word dat die rol van die vader nie dieselfde as die rol van die grootvader is nie. Die rolle wat die grootvader in die gesin inneem, hou direk verband met sy mobiliteit (Benokraitis, 2011:516), waar die vlak van mobiliteit die mate waarin hy betrokke kan wees, sal bepaal. In hierdie studie was die meerderheid van die respondente bo die ouderdom van 60 jaar (verwys Figuur



© University of Pretoria

4.3) wat meestal hul kleinkinders in pleegsorg gehad het (verwys Figuur 4.7). Dit mag dus wees dat die oorkoepelende betrokkenheid van die respondente deur hul ouderdom geaffekteer is. Dit kan gekoppel wees aan meer beperkte mobiliteit, maar ook aan die persepsie van die rol van die grootvader, soos ook deur die strukturele funksionalisme aangedui. In hierdie verband noem Benokraitis (2011:527) dat baie grootouers dit moeiliker vind om verantwoordelikheid vir die versorging van hulle kleinkinders op te neem aangesien dit nie binne die gewone aktiwiteit van hulle lewensfase is nie.

- **Ras van die pleegvader:** Die gematigde negatiewe korrelasie wat in hierdie navorsing gevind is dui daaop dat die Swart respondente 'n laer voorkoms van betrokkenheid by hulle pleegkinders as die Kleurling en Blanke pleegvaders getoon het. Hierdie verskille (tussen rasse) kan moontlik toegeskryf word aan die persepsies wat ouers oor die rolle van vaders en moeders het. Moloi (2012:5) beskryf die persepsies van Swart mans oor vader- en moederrolle as dat vaders die broodwinner in die gesin is (instrumentele rol) en die moeder die versorger is (ekspressiewe rol). Dit kan ook toegeskryf word aan algemene tendense wat in gemeenskappe voorkom. Holborn en Eddy (2011:2) verwys byvoorbeeld na statistiek van 2009 dat in Suid-Afrika 'n groter persentasie (46%) Swart kinders sonder hulle vaders (wat steeds leef) grootword teenoor 34% Kleurlingkinders en 13% Blanke kinders.

- **Werkstatus van die pleegvader**. Geen korrelasie is in hierdie studie gevind tussen die werkstatus van die pleegvader en sy betrokkenheid by sy pleegkinders nie. Die meerderheid van die pleegvaders in hierdie studie was werkloos of pensioenarisse wat meestal bedags tuis kon wees (verwys Tabel 4.1). Die minderheid pleegvaders wat aan hierdie studie deelgeneem het, het gewerk, maar daar was nie 'n insiggewende verskil ten opsigte van die bevindinge ten opsigte van hul betrokkenheid nie. Daar was dus geen verband tussen die betrokkenheid van hierdie twee groepe pleegvaders nie.

- **Die ouderdom van die pleegkind:** Die bevindinge van die studie dui daarop dat, hoe ouer die pleegkind was, hoe minder betrokke was die pleegvader by die pleegkind. Indien na die lewensfase van die pleegkinders gekyk word, word



© University of Pretoria

opgemerk dat die grootste hoeveelheid pleegkinders in die adolessente-fase (56%) geval het. Daar word in ag geneem dat adolessente as deel van hul ontwikkeling van gesinsaktiwiteite onttrek en poog om meer onafhanklik te word, met die gevolg dat fisiese aktiwiteite en interaksie tussen adolessente en ouers verminder (Sigelman & Rider, 2009:426). Ouers is ook van nature geneig om minder by ouer kinders betrokke te wees as by jonger kinders wat hulself nog nie kan versorg nie (Sigelman & Rider, 2009:429).

Vanuit die bespreking van die navorsingsbevindinge ten opsigte van die drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid (interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid) onder punt 4.4.2 blyk dit dat die konstruk van interaksie die laagste voorkoms van betrokkenheid van die pleegvaders getoon het. Interaksie is die konstruk wat die meeste met die ekspressiewe rol in die gesin verbind word, synde die fisiese versorging en direkte interaksie met kinders. In hierdie studie kan dit moontlik gekoppel word aan die ouderdom van die pleegvaders (meestal bejaarde persone) wat hul mobiliteit en rolbeskouing van die rol van die grootvader kan bepaal. Talle mense identifiseer steeds met die tradisionele rolverdeling in die gesin (Benokraitis. 2011:139), waar die tradisionele rolverdeling van instrumentele rolspelers aan mans en vaders toegeskryf word, terwyl vroue en moeders as die ekspressiewe rolspelers beskou word (punt 2.3.3). Die tradisionele rolverdeling word bewustelik gekies maar kan ook die resultate wees van gewoontes, gebruike en sosialisering (Benokraitis, 2011:139).

Ten spyte van die bogenoemde bevindinge rakende die konstruk van interaksie, waar ŉ meer instrumentele rol sterker blyk te wees, dui die algehele bevindinge van die navorsing daarop dat die pleegvaders ŉ instrumentele sowel as ekpressiewe rol binne die pleegsorggesin vertolk het. Hierdie voorkoms van die ekspressiewe rol by die pleegvaders kan moontlik verband hou daarmee dat die pleegplasing beskou word as meer langtermyn familieplasings, soos aangetoon in Figuur 4.6 en Figuur 4.7 onderskeidelik.

### 4.4.4 DIE BESKRYWING VAN DIE BETROKKENHEID VAN DIE PLEEGVADER IN DIE LEWE VAN DIE PLEEGKIND



© University of Pretoria

Die pleegvaders wat aan hierdie navorsing deelgeneem het, is ook die geleentheid gebied om in hulle eie woorde hulle betrokkenheid in die lewe van hulle pleegkind(ers) te beskryf. Die meeste pleegvaders was baie positief teenoor hul pleegkind(ers) en het genoem dat pleegsorg hulle vreugde bring en hulle poog om die pleegkinders soos hulle eie kinders te versorg en op te voed. Die temas wat vanuit hierdie beskrywings verkry is, toon 'n sterk ooreenstemming met die funksies van gesinne soos in hoofstuk 2 (punt 2.3.2) bespreek is. Hierdie funksies word geïdentifiseer as die reguring van seksuele gedrag, fasilitering van die proses van voortplanting, sosialisering van kinders, emosionele ondersteuning, ekonomiese sekuriteit en die verskaffing van sosiale status (Benokraites, 2011:8; Cheney, 2009; De Rosso [sa]; Orwitz, 2005:674; Schwartz & Scott, 2010:5-7; Zastrow, 2009:240). Die volgende van hierdie funksies is as temas vanuit die pleegvaders se beskrywings van hulle betrokkenheid by hul pleegkinders geïdentifiseer:

- **Tema 1: Emosionele ondersteuning**

Vanuit tema 1 is dit duidelik dat die pleegvaders hulle emosionele verantwoordelikheid teenoor hulle pleegkinders besef het en gepoog het om aan hierdie gesinsfunksie te voldoen. Die volgende voorbeelde van aanhalings dui op die emosionele ondersteunigsfunksie wat deur die respondente aangedui is:

<u>Respondent 01</u>: "Die feit dat ek my kleinkinders liefhet, maak dat ek altyd baie betrokke by hulle is. Hulle albei is my waardevolle appels." ("Due to the fact that I love my grandchildren I always involve myself a lot with them. They are both my precious apples.")
<u>Respondent 02</u>: "Ek behandel hom soos my seun. Hy is so 'n goeie kind vir my, ek het hom regtig lief." ("I treat him as my son. He's such a good boy to me I actually love him.")
<u>Respondent 31</u>: "Hy is soos my eie kind."

Die gesin word beskou as die belangrikste sisteem in die sameleweing om liefde en emosionele steun aan sy lede te bied (Amoateng et al., 2004:8; Benokraites, 2011:10). Dit hou spesifieke voordele vir die kinders in, onder meer gesonde selfbeeld, selfvertroue, verbeterde skoolbywoning en -prestasies, en 'n vermindering



© University of Pretoria

in probleemgedrag (Ellis & Adams, 2009:6). Hierdie gesinsfunksie word beskou as die ekspressiewe rol in die gesin en word tradisioneel deur die moeder of vrou in die gesin vertolk (Benokraites, 2011:8). Deurdat die pleegvader ook hierdie rol vertolk, vervul hy een van die belangrike funksies van die pleegvader soos deur Gilligan (2000:64), Newstone (2000:44) en Riggs et al., (2010:24) aangedui, naamlik om 'n positiewe en liefdevolle manlike rolmodel daar te stel vir die pleegkind wat dikwels in hul oorspronklike gesinne 'n negatiewe beeld van die vaderfiguur opgebou het. Die feit dat 'n groot aantal pleegvaders emosionele steun aangedui het, kan daaraan toegeskryf word dat die plasings meestal verwante pleegsorgplasings was, waar 'n familieband tussen die pleegvaders en die pleegkinders bestaan het.

- **Tema 2: Sosialisering van kinders**

Met Tema 2 blyk dit dat die sosialiseringsfunksie in die gesin vir die pleegvader baie belangrik was aangesien die meerderheid respondente opmerkings oor dié gesinsfunksie gemaak het, waarvan die onderstaande voorbeelde is.

Respondent 04: "Ek leer vir haar hoe om op te tree en om ander te respekteer. Ek moedig haar aan om te studeer sodat sy 'n beurs kan kry om kollege to te gaan. Ek moedig haar ook aan om kerk toe the gaan en God te ken." ("I teach her on how to behave and to respect others. I encourage her to study so that she will receive a bursary to go to the college. I also encourage her to go to church to know God.")
Respondent 05: "Ek bly by haar en moedig haar aan om te studeer en ek leer haar om die regte vriende te hê en ander te respekteer, ook om aan sport deel te neem." ("I stay with her and I encourage her to study and I teach her to have right friends and to respect others, also to participate in sport.")
Respondent 13: "Ek dissiplineer hulle te veel om hulle van die strate weg te hou." ("I use discipline too much to get them off streets.")
Respondent 18: "As pleegvader is ek toegewy daaraan om die kind leiding te gee in alles wat hy doen en hom te leer wat reg en verkeerd is." ("As a foster father I am commited to guide the child with everything he do and tell him what is wrong or right.")



© University of Pretoria

Die gesin is die primêre bron van sosialisering van kinders en is verantwoordelik om volgens die norme van die samelewing op te tree (Ellis & Adams, 2009:7; Schwartz & Scott, 2010:6). Sosialisering dra daartoe by dat kinders die prososiale gedrag aanleer om hulle te help om by die gemeenskap in te pas. Dit vorm is dus ŉ belangrike ouerlike funksie en die belangrikheid daarvan dat die ouer leiding verskaf en die kind se gedrag rig, word in die Kinderwet (Artikel 1) onder die konsep van versorging ('care') aangedui. Sosialisering van kinders is ŉ besondere verantwoordelikheid van die gesin indien in ag geneem word dat die ondergrawing van gesinswaardes as een van die gesinsuitdagings in Suid-Afrika aangedui word (Baker & Pawlak, 2011:17; Ellis & Adams, 2009:8; Hartell, 2000:81).

- **Tema 3: Ekonomiese sekuriteit**

Hierdie tema is in die geheel minder as die ander temas deur die pleegvaders geïdentifiseer. Hierdie tendens kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die pleegkinders pleegsorgtoelaes ontvang (Skelton, 2011:4) wat ŉ mate van ekonomiese sekuriteit aan die pleegkind bied sonder dat die pleegvader direk daarby betrokke is.

Respondent 08: "Ek maak seker dat die kind alles het wat sy nodig het." ("I make sure that the child have everything she wants.")
Respondent 10: "Ek hanteer hulle op dieselfde wyse as wat ek my eie kinders hanteer het met alles wat hul nodig het." ("I just handle them same way as I handled my kids with everything they want.")
Respondent 15: "Ek voorsien alles en probeer om in hul belangrikste behoeftes te voorsien." ("I provide anything and try to meet their important needs.")

Die bied van ekonomiese sekuriteit aan die gesinslede en die voorsiening in die gesinslede se basiese behoeftes is een van die hooffunksies van die gesin (Böning, 2009:223). Toewyding aan hierdie funksie kom duidelik uit die bogenoemde na vore. Daar moet in ag geneem word dat die meeste van die pleegvaders werkloos was, wat mag wees weens hul ouderdom. Daar moet in ag geneem word dat werkloosheid en ekonomiese druk egter ook een van die uitdagings is waaraan



© University of Pretoria

gesinne in Suid-Afrika blootgestel word (Department of Social Development, 2008:30), wat dus ook groter eise aan pleegsorggesinne kan stel.

- **Tema 4: Interaksie**

Buiten die genoemde drie temas wat ooreenstem met die funksies van die gesin, het ŉ verdere tema sterk na vore getree, naamlik die tema van interaksie tussen die pleegvader en die pleegkinders. Hierdie tema beskryf hoe die pleegvader tyd aan die pleegkind spandeer. Die onderstaande aanhalings is voorbeelde hiervan.

Respondent 06: "Ek bring baie tyd saam met haar deur soos om te gaan inkopies doen. Ek help haar met haar skoolwerk veral met Sepedi." ("I spend much time with her such as going to shopping. I assisted her with school work especially Sepedi.")
Respondent 21: "Speel graag saam met haar. Troos haar wanneer sy ontsteld is oor iets. Maak haar soms aan die slaap, veral Saterdae voormiddag."
Respondent 38: "Sy is heeltyd by my. Sal haar help waar nodig. Probeer haar verstaan wanneer sy hulp nodig het of iets wil weet. Omdat sy baie aandag nodig het, maak ek tyd vir haar."

Hierdie tema was veral by pleegvaders waar daar jonger kinders in die vroeë- en middelkinderjare in hul pleegsorg was. In die bespreking van ouerlike funksies (hoofstuk 2, punt 2.5) is aangetoon dat, ten spyte van ŉ meer gelyke verdeling tussen die funksies van vaders en moeders, vaders se interaksie met kinders steeds verskil van dié van moeders. So byvoorbeeld kommunikeer en speel vaders verskillend met die kinders, hulle bou kinders se selfvertroue, en gebruik ander metodes van dissipline (Department of Health and Human Services, 2004:8-10; Jordaan, 2007:30). So ook is spesifiek ten opsigte van pleegvaders aangetoon watter besondere rol hulle binne die pleegsorggesin teenoor die pleegkind kan vertolk (Gilligan, 2000:64).

In hierdie studie was die meeste van die pleegkinders in die adolessente lewensfase. Adolessente in pleegsorg kan voel dat hulle nêrens behoort nie, en vanweë gebrekkige ondersteuning deur positiewe rolmodelle, openbaar hulle negatiewe gedrag (Visser, Herbst & Hassim, 2010:329). Holborn en Eddy (2011:7, 11) beskryf die adolessentegroep en die vele probleme wat spesifiek in hierdie



© University of Pretoria

ouderdomsgroep kinders kan manifesteer, onder andere swak skolastiese uitkomste, anti-sosiale gedrag, kriminele gedrag, swangerskappe en substans-afhanklikheid. Die bogenoemde temas wat dui op positiewe betrokkenheid van die pleegvader in die uitvoer van gesinsfunksies, kan dus help om psigososiale probleme by die adolessente pleegkind te voorkom.

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die navorsingsmetodologie, die etiese oorwegings en die navorsingsresultate van die studie weergegee. ŉ Vraelys is benut om data in te samel oor die drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid (interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid) van pleegvaders teenoor hulle pleegkinders. Die studie is gedoen met pleegvaders wat deel vorm van pleeggesinne wat dienste van Child Welfare Tshwane ontvang. Die navorsing was toegepaste navorsing met ŉ verkennende aard. Die studie is uitgevoer met 57 pleegvaders as respondente.

Die bevindinge van die studie het gedui op ŉ algehele hoë mate van betrokkenheid van pleegvaders by hul pleegkinders in al drie die konstrukte van vaderlike betrokkenheid. Die konstruk interaksie het ŉ ietwat laer vlak van betrokkenheid getoon as die ander twee konstrukte. Hoewel die hoë betrokkenheid van pleegvaders daaraan toegeskryf kan word dat die meerderheid werkloos of pensioenarisse was en dus meer beskikbaar kon wees, is geen betekenisvolle statistiese verskille in ouderdom en betrokkenheid gevind nie. ŉ Ander faktor wat die betrokkenheid van die pleegvaders kon bevorder, was dat die oorgrote meerderheid van die plasings verwante pleegsorgplasings was. Die navorsing het voorts getoon dat pleegvaders ten opsigte van beide instrumentele en ekspressiewe funksies van ouerskap by hul pleegkinders betrokke was.

In die volgende hoofstuk, sal die navorsingsbevindinge van hierdie hoofstuk met die literatuurstudie gekonsolideer word om die navorser in staat te stel om gevolgtrekkings en aanbevelings te formuleer.



© University of Pretoria

# HOOFSTUK 5

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Hierdie studie het gehandel oor die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders in Child Welfare Tshwane. Hierdie hoofstuk dien om 'n opsommende oorsig van die navorsing te verskaf en om gevolgtrekkings en aanbevelings op grond van die studie te maak.

Daar word eerstens gefokus op die bereiking van die doel en doelwitte wat vir hierdie studie geformuleer is. Die doel van die studie was om die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders te verken binne Child Welfare Tshwane.

Die volgende doelwitte is gestel ten einde die doel van die studie te bereik:

- Om die vaderlike rol en vaderlike betrokkenheid binne die pleegsorgkonteks te omskryf
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van hul direkte interaksie en kontak met die pleegkind(ers)
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die beskikbaarheid van hul tyd en fisiese teenwoordigheid by die pleegkind(ers)
- Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van besluite en lewensmiddele vir die pleegkind(ers)
- Om uit die resultate van die studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak oor moontlike intervensieprogramme aan pleegvaders binne Child Welfare Tshwane.

Die navorsingsvraag was soos volg:



© University of Pretoria

Wat is die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane?

## 5.2 BEREIKING VAN DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

Die doel is bereik deurdat kennis en insig bekom is oor die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane. Die doel is bereik deurdat die doelwitte van die navorsing bereik is, soos in Tabel 5.1 aangedui.

**Tabel 5.1: Bereiking van die navorsingsdoelwitte**

| Doelwit | Bereiking van die doelwit |
|---|---|
| 1. Om die vaderlike rol en vaderlike betrokkenheid binne die pleegsorgkonteks te omskryf | Hierdie doelwit is in **Hoofstuk 2** bereik deur die omskrywing van die vaderlike rol in die konteks van die gesinsfunksies en gesinsrolle vanuit die strukturele funksionalistiese benadering. In dieselfde hoofstuk is vaderlike betrokkenheid omskryf op grond van die drie-konstrukmodel van verantwoorde-likheid, interaksie en beskikbaarheid.<br>In **Hoofstuk 3** is die pleegsorgkonteks binne Suid-Afrika omskryf met spesifieke verwysing na die pleegvader se rol en funksies as pleegouer. |
| 2. Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van hul direkte interaksie en kontak met die pleegkind(ers)<br>3. Om die aard van die pleegvader se vaderlike betrokkenheid te verken | Hierdie drie doelwitte is bereik deur die uitvoering van die empiriese studie, waarvan die resultate in **Hoofstuk 4** beskryf en bespreek is. Elkeen van die volgende drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid is apart en oorkoepelend bespreek: |



© University of Pretoria

| | |
|---|---|
| ten opsigte van die beskikbaarheid van hul tyd en fisiese teenwoordigheid by die pleegkind(ers)<br>4. Om die aard van die pleegvaders se vaderlike betrokkenheid te verken ten opsigte van die neem van verantwoordelikheid ten opsigte van besluite en lewensmiddele vir die pleegkind(ers) | • Interaksie: direkte interaksie en kontak met die pleegkind(ers)<br>• Beskikbaarheid: tyd en fisiese teenwoordigheid by die pleegkind(ers)<br>• Verantwoordelikheid: besluite en lewensmiddele vir die pleegkind(ers). |
| 5. Om uit die resultate van die studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak oor moontlike intervensieprogramme aan pleegvaders binne Child Welfare Tshwane. | Hierdie doelwit is bereik deur die gevolgtrekkings en aanbevelings in **Hoofstuk 5**. |

## 5.3 NAVORSINGSMETODIEK

Die navorsing het 'n kwantitatiewe benadering gevolg, wat dit moontlik gemaak het dat die respondente (pleegvaders) inligting kon verskaf op 'n eenvormige wyse, sonder die teenwoordigheid van die navorser wat 'n invloed op die response kon hê. Die navorsing is volgens die etiese riglyne vir navorsing uitgevoer. Die navorsingsmetodologie is volledig in hoofstuk 4 bespreek. Die navorsingsvraag wat die studie gerig het, was soos volg: Wat is die aard van die betrokkenheid van pleegvaders by pleegkinders binne Child Welfare Tshwane?

Die empiriese bevindinge van die studie soos in die Hoofstuk 4 uiteengesit en bespreek, het die navorser in staat gestel om die navorsingsvraag te beantwoord.



© University of Pretoria

## 5.4 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

Die bevindinge en gevolgtrekkings berus op die resultate van die literatuurstudie en die kwantitatiewe navorsing. Die bespreking daarvan word gestruktureer aan die hand van die hoofstukke in die navorsingsverslag waarin die onderskeie doelwitte aangespreek is (verwys Tabel 5.1) wat met die doelwitte hierbo ooreenstem. By elke afdeling word 'n kort oorsig van die hoofstuk se inhoud verskaf, waarna die gevolgtrekkings en aanbevelings weergegee word. **Hoofstuk 1** het 'n inleiding tot die studie verskaf, waarin die motivering, probleemstelling en doel en doelwitte van die studie onder andere aangespreek is.

### 5.4.1 Hoofstuk 2: Die gesin vanuit die struktureel-funksionalistiese benadering

**Opsomming:**

In hierdie hoofstuk is gesin op grond van 'n literatuurstudie bespreek. Eerstens is erkenning gegee aan die diversiteit in hedendaagse gesinsvorme. As agtergrond vir die bespreking van die rol van die vaders in die gesin, is die struktureel funksionalistiese benadering is as raamwerk gebruik vir die bespreking van die gesinsfunksies, gesinsrolle en ouerlike funksies. Daar is ook gedui op die belangrikheid van die gesin te midde van talle uitdagings waarmee die gesin gekonfronteer word. Die hoofstuk is afgesluit met die bespreking van vaderlike betrokkenheid volgens die drie-konstrukmodel gegrond op verantwoordelikheid, interaksie en beskikbaarheid. Hierdie konstrukte word as algemeen-aanvaarde oorweging van vaderlike betrokkenheid beskou. Vanuit die strukturele funksionalistiese benadering, sal die bespreking van die gesin en gesinsrolle ook van toepassing wees op die pleeggesin en op pleegvaders.

**Gevolgtrekkings:**

- 'n Groot diversiteit van gesinstrukture word in Suid-Afrika erken.
- Te midde hiervan bied die struktureel-funksionalistiese benadering 'n toepaslike konseptuele raamwerk om die gesin en dan ook vir die pleegsorggesin te begryp.



© University of Pretoria

- Die gesin vervul bepaalde funksies ten opsigte van die gesinslede. Die rolle van die sosialisering van kinders, die verskaffing van ekonomiese sekuriteit en bied van emosionele ondersteuning blyk veral ŉ primêre gesinsfunksie te wees.
- Die vrou/moeder en man/vader vervul bepaalde rolle in die gesin ten einde die gesinsfunksies uit te voer. Hoewel dit in die moderne samelewing voorkom asof rolle toenemend oorvleuel, blyk dit dat die rolle van man/vader en vrou/moeder steeds neig om afsonderlik gesien te word, met die man/vader wat tradisioneel die instrumentele rol vervul en die vrou/moeder die ekspressiewe rol.
- Die belangrikheid van die gesin en die gesinsfunksies word beklemtoon wanneer gelet word op die vele uitdagings waaraan die in die samelewing blootgestel word, en wat ŉ negatiewe impak op die gesin en gesinslede kan hê.
- Wat betref die versorging van kinders, word onderskeie ouerlike funksies geïdentifiseer. Die wyse hoe vaders hul ouerlike funksies vervul, verskil van dié van die moeder en kom veral na vore in hul ouerlike taak as rolmodel, asook in hul interaksie-patrone wat spel, kommunikasie en metodes van dissipline insluit. Dit dui op die wenslikheid van die betrokkenheid van beide ouers by die versorging van die kinders.
- Ten spyte van ŉ voorkoms van negatiewe persepsies oor die aard en nodigheid van vaders se betrokkenheid by hul kinders, hou vaderlike betrokkenheid bepaalde voordele vir die kind in.
- Vaderlike betrokkenheid word algemeen gemeet aan drie konstrukte, naamlik verantwoordelikheid, interaksie en teenwoordigheid.

**Aanbevelings:**

- Die belangrike rol wat die gesin en effektiewe uitvoering van gesinsfunksies en gesinsrolle speel, moet erken word veral indien gesinsuitdagings vanuit die samelewing in ag geneem word.
- Maatskaplikediensorganisasies moet, waar nodig, gesinne bystaan om optimaal te funksioneer weens die gesin se primêre funksies van regulering van seksuele gedrag, sosialisering, ekonomiese sekuriteit, emosionele steun en sosiale status ten opsigte van sy lede.
- Die belangrikheid van die betrokkenheid van beide ouers by die kinders in die gesin moet erken word deur maatskaplikediensorganisasies, spesifiek dan ook



© University of Pretoria

betreffende die rol en betrokkenheid van die vader wat in die moderne samelewing nie voldoende erkenning blyk te ontvang nie.

### 5.4.2 Hoofstuk 3: Pleegsorg as gesinsvorm

**Opsomming:**

In Hoofstuk 3 is pleegsorg gekontekstualiseer deur eerstens ŉ omskrywing van pleegsorg as alternatiewe versorging vir kinders wat volgens wet uit die sorg van hul biologiese ouers verwysder is. Daar is beklemtoon dat die pleegouers die versorgingfunksies van die biologiese ouer oorneem en dat verskillende vorme van pleegsorg bestaan op grond van die duur van die pleegsorg en die verwantskap tussen die pleegouers en pleegkinders al dan nie. Daar is voorts op die toename in pleegsorgplasings in Suid-Afrika gewys en dat die pleegouers hul versorgingstake volgens die bepalings van die Kinderwet moet vervul. Pleegkinders toon dikwels moeilike gedrag en ontwikkelingsagterstande weens traumatiese gebeure in hul gesin van oorsprong. Hoewel maatskaplikediensorganisasies pleegsorggesinne moet bystaan, realiseer dit dikwels nie in die praktyk nie weens ŉ tekort aan maatskaplike werkers en ŉ oorweldigende aantal pleegsorgplasings.

Daar is verder daarop gedui dat die pleegsorggesin ŉ belangrike rol ten opsigte van die versorging van die pleegkind vervul; soortgelyk aan die gesin se funksies en rol wat in Hoofstuk 2 bespreek is. Net soos wat daar in Hoofstuk 2 aangedui word dat die vader se betrokkenheid by kinders tot hul algehele welsyn bydra, word Hoofstuk 3 afgesluit deur te wys op die belangrike rol wat pleegvaders in die lewens van pleegkinders kan speel.

**Gevolgtrekkings:**

- Pleegsorg is die verkose vorm van versorging van kinders wat volgens wet uit hul ouers se sorg verwyder is aangesien dit aan die pleegkind die voordeel van versorging binne gesinsverband bied.
- Binne die pleegsorgplasing, ten spyte van die duur daarvan of verwantskap tussen die pleegouers en pleegkinders, neem pleegouers volgens wet die versorging van die pleegkind oor en word hierdie taak volgens die bepalings van die Kinderwet verrig.



© University of Pretoria

- Die funksies en rolle van die pleeggesin, as een van die gesinsvorme in Hoofstuk 2 aangedui, is dus net so kardinaal vir die welsyn van die kinders.
- Pleegvaders kan ŉ positiewe bydrae lewer ten opsigte van stabiliteit in die pleeggesin, steun aan die pleegmoeder en as ŉ positiewe rolmodel as man en vader; aspekte waaraan die pleegkind op grond van vorige gesinservarings dikwels ontneem is.
- Die feit dat die pleegkind meestal in die verlede aan traumatiese gebeure blootgestel is, kan egter die uitvoer van die ouerlike funksies en rolle van die pleegouers bemoeilik.
- Hoë pleegsorggetalle en ŉ tekort aan maatskaplike werkers bring mee dat maatskaplikewerkdienslewering aan pleeggesinne dikwels nie realiseer nie.

**Aanbevelings:**

- Die kardinale rol wat die pleegsorggesin in die rol van die pleegkinders speel moet erken word, maar ook dat pleeggesinne ondersteuning mag benodig om die spesifieke uitdagings wat dit aan die pleegouers stel, te hanteer.
- In die beplanning van dienste aan pleeggesinne, moet die belangrike bydrae van die pleegvader ten opsigte van die welsyn van die pleegkind in ag geneem word.
- Strategieë moet oorweeg word om meer pleegouers by dienslewering te betrek, byvoorbeeld dienste in groepverband of die benutting van die maatskaplike hulpwerker.

### 5.4.3 Hoofstuk 4: Navorsingsbevindinge

In hierdie hoofstuk is die navorsingsbevindinge bespreek wat op grond van ŉ self-geadministreerde vraelys vanaf 57 respondente verkry is. Die biografiese besonderhede van die respondente het aangetoon dat die meeste van hulle bo die ouderdom van 60 jaar was, werkloos of pensioenarisse was, en as pleegvaders opgetree het vir kinders wat meestal in verwante pleegsorg in hul sorg geplaas is en meestal in die adolessente lewensfase was. Pleegplasings was meestal langtermyn.

Data is ingesamel ten opsigte van die konstrukte van die drie-konstrukmodel van vaderlike betrokkenheid, naamlik interaksie, beskikbaarheid en verantwoordelikheid.



© University of Pretoria

ŉ Oorsig van die response het getoon dat die pleegvaders in hierdie studie oor die algemeen ŉ hoë mate van betrokkenheid by hul pleegkinders getoon het. Met ontleding van die drie konstrukte van vaderlike betrokkenheid, is daar ook oor die algemeen ŉ hoë mate van betrokkenheid verkry, hoewel die konstruk van interaksie ŉ effens laer betrokkenheid getoon het. Die bevindinge het voorts gedui dat pleegvaders nie alleen die instrumentele rol vertolk het nie, maar ook ŉ prominente ekspressiewe rol in die pleeggesin vertolk het.

Bevindinge vanuit die korrelasie-analise gevind dui aan dat hoe ouer die pleegvader was, hoe minder betrokke was hulle by die pleegkinders. Voorts is gevind dat hoe ouer die pleegkind was, hoe laer was die pleegvader se betrokkenheid. Ras het ook ŉ invloed op die algehele betrokkenheid van die pleegvaders gehad, maar geen korrelasie is gevind tussen die werkstatus van die pleegvader en sy betrokkenheid by sy pleegkind nie.

Pleegvaders is ook die geleentheid gegee om in hul eie woorde hul betrokkenheid by hul pleegkinders te beskryf. Die temas wat hieruit geïdentifiseer is, het gefokus op emosionele ondersteuning, sosialiseringstaak, bied van ekonomiese sekuriteit en sy interaksie met die pleegkind. Die temas stem dus sterk ooreen met die gesinsfunksies wat in Hoofstuk 2 bespreek is en die konsep van interaksie; een van die konstrukte van vaderlike betrokkenheid.

**Gevolgtrekking:**

- Pleegvaders het ŉ hoë mate van betrokkenheid getoon ten opsigte van direkte interaksie en kontak met die pleegkinders. Hierdie interaksie was meer binne die gesinsopset en minder merkbaar in die ander sisteme van die kind, byvoorbeeld die skool, kerk- en sportaktiwiteite.
- Pleegvaders het ŉ hoë mate van betrokkenheid getoon ten opsigte van hul beskikbaarheid rakende tyd en fisiese teenwoordigheid vir hul pleegkinders.
- Pleegvaders het ŉ hoë mate van betrokkenheid getoon ten opsigte van hul verantwoordelikheid vir hul pleegkinders, ten opsigte van die neem van besluite en die voorsiening van lewensmiddele.



© University of Pretoria

- Pleegvaders het verantwoordelikheid geneem vir beide die instrumentele en die ekspressiewe rol in die gesin. Die laasgenoemde kan van waarde wees in die ondersteuning van pleegkinders wat dikwels voorheen aan trauma blootgestel is.
- Pleegvaders het hul eie rol as belangrik geag ten opsigte van die emosionele ondersteuning en sosialisering van die pleegkind, die verskaffing van lewensmiddele en interaksie met die pleegkind. Dit dui op die rol van die pleegvaders in die vervulling van die funksies van die gesin.
- Pleegvaders se betrokkenheid by hul pleegkinders was nie noodwendig afhanklik van of hulle voltyds werk of meestal tuis is nie.
- Pleegvaders se betrokkenheid by hul pleegkinders kon deur faktore soos die ouderdom van die pleegvader en die ouderdom van die pleegkind beïnvloed word.
- Pleegvaders se hoë algehele vlak van betrokkenheid dui daarop dat hulle verantwoordelikheid geneem het om 'n bydrae te lewer in die vervulling van die gesinsfunksies en gesinsrolle, spesifieke die vaderrol, wat in alle gesinne van belang is.

**Aanbevelings:**

- Dienslewering aan pleeggesinne kan voordeel trek uit die betrokkenheid van die vaders en hulle by dienslewering betrek. Dit kan bydra tot stabiliteit van pleegsorgplasings en die algehele welsyn van die pleegkind.
- Die pleegsorgstelsel mag nie as 'n armoedeverligtingsprogram gebruik word ten koste van professionele hulpverlening deur maatskaplike werkers nie. Maatskaplike werkers behoort eerstens vir voorkomings- en intervensieprogramme aangewend te word en ander vorme van dienslewering kan deur maatskaplike hulpwerkers of vrywilligers verleen word.
- Om die werklas in die pleegsorgpraktyk meer ekonomies en hanteerbaar te maak vir maatskaplike werkers, behoort pleegsorgdienste meer in groepverband gedoen te word deur opleidings- en moniteringsgroepe vir pleegouers en groepe vir pleegkinders volgens spesifieke behoeftes saam te stel.
- Maatskaplike werkdienste behoort die pleegvader ook in te sluit en hierdie dienste kan gerig word om die pleegvaders te motiveer en in te lig oor die voordele wat hul betrokkenheid by pleegkinders kan inhou.



© University of Pretoria

- Waar pleegvaders veral reeds bejaard is, moet hulle aangemoedig word om nog ŉ aktiewe inset in die lewe van die pleegkind te lewer.
- Spesialiteitsposte behoort ingestel te word vir die werwing, keuring, opleiding en registrasie van pleegouers om die tekort aan pleegouers aan te spreek.
- Hierdie navorsing was op ŉ kwantitatiewe vlak gedoen om insig na die aard van vaderlike betrokkenheid van pleegvaders te kry. Verdere kwalitatiewe navorsing kan gefokus word om spesifiek die vaderlike betrokkenheid van die pleegvaders te verbeter.
- Moontlike pleegsorgplasings waar daar ŉ vader teenwoordig is, moet deur maatskaplike werkers aangemoedig word.
